

Jaarlikse Prestasieplan vir 2021/22



EKONOMIESE

ONTWIKKELING VEN TOERISME

**Jaarlikse Prestasieplan vir
2021/22**

VERKLARING VAN UITVOERENDE OWERHEID

Ons kon nie die storm wat ons met die Covid-19 pandemie in Maart 2020 getref het voorsien het nie. Die ekonomie in die Wes-Kaap is swaar getref deur die pandemie en besighede worstel steeds met groot uitdagings wat aanleiding gee tot aansienlike werksverliese.

Dit is waarom die Departement van Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme so hard gewerk het om besighede te help om op 'n veilige en verantwoordelike wyse te bly sake doen sodat ons werksgeleenthede en die ekonomie van die Wes-Kaap kan red.

Hierdie werk gaan voort terwyl ons as 'n saak van dringendheid die Wes-Kaapse Herstelplan met sy drie pilare van Werkskepping, Veiligheid en Waardigheid implementeer.

Hierdie pilare is verwant aan mekaar en is daarop gemik om 'n instaatstellende omgewing vir werkskepping te fasiliteer, hoofsaaklik deur die ondersteuning van die privaatsektor en markte, wat op sy beurt sal lei tot verbeterde welsyn en veiligheid.

Die instaatstellende omgewing wat die ekonomie sal laat groei en meer werk sal skep, sal verweselik word deur op die volgende inisiatiewe te konsentreer:

- Versnelling van gemak waarmee sake gedoen kan word
- Gee beleggings en uitvoere 'n hupstoot
- Uitbreiding van aantal werksgeleenthede en vaardighede vir mense sonder werk
- Ekonomiese veerkragtigheid
- Verbetering van infrastruktuur

Die Wes-Kaapse Herstelplan is belyn met die Provinsiale Strategiese Plan (2019-2024), waarkragtens die Departement van Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme 'n mandaat ontvang het om die Wes-Kaapse Regering se agenda vir Visie-Geïnspireerde Prioriteit 2 (VIP 2) wat op ekonomiese groei en werksgeleenthede fokus te lei.

In die verwesenliking van hierdie doel, sal die Departement sy aktiwiteite daarop fokus om die mededingendheid van die provinsie te verbeter deur beleggings aan te moedig, deur verhandelbare sektore te skep, in infrastruktuur te belê en uitvoere in die Wes-Kaap uit te brei.

Die Departementshoof, senior bestuur en personeel van DEOT het my volle steun soos wat hulle voortgaan met die implementering van hierdie Jaarlikse Prestasieplan.

Ons sal die sakewêreld ondersteun deur gehoor te gee aan besighede en om oop te bly vir besigheid. Ons sien uit na vrugbare samewerking met die sakesektor, wat verbind bly om 'n bydrae te maak tot 'n gedeelde visie van 'n voorspoedige Wes-Kaapse ekonomie.



MNR DAVID MAYNIER

Minister van Finansies en Ekonomiese Geleenthede

9 Maart 2021

VERKLARING VAN DIE REKENPLIGTIGE BEAMPTTE

Die koronavirus het die wêreld-ekonomie geknou. Globale BNP het die skerpste daling sedert die einde van die Tweede Wêreldoorlog beleef in 2020, miljoene is werkloos of tydelik ontslaan, en regerings het triljoene dollar in hulle ekonomieë ingepomp om groter skade te voorkom. Die presiese vorm wat die 2021 herstel sal aanneem is nog uiters onseker.

Sake-sektore soos die reis- en toerismebedryf is erg getref deur die ekonomiese ontwrigting as gevolg van die uitbreek van die virus en stoei steeds om te herstel terwyl opeenvolgende golwe van die pandemie die wêreld tref. Die lugrederybedryf, globale aanvraag na olie (die verbruik van vervoerbrandstof bly steeds laag) en globale verskaffingskettings was almal ongevalle van hierdie ontwrigting. Die beperking of kwarantynmaatreëls het beperkte verskaffingskettings en strengere krediet tot gevolg gehad.

Daar sal 'n voortgesette behoefte aan regeringsbesteding wees om die risiko te verminder van permanente skade aan die ekonomie veroorsaak deur hierdie globale pandemie wat inkrimpings in BNP veroorsaak vir meeste ekonomieë, wat ongeëwenaard is in die moderne geskiedenis. Terwyl die wêreld nou besig is met die ontwikkeling van entstof en die beplanning vir die verspreiding daarvan, sal die globale fokus in 2021 op die herstimulering van ekonomiese voorspoed val. Ons Wes-Kaapse Herstelplan voorsien dat ons slegs sodanige voorspoed sal kan herwin indien ons ekonomie groei en die inwoners van die Wes-Kaap inkomste genereer.

Voor die pandemie was die Suid-Afrikaanse ekonomie alreeds gestrem deur strukturele kwessies soos vaardigheidswanbalanse, lae produktiwiteit, gebrek aan mededingendheid, infrastruktuur-agterstande, rompslomp en gebrek aan energiesekeuriteit.

Omdat die Covid-19 pandemie die ekonomiese uitdagings wat ervaar word deur die nasionale en provinsiale ekonomie vererger het, het die Wes-Kaapse Regering 'n herstelplan ontwikkel, met werksgeleenthede as die sleutelkonsep. Die Werksgeleenthede tema in die Provinsiale Wes-Kaapse Herstelplan bou voort op die onmiddellike intervensies terwyl dit ook die sistemiese uitdagings hierbo genoem sal aanspreek.

In die 2021/2022 boekjaar gaan die Departement dus voort met die skepping an 'n instaatstellende werkskeppingsomgewing hoofsaaklik deur ondersteuning aan die privaatsektor en markte, om sodoende ook welstand en veiligheid te verbeter. Die instaatstellende omgewing om die ekonomie te stimuleer en werk te skep sal deur die volgende areas behaal word:

- Gemak waarmee sake gedoen kan word
- Verbetering van belegging en uitvoere
- Verbetering van infrastruktuur
- Vermeerdering van werksgeleenthede
- Ekonomiese veerkragtigheid

Die Departement, soos baie ander organisasies, staar verskeie beperkings in die gesig wat die implementering van hierdie plan kan rem. Sommige van hierdie onmiddellike uitdagings is die behoefte aan fiskale besuiniging en herprioritisering van hulpbronne om die gevolge van die pandemie te bestuur. Die Departement is deeglik bewus hiervan en dit is sigbaar in elke fase van die ontwikkeling van die Jaarlikse Prestasieplan. Die Departement sal steeds daarna strew om die plan uit te voer in lyn met sy gestelde en gevestigde doelwit van groei vir die Wes-Kaapse ekonomie. Strategiese keuses ten opsigte van

intervensies sal kernfokuspunte vorm om te verseker dat die Departement bly lewer soos uiteengesit. Finansiële en menslike hulpbronne wat vir implementasie vereis word sal ook hersien, geprioritiseer en belyn word met sleutelareas om te verseker dat lewering beide gesond en belyn is met strategiese doelwitte.

Die Departement bly verbind tot sy diensleweringmandaat en ons wil graag ons ondersteuningsagentskappe, belanghebbendes en ons kliënte bedank – die besighede wat sowel toegewyd en optimisties is oor die lewering van 'n bydrae tot 'n gedeelde ekonomiese visie vir die Wes-Kaap.



MR SOLLY FOURIE

Rekenpligtige Beampte van die Departement van Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme

9 Maart 2021

AMPTELIKE AFTEKENING

Hiermee word gesertifiseer dat hierdie Jaarlikse Prestasieplan:

- Ontwikkel is deur die bestuur van die Departement van Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme onder leiding van minister David Maynier.
- Al die tersaaklike beleid, wetgewing en ander mandate waarvoor die DEOT verantwoordelik is in berekening bring.
- Die Uitkomste en Uitsette wat die Departement van Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme in die tydperk 2020/2021 sal probeer behaal, akkuraat weerspieël.

Goedgekeur deur:

JOHN PETERS

Programbestuurder: Geïntegreerde
Ekonomiese Ontwikkelingsdienste

Handtekening:



ILSE VAN SCHALKWYK

Programbestuurder: Handels- en Sektorale Ontwikkeling

Programbestuurder: Toerisme, Kuns en Vermaak

Handtekening



PHENIAS NCUBE

Programbestuurder: Sakeregulering (Waarnemend)


Handtekening



NEZAAM JOSEPH

Programbestuurder: Vaardigheidsontwikkeling en Innovering

Handtekening:



MY

Programbestuurder: Administrasie

Hoof- Finansiële Beampste



Handtekening

RASHID TOEFY

Visedirekteur-generaal: Ekonomiese Werksaamhede




Handtekening

JO-ANN JOHNSTON

Programbestuurder: Ekonomiese Beplanning

Visedirekteur-generaal: Strategiese Ekonomiese Versnellers en Ontwikkeling

Hoofbeampte verantwoordelik vir Beplanning



Handtekening

SOLLY FOURIE

Rekenpligtige Beampte



Signature:

DAVID MAYNIER

Uitvoerende Owerheid

INHOUD

ii	VERKLARING VAN DIE UITVOERENDE OWERHEID
iii	VERKLARING VAN DIE REKENPLIGTIGE BEAMPTE
iv	AMPTELIKE AFTEKENING
7	DEEL A: ONS MANDAAT
8	1. TERSAAKLIKE WETGEWENDE EN BELEIDSMANDATE
10	2. INSTITUSIONELE BELEID EN STRATEGIEË
14	3. BYWERKING VAN TERSAAKLIKE HOFUITSPRAKE
17	DEEL B: ONS STRATEGIESE FOKUS
18	4. SITUASIE-ONTLEDING
18	4.1 EKSTERNE OMGEWING-ONTLEDING
26	4.2 INTERNE OMGEWING-ONTLEDING
35	DEEL C: DIE MEET VAN PRESTASIE
36	5. PROGRAM 1: ADMINISTRASIE
36	5.1 DOEL
36	5.2 SUBPROGRAM 1.1: KANTOOR VAN DIE DEPARTEMENTSHOOF
36	5.2.1 Doel
36	5.3 SUBPROGRAM 1.2: FINANSIËLE BESTUUR
36	5.3.1 Doel
36	5.3.2 Subprogram 1.2: Uitkomste, Uitsette, Prestasie-aanwysers en Teikens
37	5.3.3 Subprogram 1.2: Aanwysers, Jaarlikse en Kwartaallikse Teikens
38	5.3.4 Verduideliking van Beplande Prestasie oor die Mediumtermyn-tydperk
39	5.3.5 Subprogram 1.2: Hoofrisiko's
40	5.4 SUBPROGRAM 1.3: KORPORATIEWE DIENSTE

40	5.4.1 Doel
40	5.4.2 Departementele Prestasiemonitering
40	5.4.2.1 Departementele Prestasiemonitering: Uitkomste, Uitsette, Prestasie-aanwysers en Teikens
40	5.4.2.2 Departementele Prestasiemonitering: Aanwysers, Jaarlikse en Kwartaallikse Teikens
40	5.4.2.3 Verduideliking van Beplande Prestasie oor die Mediumtermyn Tydperk
41	5.4.2.4 Departementele Prestasiemonitering: Hoofrisiko's
42	5.4.3 Departementele Kommunikasie
42	5.4.3.1 Departementele Kommunikasie: Uitkomste, Uitsette, Prestasie-aanwysers en Teikens
42	5.4.3.2 Departementele Kommunikasie: Aanwysers, Jaarlikse en Kwartaallikse Teikens
42	5.4.3.3 Verduideliking van Beplande Prestasie oor die Mediumtermyn Tydperk
43	5.4.3.4 Departementele Kommunikasie: Hoofrisiko's
44	5.5 PROGRAMHULPBRONORWEGINGS
47	6. PROGRAM 2: GEÏNTEGREERDE EKONOMIESE ONTWIKKELINGSDIENSTE
48	6.1 DOEL
49	6.2 SUBPROGRAM 2.1: ONDERNEMINGSONTWIKKELING
49	6.2.1 Doel
49	6.2.2 Subprogram 2.1: Uitkomste, Uitsette, Prestasie-aanwysers en Teikens,
49	6.2.3 Subprogram 2.1: Aanwysers, Jaarlikse en Kwartaallikse Teikens
49	6.2.4 Verduideliking van Beplande Prestasie oor die Mediumtermyn Tydperk
54	6.2.5 Subprogram 2.1: Hoofrisiko's
56	6.3 SUBPROGRAM 2.2: STREEKS- EN PLAASLIKE EKONOMIESE ONTWIKKELING
56	6.3.1 Doel
56	6.3.2 Subprogram 2.2: Uitkomste, Uitsette, Prestasie-aanwysers en Teikens
56	6.3.3 Subprogram 2.2: Aanwysers, Jaarlikse en Kwartaallikse Teikens
56	6.3.4 Verduideliking van Beplande Prestasie oor die Mediumtermyn Tydperk
59	6.3.5 Subprogramme 2.2: Hoofrisiko's
59	6.4 SUBPROGRAM 2.3: EKONOMIESE BEMAGTIGING

6.5 SUBPROGRAM 2: HANDELS EN SEKTORALE ONTWIKKELING

6.5.1 Doel

7.1 DOEL

6.5.2 Subprogram 2.4: Uitkomste, Uitsette, Prestasie-aanwysers en Teikens

7.2 SUBPROGRAM 3.1: BEVORDERING VAN HANDEL EN BELEGGING

6.5.3 Subprogram 2.4: Aanwysers, Jaarlikse en Kwartaallikse Teikens

6.5.4 7.2.1 Doel
Verduideliking van Beplande Prestasie oor die Mediumtermyn Tydperk

6.5.5 Subprogram 2.4: Hoofrisiko's
7.2.2 Subprogram 3.1: Uitkomste, Uitsette, Prestasie-aanwysers en Teikens

6.6 PROGRAMHULPBRONOORWEGINGS

7.2.3 Subprogram 3.1: Aanwysers, Jaarlikse en Kwartaallikse Teikens

7.2.4 Verduideliking van Beplande Prestasie oor die Mediumtermyn Tydperk

7.3 SUBPROGRAM 3.2: SEKTORALE ONTWIKKELING

7.3.1 Doel

7.3.2 Subprogram 3.2: Uitkomste, Uitsette, Prestasie-aanwysers en Teikens

7.3.3 Subprogram 3.2: I Aanwysers, Jaarlikse en Kwartaallikse Teikens

7.3.4 Verduideliking van Beplande Prestasie oor die Mediumtermyn Tydperk

7.3.5 Program 3: Hoofrisiko's

7.4 PROGRAMHULPBRONOORWEGINGS

7.5 OPENBARE ENTITEITE

8. PROGRAM 4: SAKEREGULERING EN STAATSBESTUUR

8.1 PURPOSE

8.2 SUBPROGRAM 4.1: VERBRUIKERSBESKERMING

8.2.1 Doel

8.2.2 Subprogram 4.1: Uitkomste, Uitsette, Prestasie-aanwysers en Teikens

8.2.3 Subprogram 4.1: Aanwysers, Jaarlikse en Kwartaallikse Teikens

8.2.4 Verduideliking van Beplande Prestasie oor die Mediumtermyn-tydperk

8.2.5 Subprogram 4.1: Hoofrisiko's

8.3 PROGRAMHULPBRONNORWEGINGS

9. PROGRAM 5: EKONOMIESE BEPLANNING

9.1 DOEL

9.2 SUBPROGRAM 5.1: EKONOMIESE BELEID EN BEPLANNING

9.2.1 Doel

9.2.1.1 Subprogram 5.2: Navorsing en Ontwikkeling

9.2.1.2 Doel

9.2.3 Subprogram 5.1 and Subprogram 5.2: Aanwysers, Jaarlikse en Kwartaallikse Teikens

9.2.4 Verduideliking van Beplande Prestasie oor die Mediumtermyn-tydperk

9.2.5 Subprogram 5.1 and 5.2: Hoofrisiko's

9.3 SUBPROGRAM 5.3: KENNISBESTUUR

9.3.1 Doel

9.3.2 Subprogram 5.3: Uitkomste, Uitsette, Prestasie-aanwysers en Teikens

9.3.3 Subprogram 5.3: Aanwysers, Jaarlikse en Kwartaallikse Teikens

9.3.4 Verduideliking van Beplande Prestasie oor die Mediumtermyn-tydperk

9.3.5 Subprogram 5.3: Hoofrisiko's

9.4 SUBPROGRAM 5.5: INSTAATSTELLENDEN GROEI-INFRASTRUKTUUR EN -INISIATIEWE

9.4.1 Doel

9.4.2 Subprogram 5.5: Uitkomste, Uitsette, Prestasie-aanwysers en Teikens

9.4.3 Subprogram 5.5: Aanwysers, Jaarlikse en Kwartaallikse Teikens

9.4.4 Verduideliking van Beplande Prestasie oor die Mediumtermyn-tydperk

9.4.5 Subprogram 5.5: Hoofrisiko's

9.5 SUBPROGRAM 5.6: BREËBAND VIR DIE EKONOMIE (OFTWEL DIGITALE EKONOMIE)

9.5.1 Doel

9.5.2 Subprogram 5.6: Uitkomste, Uitsette, Prestasie-aanwysers en Teikens

102	9.5.3 Subprogram 5.6: Aanwysers, Jaarlikse en Kwartaallikse Teikens
102	9.5.4 Verduideliking van Beplande Prestasie oor die Mediumtermyn-tydperk
104	9.5.5 Subprogram 5.6: Hoofrisiko's
104	9.6 SUB-PROGRAM 5.7: GROEN EKONOMIE
104	9.6.1 Doel
104	9.6.2 Subprogram 5.7: Uitkomste, Uitsette, Prestasie-aanwysers en Teikens
104	9.6.3 Subprogram 5.7: Aanwysers, Jaarlikse en Kwartaallikse Teikens
105	9.6.4 Verduideliking van Beplande Prestasie oor die Mediumtermyn-tydperk; Ekonomiese risiko, veerkragtigheid en klimaatsverandering
111	9.6.5 Subprogram 5.7: Hoofrisiko's
112	9.7 PROGRAMHULPBRONORWEGINGS
113	9.8 OPENBARE ENTITEITE
115	10. PROGRAM 6: TOERISME, KUNS EN VERMAAK
116	10.1 DOEL
116	10.2 SUBPROGRAM 6.1: TOERISMEBEPLANNING
116	10.2.1 Doel
116	10.2.2 Subprogram 6.1: Uitkomste, Uitsette, Prestasie-aanwysers en Teikens
116	10.2.3 Subprogram 6.1: Aanwysers, Jaarlikse en Kwartaallikse Teikens
116	10.2.4 Verduideliking van Beplande Prestasie oor die Mediumtermyn-tydperk
117	10.2.5 Subprogram 6.1: Hoofrisiko's
117	10.3 SUBPROGRAM 6.2: TOERISMEGROEI EN -ONTWIKKELING
117	10.3.1 Doel
117	10.3.2 Subprogram 6.2: Uitkomste, Uitsette, Prestasie-aanwysers en Teikens
118	10.3.3 Subprogram 6.2: Aanwysers, Jaarlikse en Kwartaallikse Teikens
118	10.3.4 Verduideliking van Beplande Prestasie oor die Mediumtermyn-tydperk

119	10.3.5 Subprogram 6.2: Hoofrisiko's
119	10.4 SUBPROGRAM 6.3 TOERISESEKTOR-TRANSFORMASIE
119	10.4.1 Doel
119	10.4.2 Subprogram 6.3: Uitkomste, Uitsette, Prestasie-aanwysers en Teikens
120	10.4.3 Subprogram 6.3: Aanwysers, Jaarlikse en Kwartaallikse Teikens
120	10.4.4 Verduideliking van Beplande Prestasie oor die Mediumtermyn-tydperk
123	10.4.5 Subprogram 6.3: Hoofrisiko's
123	10.5 SUBPROGRAM 6.4: TOERISEBESTEMMINGSBEMARKING
123	10.5.1 Doel
123	10.5.2 Subprogram 6.4: Uitkomste, Uitsette, Prestasie-aanwysers en Teikens
123	10.5.3 Subprogram 6.4: I Aanwysers, Jaarlikse en Kwartaallikse Teikens
123	10.5.4 Verduideliking van Beplande Prestasie oor die Mediumtermyn-tydperk
125	10.5.5 Subprogram 6.4: Hoofrisiko's
125	10.6 PROGRAMHULPBRONORWEGINGS
126	10.7 OPENBARE ENTITEITE
129	11. PROGRAM 7: VAARDIGHEIDSONTWIKKELING EN INNOVERING
130	11.1 DOEL
130	11.2 SUBPROGRAM 7.1: PROVINSIALE VARADIGHEDE EN VENNOOTSKAP
130	11.2.1 Doel
130	11.2.2 Subprogram 7.1: Uitkomste, Uitsette, Prestasie-aanwysers en Teikens
130	11.2.3 Subprogram 7.1: Aanwysers, Jaarlikse en Kwartaallikse Teikens
130	11.2.4 Verduideliking van Beplande Prestasie oor die Mediumtermyn-tydperk
132	11.2.5 Subprogram 7.1: Hoofrisiko's
133	11.3 SUBPROGRAM 7.2: VAARDIGHEIDSPROGRAMME EN -PROJEKTE
133	11.3.1 Doel
133	11.3.2 Subprogram 7.2: Uitkomste, Uitsette, Prestasie-aanwysers en Teikens
133	11.3.3 Subprogram 7.2: Aanwysers, Jaarlikse en Kwartaallikse Teikens

133	11.3.4 Verduideliking van Beplande Prestasie oor die Mediumtermyn-tydperk
135	11.3.5 Subprogram 7.2: Hoofrisiko's
135	11.4 SUBPROGRAM 7.3: VAARDIGHEIDSAANSPORINGS
135	11.4.1 Doel
135	11.4.2 Subprogram 7.3: Uitkomste, Uitsette, Prestasie-aanwysers en Teikens

INHOUD

135	11.4.3 Subprogram 7.3: Aanwysers, Jaarlikse en Kwartaallikse Teikens
135	11.4.4 Verduideliking van Beplande Prestasie oor die Mediumtermyn-tydperk
136	11.4.5 Subprogram 7.3: Hoofrisiko's
137	11.4.6 Programhulpbronoorwegings
138	12. BYGEWERKTE HOOFRISIKO'S EN RISIKOVERMINDERINGS UIT DIE STRATEGIESE PLAN
140	13. OPENBARE ENTITEITE
140	14. INFRASTRUKTUURPROJEKTE
140	15. OPENBARE-PRIVATE VENNOOTSKAPPE
143	AFDELING D: TEGNIESE AANWYSER-BESKRYWINGS (TAB)
144	PROGRAM 1: ADMINISTRASIE
144	Subprogram 1.2 Finansiële Bestuur
151	Subprogram 1.3 Korporatiewe Dienste
156	PROGRAM 2: GEÏNTEGREERDE EKONOMIESE ONTWIKKELINGSDIENSTE
156	Subprogram 2.1: Ondernemingsontwikkeling
158	Subprogram 2.2: Streeks- en Plaaslike Ekonomiese Ontwikkeling
162	Subprogram 2.4 Rompslompvermindering
168	PROGRAM 3: HANDELS- EN SEKTORALE ONTWIKKELING
168	Subprogram 3.1: Bevordering van Handel en Belegging
170	Subprogram 3.2: Sektorale Ontwikkeling
172	PROGRAM 4: SAKEREGULERING EN STAATSBESTUUR
172	Subprogram: Verbruikersbeskerming
176	PROGRAM 5: EKONOMIESE BEPLANNING
176	Subprogram 5.1: Ekonomiese Beplanning en Beleid

- 176 Subprogram 5.2: Navorsing en Ontwikkeling
- 177 Subprogram 5.3: Kennisbestuur
- 178 Subprogram 5.5: Instaatstelling van Groei-infrastruktuur en Inisiatiewe
- 180 Subprogram 5.6: Breëband vir die Ekonomie (oftewel Digitale Ekonomie)
- 182 Subprogram 5.7: Groen Ekonomie

184 **PROGRAM 6: TOERISME, KUNS EN VERMAAK**

- 184 Subprogram 6.1: Toerismebeplanning
- 185 Subprogram 6.2: Toerismegroei en -ontwikkeling
- 187 Subprogram 6.3 Transformasie van die Toerismesektor

196 **PROGRAM 7: VAARDIGHEIDSONTWIKKELING EN INNOVERING**

- 196 Subprogram 7.1: Provinsiale Vaardighede en Vennootskap
- 198 Subprogram 7.2: Vaardigheidsprogramme en -projekte
- 200 Subprogram 7.3: Vaardigheidsaansporings

202 **BYLAES TOT DIE JAARLIKSE PRESTASIEPLAN**

- 202 Bylae A: Wysigings tot die Strategiese Plan
- 202 Bylae B: Voorwaardelike Toelaes
- 202 Bylae C: Gekonsolideerde Aanwysers

AFDELING A:

ONS MANDAAT

Department of Economic Development and Tourism



GRONDWETLIKE MANDAAT

Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996

Skedule 4 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika lys die funksionele gebiede van gelyklopende nasionale en provinsiale wetgewende regsbevoegdheede. Die gebiede wat tersaaklik is vir Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme (DEOT) is die volgende:

- Verbruikersbeskerming;
- Nywerheidsbevordering;
- Toerisme; en
- Handel.

Skedule 4B van die Grondwet identifiseer Plaaslike Toerisme as 'n plaaslike regeringsaangeleentheid van samelopende Nasionale en Provinsiale wetgewende bevoegdheid soos uiteengesit in artikel 155(6)(a) en (7) van die Grondwet.

1. TERSAAKLIKE WETGEWENDE EN BELEIDSMANDATE

Verskeie wette speel 'n rol in DEOT se werk. Die belangrikste wetgewing en beleid is die volgende:

Wet op Breëbasis Swart Ekonomiese Bemagtiging, 2003 (Wet 53 van 2003)

Hierdie Wet is transversale wetgewing met normale nakomingsvreistes van toepassing op alle Departemente. Dit skep 'n wetgewende raamwerk vir die bevordering van swart ekonomiese bemagtiging, bemagtig die nasionale Minister om kodes van goeie praktyk uit te vaardig en om transformasiehandveste te publiseer, stig die Adviesraad vir Swart Ekonomiese Bemagtigings en maak voorsiening vir sake wat daaruit voortspruit.

Wet op Besighede, 1991 (Wet 71 van 1991)

Die Wet maak voorsiening vir die lisensiëring en bedryf van besighede en sake wat daarmee verband hou.

Wet op Verbruikersbeskerming, 2008 (Wet 68 van 2008)

Die Wet bevorder 'n billike, toeganklike en volhoubare mark vir verbruikersprodukte en -dienste, en met daardie doel voor oë bepaal die Wet nasionale norme en standaarde in verband met verbruikersbeskerming, maak voorsiening vir verbeterde standaarde van verbruikersinligting, bevorder verantwoordelike verbruikersgedrag,

bevorder 'n konsekwente wetgewende en toepassingsraamwerk wat betref verbruikerstransaksies en ooreenkomste, en roep die Nasionale Verbruikerskommissie in die lewe.

Nasionale Wet op Klein Ondernemings, 1996 (Wet 102 van 1996)

Die Wet maak voorsiening vir die instelling van die Adviesraad en die Ontwikkelingsagentskap vir Klein Ondernemings en voorsien riglyne vir staatsentiteite ten einde klein besighede in die Republiek te bevorder, en vir sake wat daarmee verband hou.

Wet op die Saldanhabaai-nywerheidsonwikkelingsone-lisensiëringsmaatskappy, 2016 (Wet 1 van 2016)

Die doel van die Wet is om die werksaamhede van die Saldanhabaai-nywerheidsonwikkelingsone-lisensieringsmaatskappy (SBNOS-LiMa) Staatsbeheerde Maatskappy (SBM) Bpk. te reguleer, om voorsiening te maak vir die aandeelhouding van die Wes-Kaapse Regering (WKR) in die SBNOS-LiMa SBM Bpk, en om voorsiening te maak vir die doelstellings, funksies en bestuur van die SBNOS-LiMa SBM Bpk. ken vir sake wat daarmee verband hou.

Wet op Koöperasies, 2005 (Wet 14 van 2005)

Die Wet erken die behoefte aan die registrasie van koöperasies, in ooreenstemming met nasionale, provinsiale en plaaslike regering se transversale beleid en statutêre reguleringsraamwerke, sowel as die behoefte aan die ontwikkeling van 'n lewensvatbare, outonome, selfstandige en selfvolhoubare koöperatiewe beweging om gemeenskapsontwikkeling en entrepreneurskap te bevorder, werk te skep, armoede uit te roei en om die sosio-ekonomiese welstand van die lede van koöperasies te verbeter, in ooreenstemming met kooperatiewe beginsels.

Wet op die Lidmaatskap van die Wes-Kaapse Ekonomiese Ontwikkelingsvennootskap, 2013 (Wet 12 van 2013)

Die doel van die Wet is om voorsiening te maak vir die Provinsiale Regering se lidmaatskap van die Wes-Kaapse Ekonomiese Ontwikkelingsvennootskap MNW, om die oordrag van fondse aan sodanige Ontwikkelingsvennootskap te reguleer, en vir sake wat daarmee in verband staan.

Wet op die Kaapstadse Internasionale Konvensiesentrum-maatskappy, 2000 (Wet 8 van 2000)

Die doel van die Wet is om voorsiening te maak vir die Provinsie se aandeelhouding in die Kaapstadse Internasionale Konvensiesentrum (KIKS)-maatskappy, die befondsing wat die Provinsie aan die Maatskappy verskaf het, en vir sake wat daarmee in verband staan.

Wet op Spesiale Ekonomiese Sones, 2014 (Wet 16 van 2014)

Die doel van die Wet is om voorsiening te maak vir die aanwysing, bevordering, ontwikkeling, bedryf en bestuur van Spesiale Ekonomiese Sones, om voorsiening te maak vir die vestiging, aanstelling van lede en funksionering van die Adviesraad vir Spesiale Sones en om voorsiening te maak vir die stigting van die Spesiale Ekonomiese Sones Fonds. Die Wet reguleer voorts ook die aansoekprosedure, uitreiking, opskorting, terugtrekking en oordrag van Spesiale Ekonomiese Sones-bedryfspermitte, en maak voorsiening vir die werksaamhede van die Spesiale Ekonomiese Sones ondernemer, oorgangsreëlings en sake wat daarmee in verband staan.

Wet op die Wes-Kaapse Spesiale Ekonomiese Ontwikkelingsinfrastruktuurmaatskappy, 2019 (Wet 3 van 2019)

Die Wet maak voorsiening vir die instelling van 'n regspersoon bekend as die Wes-Kaapse Spesiale Ekonomiese Ontwikkelingsinfrastruktuurmaatskappy SBM Bpk, magtig die aandeelhouding van die Wes-Kaapse Regering in die maatskappy, maak voorsiening vir die magte en pligte van die maatskappy, asook die bestuur, staatsbestuur, befondsing en finansiële beheer daarvan, en vir sake wat daarmee in verband staan.

Wet op Toerisme, 2014 (Wet 3 van 2014)

Die Wet maak voorsiening vir die ontwikkeling en bevordering van volhoubare toerisme tot voordeel van die land, sy inwoners en besoekers, dit maak verder voorsiening vir die voorgesette bestaan van die Suid-Afrikaanse Toerisme Raad en die instelling van die Toerisme Graderingsraad, reguleer die toergidsbedryf en vir sake wat daarmee in verband staan. Dit maak spesifiek voorsiening vir die registrasie, voortgesette opleiding en 'n gedragskode vir toergidse, klagteprosedures en dissiplinêre maatreëls.

Wet op Wes-Kaapse Verbruikersake (Onbillike Sakepraktyke), 2002 (Wet 10 van 2002)

Die Wet maak voorsiening vir die ondersoek van, verbod op en beheer oor onbillike sakepraktyke en stig 'n Kantoor van die Verbruikersbeskermer (KBV) en Verbruikerstribunale.

Wet op die Wes-Kaapse Agentskap vir die Bevordering van Toerisme, Handel en Belegging, 1996 (Wet 3 van 1995)

Die Wet maak voorsiening vir die stigting, aanstellings, magte en funksies van die Wes-Kaapse Agentskap vir die Bevordering van Toerisme, Handel en Belegging (Wesgro) ten einde die ekonomiese groei van die provinsie te bevorder en te ondersteun, en vir sake wat daarmee in verband staan.

2. INSTITUSIONELE BELEID EN STRATEGIEË

Department van Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme VyfJaar-Strategie 2020 - 2025

DEOT se 2020 – 2025 vyfjaar-strategie bly onveranderd gegewe dat dit goed belyn is met die Provinsiale Strategiese Plan en die Wes-Kaapse Herstelplan. Dit bestaan uit 5 fokus areas, naamlik:

- Belegging deur bevordering en katalitiese infrastruktuur
- Uitbreiding van uitvoere
- Regstelling van vaardigheidsleemtes
- Versnelling van gemak waarmee sake gedoen kan word
- Hulpbronveerkragtigheid

Hierdie Departementele fokusgebiede en hulle onderskeie uitkomste vorm die grondslag van die DEOT se vyfjaar-strategie.

Raamwerk vir die Bestuur van Programprestasie-inligting (RBPPI, 2007)

Die RBPPI stippel kernkonsepte in die ontwerp en implementering van bestuurstelsels uit om prestasie-inligting in die openbare sektore te definieer, in te samel, te rapporteer en te gebruik. Die RBPPI beklemtoon dat prestasie-inligting noodsaaklik is om die aandag van die publiek en toesighoudende liggame te vestig op die vraag of openbare instansies waarde vir geld bied, deur hulle prestasie met begrotings en dienslewingsplanne te vergelyk en om bestuurders attent te maak op gebiede waar korrektiewe maatreëls vereis word.

Nywerheidsbeleid-aksieplan (NBAP/IPAP)

Die Nywerheidsbeleid-aksieplan (IPAP) is stewig verskans in die Regering se oorhoofse beleid en planne om die hoofuitdagings van ekonomiese en nywerheids groei en ras-gebaseerde armoede, ongelykheid en werkloosheid aan te spreek. IPAP 2018 is 'n produk van die Ekonomiese Sektore, Indiensneming- en Infrastruktuur-ontwikkelingsgroepering (ESEID). Die verantwoordelikheid vir die implementering daarvan berus by die Regering as geheel en 'n wye reeks van entiteite, insluitende SBM'e.

IPAP 2018 fokus op die volgende hoofemas wat die werk van die Department van Handel en Nywerheid (DHN) onderlê en dien as padkaart vir die breër nywerheids poging:

- Brei die ekonomie uit.

- Verstewig pogings om totale plaaslike aanvraag te verhoog – hoofsaaklik deur lokalisering van openbare verkryging en sterker pogings om die privaatsektor te oorreed om lokalisering en die ontwikkeling van plaaslike verskaffers te steun.
- Verskerping van Suid-Afrika se uitvoerpogings.
- Skep en verstewig beleidsekerheid en programbelyning.
- Verstewig voortgesette pogings om 'n minder gekonsentreerde en meer mededingende ekonomiese- en vervaardigingsomgewing te skep waarin toegangstruikelblokke vir nuwe deelnemers uit die weg geruim word.
- Bou 'n sterker stelsel van nywerheidsfinansiering en aansporings om hoër vlakke van privaatsektorbelegging in die produktiewe sektore van die ekonomie te ondersteun en te verseker en om uitvoere uit te brei.
- Gaan voort met tegnologie-intensiewe, waardetoevoegende benefisiëringsprojekte wat Suid-Afrika se relatief ryk hulpbronne ten volle benut vir 'n globale mededingende voordeel.
- Optimaliseer tegnologieoordrag en verspreiding en, in noue samewerking met die Departement van Wetenskap en Tegnologie, voortgesette versnelling van die poging om "inheemse" Navorsing en Ontwikkeling (N&O) in sleutelsektore te kommersialiseer.
- Ondersteun die verdere versterking van kragdoeltreffende produksie en koolstofverminderingpogings- en maatreëls op 'n wyse wat die kragintensiewe sektore van die ekonomie sal bystaan met volhoubare verandering en aanpassing ten einde sakemededingenheid te verseker en om uitvoergeleenthede in stand te hou en uit te brei.

- 10 Verstaan, begryp en berei voor vir die voorsienbare gevolge van die Digitale Nywerheidsomwenteling en ontluikende ontwrigtende ekonomieë; en aanpassing van SA se produktiewe en dienssektore, op samewerkende wyse, om hierdie uitdagings die hoof te bied, insluitende wat betref verskuiwings in indiensneming.

Nasionale Ontwikkelingsplan (NOP)

Die hoofkonsepte van die NOP is:

- Vereniging van Suid-Afrikaners rondom 'n gesamentlike program;
- Burgers neem aktief deel aan hulle eie ontwikkeling;
- Vinniger en meer inklusiewe ekonomiese groei;
- Die bou van bevoegdheids;
- 'n Bevoegde staat; en
- Leierskap en verantwoordelikheid op alle vlakke van die samelewing.

Die Suid-Afrikaanse Ekonomiese Rekonstruksie en Herstelplan, 2020

Die hoofkonsepte van die plan is:

- 'n Veldtog vir infrastrukturele belegging in samewerking met die privaatsektor om werkskepping te stimuleer.
- Versekering van kragsekuriteit deur die oopstel van die elektrisiteitsverskaffingsketting aan onafhanklike kragverskaffers.
- Digitale hupstoot met breedgebaseerde spektrum veilingsvordering en 'n verbintenis tot verbetering van die "staat" se kapasiteit.
- Verslapping van die regulatoriese raamwerk om die gemak waarmee sake gedoen kan word te verbeter en die meegaande inisiatief om klein sakeondernemings te ontwikkel.
- Die bekendstelling van e-visas om toerisme te bevoordeel.
- 'n Skema waarvolgens jong mense in diens geneem word om onderwysers by te staan met leer in skole.

Hierdie nasionale herstelplan vind weerklank in 'n aantal gebiede van die Wes-Kaapse Herstelplan se werksgeleentheids-tema.

Nasionale Evalueringsbeleid-raamwerk, 2011

Die Nasionale Evalueringsbeleid-raamwerk (NEBR), verskaf sowel die grondslag vir 'n minimum stelsel van evaluering op alle vlakke van regering en 'n gemeenskaplike taal vir evaluering in die staatsdiens. Die doel daarvan is om hoë-gehalte evaluerings te verseker wat inligting verskaf oor wat werk en wat nie, en om sodoende die doeltreffendheid en impak van die regering se werk te verhoog. Om prestasie te verbeter, beklemtoon die raamwerk die behoefte aan die gebruik van geloofwaardige en objektiewe getuienis wat deur evaluering verkry is vir beplanning, begroting, organisatoriese verbeterings en beleidshersiening en in program- en projekbestuur.

Nasionale Toerisme Herstelplan

Die Covid-19 pandemie het 'n diepgaande impak op die globale toerismesektor gehad. Regerings dwarsoor die wêreld moes noodsaaklike maatreëls implementeer om die verspreiding van die koronavirus te bekamp sodat die gesondheidssektore nie oorweldig word deur die oordragkoers nie. 'n Direkte gevolg hiervan was die globale beperking op bewegingsvryheid wat 'n negatiewe uitwerking gehad het op die globale toerismebedryf. Die Nasionale Toerisme Herstelstrategie is ontwikkel om herstel van toerisme in die nasleep van Covid te lei. Drie strategiese temas is sentraal tot Suid-Afrika se herstel: Die Herstimulering van Aanvraag, die Herlewing van Aanbod en die Versterking van Instaatstellende Bevoegdheid.

Onder hierdie temas word tien strategiese aanbevelings voorgestel tesame met spesifieke aksies, tydsraamwerke en verantwoordelikhede.

Nasionale Toerismesektorstrategie (NTSS)

Navorsing dui daarop dat daar steeds talle geleenthede vir toerismegroei in die land is wat nie ten volle ontgin word nie. Dit het daartoe aanleiding gegee dat die nuwe Nasionale Departement van Toerisme, onder leiding van die Minister van Toerisme, 'n nuwe inklusiewe proses ingestel het om 'n Nasionale Toerismesektorstrategie op te stel en te bestuur om die verantwoordelike uitbreiding van die toerismebedryf van 2010 tot 2020 te inspireer en te versnel.

Die NTSS stel drie kerntemas voor met spesifieke fokusgebiede wat 'n nasionale, provinsiale en plaaslike perpektief het.

TEMA 1: Die groei van toerisme en die ekonomie

- Om die toerismesektor se absolute bydrae tot die ekonomie te vergroot.
- Om uitstekende mense-ontwikkeling en ordentlike werk binne die toerismesektor te verskaf.
- Om binnelandse toerisme se bydrae tot die toerisme-ekonomie te verhoog.
- Om by te dra tot die streeks-toerisme-ekonomie.

TEMA 2: 'n Verbeterde besoekersondervinding

- Om 'n besoekersondervinding van wêreldgehalte te bied.
- Om 'n toerisme-kultuur by Suid-Afrikaners vas te lê.
- Om Suid-Afrika te posisioneer as 'n globaal-erkende toerismebestemming-handelsnaam.

TEMA: Volhoubaarheid en goeie staatsbestuur

- Om transformasie binne die toerismesektor teweeg te bring.
- Om die kwessies van geografiese, seisoenale en landelike verspreiding aan te spreek.
- Om 'verantwoordelike toerisme' praktyke binne die sektor te bevorder.
- Om die ekonomiese ontwikkeling van toerisme op plaaslike regeringsvlak te ontsluit.

EenKaap2040 is 'n doelbewuste poging om 'n oorgang na 'n meer inklusiewe en veerkragtige ekonomiese toekoms vir die Wes-Kaap te stimuleer. Dit is 'n visie en strategie vir die gemeenskap eerder as 'n plan vir die regering, alhoewel al drie vlakke van die regering noodsaaklik is vir die implementering daarvan. Dit vervang nie enige bestaande statutêre planne wat van die provinsie of Munisipaliteite vereis word nie. Dit word eerder bedoel as 'n verwysingspunt en gids vir alle belanghebbendes ten einde die volgende te bereik:

- Om vars denke en kritieke dialoog oor die toekoms aan te moedig;
- Om 'n gemeenskaplike agenda vir samewerking tussen private, openbare en burgerlike samelewing te verskaf;
- Om te help om regeringsaksies en beleggingsbesluite in ooreenstemming te bring;
- Om die veranderinge wat noodsaaklik is om by ons snel-veranderende plaaslike en globale konteks aan te pas te fasiliteer; en
- Om ons ontwikkelings-, volhoubaarheids-, inklusiwiteits- en mededingendheidsopdragte aan te spreek.

Provinsiale Strategiese Plan (PSP) 2019 - 2024

Die PSP 2019 – 2024 is 'n vyfjaar-plan wat die Wes-Kaapse Regerings se strategieë en planne vir die volgende vyf jaar uiteensit. Dit bestaan uit 5 Visie-geïnspireerde Prioriteite, naamlik

- Visie-geïnspireerde Prioriteit 1: Veilige en hegte gemeenskappe.
- Visie-geïnspireerde Prioriteit 2: Groei en werkseleenthede.

- Visie-geïnspireerde Prioriteit 3: Bemagtiging van mense.
- Visie-geïnspireerde Prioriteit 4: Mobiliteit en ruimtelike transformasie.
- Visie-geïnspireerde Prioriteit 5: Innovering en kultuur.

SA Connect

Die Suid-Afrikaanse Nasionale Breëbandbeleid (SANBB) (in Desember 2013 aanvaar) verskaf 'n raamwerk vir 'n gesonde telekommunikasie-omgewing in die land. In ooreenstemming met die NOP, is SA Connect van mening dat ekonomiese benefisiëring van breëbandinfrastruktuur slegs kan geskied onder die volgende omstandighede:

- Breëband moet 'n beduidende persentasie van Suid-Afrikaners bereik;
- Toegang tot breëband moet bekostigbaar wees;
- Vaardighede aan die aanvraagkant moet ontwikkel word sodat breëbanddienste doeltreffend gebruik kan word; en
- Vaardighede aan die verskafferskant moet ontwikkel word sodat die ekonomiese en innoverende potensiaal van breëband ontgin kan word.

Wes-Kaapse Breëband Strategiese Raamwerk (2012)

Die Wes-Kaapse Breëband Strategiese Raamwerk (WKBSR) sit 'n holistiese benadering uiteen om die volgende aan te spreek: toegang (infrastruktuur) en gereedheid en gebruik van die Regering, burgers en die sakewêreld om sodoende dienslewering deur die Staat te verbeter, om burgers se toegang tot geleenthede en inligting te verbeter en om ekonomiese mededingendheid te verskerp.

Wes-Kaapse Groen Ekonomie- Strategiese Raamwerk

Die oogmerk van die raamwerk is om die Wes-Kaap te posisioneer as die provinsie met die laagste koolstofvlakke en as die toonaangewende groen ekonomiese kernpunt op die vasteland van Afrika, wat volhoubare groen uitbreiding en ontwikkeling tot gevolg sal hê.

Wes-Kaapse Herstelplan

Die drie fokusgebiede wat gekies is as die pilare van die Wes-Kaapse Herstelplan is WERKSGELEENTHEDE, VEILIGHEID EN WELSTAND. Die werksgeleentheids-fokusgebied gee erkenning aan die feit dat alhoewel die privaatsektor die primêre werkverskaffer is, dit die rol van die WKR is om die instaatstellende omgewing daar te stel vir die volhoubaarheid van werkskepping en die verdien van inkomste.

Die Veiligheids-pilaar erken dat die WKR verbind is daartoe om die provinsie 'n veiliger plek te maak vir al sy inwoners en besoekers en om die oorsake en onderleggende risikofaktore wat tot gewelddadige en kriminele gedrag lei aan te spreek. Die grootste kans op sukses hiermee is deur 'n holistiese gemeenskapsbenadering te volg wat gebou is op sterk samewerking en vennootskappe waarbinne elke individu, ouer, organisasie en instelling hulle rol speel om geweld te verminder.

Die WKR het die welstand-pilaar sentraal geplaas tot dit wat die regering doen ten einde die basiese grondwetlike regte te laat realiseer en om die menslike waardigheid van al die inwoners van die Wes-Kaap te verseker. Dit beoog om menslike behoeftes soos opvoeding, gesondheid, veiligheid, woonplek en ordentlike lewensomstandighede aan te spreek asook toegang tot ekonomiese geleenthede

Die Werksgeleenthede-tema van die Wes-Kaapse Herstelplan is in ooreenstemming met die Provinsiale Strategiese Plan (PSP) en met die onmiddellike intervensies. Die primêre prioriteite van die Departement, in ooreenstemming met die Werksgeleenthede-tema van die Wes-Kaapse Herstelplan, is:

- Gemak waarmee sake gedoen kan word
- Beleggings en uitvoere
- Krag

Belyning van PSP, Wes-Kaapse Herstelplan en Onmiddellike Intervensies:

				Skep instaatstellende omgewing vir ekonomiese groei deur middel van hulpbronveerkragtigheid	
	I. Uitbreiding van beleggings	Bou en instandhouding van infrastruktuur	Skep van geleenthede vir werkskepping		
	II. Vergroting van die ekonomie deur uitbreiding van uitvoere		Deur vaardigheidsontwikkeling		
Ruimtelik					

Ondersteun KMMO's

Versnel gemak waarmee sake gedoen kan word

Versnel gemak waarmee sake gedoen kan word	Verhoog Beleggings en uitvoere (sektore)	Verbeter infrastruktuur	Uitbreiding van werkseleenthede en vaardighede vir mense sonder werk	Ekonomiese veerkragtigheid	
--	--	-------------------------	--	----------------------------	--

Tweede-orde Prioriteite – Ekonomiese Intelligensie & Kommunikasie

Grondliggend tot Grondslag en Ruimtelike Fokus

Gemaak waarmee sake gedoen kan word	Versnel privaatsektor belegging	Verbeter openbare infrastruktuur	Uitbreiding van werkseleenthede vir mense sonder werk	Instaatstelling van hulpbronsekuriteit	Ondersteuning vir kwesbare sektore (insluitende KMMO's en Toerisme)
-------------------------------------	---------------------------------	----------------------------------	---	--	---

Kommunikasie om vertroue te verstewig

Die Wes-Kaapse Herstelplan is in ooreenstemming met die Nasionale Herstelplan. Die ekonomiese aspek van hierdie plan is in ooreenstemming met die volgende Nasionale Plan prioriteitsintervensies:

Nasionale Prioriteit	WKR Kort – mediumtermyn-prioriteite
Aggressiewe infrastruktuurbelegging	Versnel infrastruktuur
Indiensnemingsgeoriënteerde strategiese lokalisasie, herindustrialisering en uitvoerbevoordering	Verstewig uitvoere
Kragsekuriteit	Instaatstellende hulpbron-veerkragtigheid: Krag
Ondersteuning vir toerismeherstel en -groei	Verstewig beleggings en uitvoere
Groen-ekonomie intervensies	Instaatstellende hulpbron-veerkragtigheid: Krag en water
Massa openbare-indiensneming intervensies	Uitbreiding van werksgeleenthede en vaardighede vir werklose mense
Makro-ekonomiese intervensies	Gemak waarmee sake gedoen kan word

3. BYWERKING VAN TERSAAKLIKE HOFBESLISSINGS

Daar is geen nuwe tersaaklike beslissings wat 'n beduidende impak op DEOT se werksaamhede kan hê nie.

AFDELING B:

**ONS
STRATEGIESE
FOKUS**

4. SITUASIE-ONTLEDING

4.1 EKSTERNE OMGEWINGS-ONTLEDING

Impak van Globale Ekonomie

In Januarie 2021 het die Wêreldbank voorspel dat die globale ekonomie met 4% sou groei in 2021 (steeds 5% laer as pre-pandemie beramings) en 3.8% in 2022. Die meer positiewe IMF voorspelling vir die globale ekonomie is met 0.3% opwaarts hersien en sal na verwagting met 5.5% vir 2021 en 4.2% vir 2022 groei. Groei sal steeds minder wees as pre-pandemie beramings gegewe dat baie lande tweede golwe van opwaartse Covid-19 infeksies beleef het.

Voorspellings van ekonomiese uitbreiding is egter 'n opwaartse hupstoot gegee deur die uitrol van Covid-19 entstowwe wat na verwagting groei sal terugbring. Hierdie optimisme oor groei word egter getemper deur die besef dat die lewering, spoed en aanvaarding van entstowwe ook gepaard gaan met 'n hele aantal struikelblokke.

Vanuit 'n globale gesondheidsperspektief gesien, bly dit 'n feit dat terwyl lande begin om entstowwe uit te rol hulle steeds maatreëls oor sosiale isolasie, toetsingopsporing, sosiale distansiering, kwarantyn en ekonomiese inperkings sal moet instel om die verspreiding van die virus te bekamp totdat gemeenskapsimmunititeit bereik is. Ondervinding het geleer dat omtrent een-derde van die ekonomiese verliese van die siekte die direkte koste van lewensverlies, werkpleksluitings en kwarantyn tydperke sal wees.

Die globale reis- en toerismebedryf is verpletter deur die ekonomiese ontwinging veroorsaak deur die uitbreek van die virus. Die lugrederybedryf, globale aanvraag na olie en globale verskaffingskettings is van die sektore wat veral erg getref is. Alhoewel reis geleidelik weer 'n moontlikheid word, is dit duidelik dat mense vir die voorsienbare toekoms nie so vryelik sal kan reis as voor die pandemie nie.

Globale handel het tekens van herstel begin toon. IHS voorspel dat globale handelsvolume met 7.5% in 2021 en 4.1% in 2022 sal toeneem. Daar was 'n toename in handel in sommige lande. Japan het egter 'n daling in invoere beleef, in China en Oos-Europa was daar 'n afname in uitvoere en in Afrika en die Midde-Ooste het invoere sowel as uitvoere gedaal. Volgens die Economist Intelligence Unit (EIU, 2020), het die pandemie tydelike diplomatieke- en handelsoptwinging in streeksverhoudings veroorsaak as gevolg van grenssluitings en vlugbeperkings.

Die monetêre beleidsreaksies van die Fed, ECB en ander groot sentrale banke om die katastrofiese impak van die pandemie te beperk, was snel en omvattend. Benewens die verlaging van rentekoerse, het hulle monetêre beleidsmaatreëls geïmplementeer in sommige lande, soos kwantitatiewe verslapping, asook 'n nul- en negatiewe rentekoersbeleid.

Impak op die Suid-Afrikaanse Ekonomie

Die Suid-Afrikaanse ekonomie het al voor die Covid-19 pandemie in 'n krisis verkeer. Die vermoë van die nasionale ekonomie om weerstand te bied teen die Covid-19 aanslag word beïnvloed deur sy kwesbare 2020

beginpunt. Die stand van die Suid-Afrikaanse ekonomie voor Covid-19 is gekenmerk deur onsekerheid oor nasionale beleid, huishoudelike kragonderbrekings, 'n stadige pas van hervorming, tegniese resessies, hoë regeringsbesteding in verhouding met inkomste, en internasionale onsekerheid veroorsaak deur Brexit en die handelsdispute tussen die twee grootste wêreld ekonomieë (China en die VSA).

'n Ontleding van kwartaallikse BNP tendense, na die uitbreek van die pandemie, toon aan dat 2020Q2 'n afname van 16.6% (kwartaal op kwartaal) getoon het in vergelyking met BNP teen konstante 2020 pryse. Suid-Afrika se BNP het met 'n reuse 66.1% teruggewip in die derde kwartaal van die jaar, wat 'n weerspieëling is van die ekonomiese herstel van die hoogtepunt van die Covid-19 inperking. Dit was op 'n seisoenaal-aangepaste en geannualiseerde grondslag.

Die Monetere Beleidskomitee (MBK) van die Suid-Afrikaanse Reserwebank het op 21 Januarie 2021 aangedui dat die groeikoers vir die volle jaar 2020 na verwagting -7.1% sal wees. 'n BNP groeikoers van 3.6% in 2021 en 2.4% in 2022 word voorspel. Groeivoorsigte word gebaseer op die beskikbaarheid van 'n entstof, maar hierdie voorsigte sal ten nouste geraak word deur die ekonomiese impak van opeenvolgende golwe van Covid-19 infeksies asook die land se vermoë om die nasionale entstofprogram uit te rol.

Die spoed waarmee entstowwe uitgerol word sal deels beïnvloed word deur die fiskale ruimte en beskikbare regeringshulpbronne om die pandemie te beveg, wat erg belemmer word deur Suid-Afrika se skuldvlakke. Die Nasionale Tesourie het in sy 2021 Begroting die begrotingstekort opwaarts aangepas van 6.8% van BNP tot 14% van BNP in 2020/2021. Bruto skuld het volgens die Nasionale Tesourie toegeneem van 65.6% tot 80.3% van BNP vir die jaar 2020/21. Die voorgestelde fiskale raamwerk sal skuld stabiliseer op 88.9% van BNP teen 2025/26.

Deur hierdie pandemie is Suid-Afrika se toerismebedryf, wat 'n beduidende waardeketting en werkskepper in ons ekonomie is, die hardste getref en sal dit so bly in 2021. Landbou (en die landbou-waardeketting), konstruksie, vervaardiging en handel sal ook negatief beïnvloed word as gevolg van ineenstorting van eksterne aanvraag en verskaffingskettings. Nedbank en ander organisasies voorspel dat formele indiensneming met 9.7% kan afneem, wat 1.6 miljoen werksverliese beteken. StatsSA se Kwartaallikse Arbeidsmag-oorsig het bekendgemaak dat indiensneming met 1.39 miljoen jaar-op-jaar geval het in Q4 2020.

In die geval van die plaaslike aandelebeurs is amper R1 triljoen van die JAB Indeks van Alle Aandele uitgewis in die laaste week van Februarie 2020. Die JAB het egter 'n herstel van 50% beleef sedert inperking in Maart 2020 met 'n gepaardgaande skerp toename van die Rand. Uit 'n beleggingsoogpunt gesien het die Fitch Solutions 2020Q4 Country Risk Report voorspel dat Suid-Afrikaanse belegging as 'n persentasie van BNP vanaf 18.7% in 2019 tot 17.1% in 2020 sal val, en konstant sal bly op 17.1% in 2021. Quantec (2020) verskaf egter 'n meer pessimistiese projeksie, naamlik 'n daling tot 16.2% in 2021.

Inflasie sal onder die Reserwebank se teiken bly, wat monetêre owerhede sal toelaat om beleidskoerse verder te verminder. In die geval van nog 'n groot virusuitbraak sal die fiskale beleid minder reaksieruimte hê. Fiskale konsolidasie om openbare skuldgroei te beperk is nodig wanneer die pandemie afneem. Onlangse aanvangstappe met betrekking tot die veiling van telekom-spektrum en verkryging van hernubare energie van onafhanklike kragverskaffers stuur positiewe seine aan sakeleiers en kan vertrou 'n hupstoot gee indien dit suksesvol afgehandel word. Versnelling van strukturele hervorming in netwerksektore, herstrukturering van staatsbeheerde ondernemings en verhoogde infrastruktuurbelegging kan groeimomentum herstel.

Gebaseer op data van die Nasionale Inkomste-dinamiek Studie – Koronavirus Snel-Mobiele Oorsig (NIDS-CRAM) wat in September 2020 onderneem is, is daar verskeie bevindings wat tersaaklik is en oorweeg moet word in die herstelplanne. Landelike areas is meer ernstig geknou deur werksverliese, die voorkoms van geestesgesondheidskwessies het verdubbel van 2017 to Junie 2020 (12% tot 24%) en 51% van shack-bewoners het in Junie 2020 gerapporteer dat hulle kos opgeraak het (40 % styging van nasionale gemiddeldes).

-+

Die nasionale sake- en verbruikersvertroue het van rekordlaagtepunte herstel. Op 'n nasionale vlak, het BER se Sakevertroue-indeks (SVI) 'n rekordlaagtepunt van 5 indekspunte in die tweede kwartaal van 2020 beleef voordat dit herstel het tot 24 en 40 indekspunte in die derde en vierde kwartaal van 2020 respektiewelik. BER se Verbruikersvertroue-indeks (VVI) het ook 'n rekordlaagtepunt van -33 indekspunte in die tweede kwartaal van 2020 beleef maar dit het verbeter tot -23 en -12 indekspunte in die derde en vierde kwartale van 2020 respektiewelik, wat 'n geringe herstel in verbruikersvertroue aandui wat toegeskryf kan word aan 'n styging in huishoudings se finansies.

Impak op die Wes-Kaapse Ekonomie

As gekyk word na kwartaallikse tendense in BNP vir die Wes-Kaapse ekonomie, het 2020K1 stagnante BNP groei van 0.0% kwartaal-op-kwartaal gerealiseer, terwyl BNP in 2020K2 -16.3% beloop het, met gebruikmaking van konstante 2010 BNP pryse. In 2020K3, het BNP met 12.1% kwartaal-op-kwartaal gestyg.

In die aangesig van hierdie pandemie, het die Wes-Kaapse Regering 'n ekonomiese model ontwikkel om die impak op die ekonomie te meet. Dit fokus daarop om resultate te toon van twee hoof-ekonomiese-aanwysers naamlik, Bruto Waarde Toegevoeg (BWT) en indiensneming. Die model is van die grond af op gebou, met ontleding van, eerstens, die 9 breë sektore van die Wes-Kaapse ekonomie en dan die 34 gedetailleerde sektore. Hierdie metodologie is toegepas in al die distrikte en munisipaliteite om die impak op granulêre vlak te ontleed.

Die sektore in die Wes-Kaap wat die ergste deurgeloop het, is toerisme, die informele sector, konstruksie, handel en vervaardiging, soos blyk uit Tabel 1 hieronder.


Sektore		BWT		Verlies as	Indiensnemin	Indiensneming verliese in		Indiensneming verlies as %
Toerisme	15 534 736	9 474 751	6 059 985	61.0%	174 982	75 477	99 505	43.1%
Informeel	NVT	NVT	NVT	NVT	301 543	25 705	275 838	8.5%
Konstruksie	31 715 441	5 045 860	26 669 581	15.9%	159 542	17 578	141 964	11.0%
Handel	102 087 570	9 716 082	92 371 488	9.5%	354 328	7 967	346 361	2.2%
Vervaardiging	94 959 965	8 114 377	86 845 588	8.5%	295 183	7 858	287 325	2.7%

'n Ruimtelike ontleding van die ekonomiese impak van Covid-19 toon dat alle distrikte 'n daling in ekonomiese aktiwiteit asook werksverliese ervaar het.

Figuur 1: Covid-19 BWT en Indiensneming-impak per distrik in die Provinsie (Ruimtelike konteks)

[COULD NOT ACCESS FIGURE BELOW TO TRANSLATE]

GVA and Employment % Impact -2020 (level 2)



BEN se Sakevertroue-indeks (SVI) vir die Wes-Kaap was op 'n rekordlaagtepunt van 8 indekspunte in die tweede kwartaal van 2020 as gevolg van die voortslepende Covid-19 pandemie. Hierdie lae SVI, wat die nasionale SVI weerspieël, is 'n aanduiding van die pessimisme van Wes-Kaapse maatskappye oor die stand van die provinsiale ekonomie, wat die gevolg is van 'n afname in verbruikersbesteding sowel as die swak maatskappy-groeivoorsigte en hulle finansiële situasie. In die derde en vierde kwartaal van 2020 het sakevertroue tot 19 en 43 indekspunte gestyg, wat 'n aanduiding is van verhoogde sakevertroue en tekens van optimisme in die Wes-Kaapse ekonomie.

As gekyk word na die KLFS vir 2020K4, was die indiensnemingsresultate gemeng, met die Wes-Kaap wat 'n skerp daling van 180 000 jaar-op-jaar in indiensneming ervaar het terwyl kwartaal-op-kwartaal indiensneming gestyg het tot 121 000. Die getal werkloos het gestyg tot 68 000 kwartaal-op-kwartaal en met 15 000 jaar-op-jaar. Die arbeidsmag het met 190 000 toegeneem kwartaal-op-kwartaal, alhoewel dit met 165 000 jaar-op-jaar gekrimp het. Die relatief gunstiger kwartaallikse prestasie van die provinsiale arbeidsmark dui aan dat die mark reeds gedeeltelik herstel het van die verlamme inperking. As daar egter gekyk word na die jaar-op-jaar arbeidsmark-prestasie, gaan die pad na volledige herstel uitdagend wees.

Uitdagings: Visgraat en SWOT-Ontleding

'n Aantal uitdagings het aanleiding gegee tot stagnante ekonomiese groei en hoë werkloosheidsvlakke. Figuur 2 verskaf 'n uitbeelding van die makro-ekonomiese en mikro-ekonomiese faktore wat 'n impak het op die swak prestasie van die ekonomie.



Produk- en diensdiversiteit

Ondoeltreffende tariefbedeling

Wisselvalligheid van Geldeenheid

Valutabeheer
(veral vir dienste-uitvoere)


Afhanklikheid van wisselvallige
kapitaalinvloei

Swak spaarkultuur



Plaaslike aanvraag toenemend bevredig deur invoere vs verhoogde doeltreffendheid in die ekonomie

Geo-politiek se impak op internasionale handelsgroe



DALENDE
ARBEIDSPRODUK

Werkers se gebrek aan sagte vaardighede

Gebrek aan deels-
geskoolde en geskoolde werkers

Openbare vervoer:
lank (m.a.w. vermoeiend),

Verouderde en nie-responsiewe vaardigheidskurrikulum

Duur & onbetroubaar

Swak gehalte van opvoeding in hele waardeketting, insl 1ste 1000 dae

Wantroue en swak verhoudinge tussen bestuur en werkers



Netwerkwelering

Afrika is ons natuurlike mark maar is 'n moeilike omgewing

Hoogs-beperkte verbruikers- en regeringsaanvraag

Versuim om tegniese & innoveringstendense & -praktyke aan te wend

Ondoeltreffende & duur logistiek

Verswakkende produks- en diensdiversifisering

Ondoeltreffende Vervoer, logistiek en hawens

Ongelyke gemeenskap beperk groeielemente van huishoudelike mark

Uitwaardse migrasie van kennis

Hoë belastingvlakke (& geen aansporings) relatief tot mededingers

Dalende diversiteit in vervaardigingseconomie

Gebrek aan uitgevoerde produks- en diensdiversiteit

Wanbalans tussen Kapitaal en arbeid

GEBREK AAN BELEGGING

Ontoereikende infrastrukture en eiendom

Beleidsonsekerheid

Fiskale volhoubaarheid

Risiko

Beleid begunstig primêre oor verv & dienste

Onbetroubare elektrisiteitsvoorsiening as gevolg van monopolistiese praktyke en ontoereikende regulatoriese omgewing

Administratiewe ondoeltreffendhede

Swak markaanvraag en marktoegang

Misdaad en veiligheid:

gekoppel aan verbeterde stadsbeplanning

Aflossing van risiko's

Wisselvallige geldeenheid

Kapitaal: Besikbaarheid & relatiewe koste

Markmislukkinge ten opsigte van inligting

Gebrek aan paraatheid vir
klimaatsverandering &impak
daarvan: uitbreiding van
rampbestuur

Baie beperkte aantal
mediumgrootte
maatskappye

Swak Ekono miese Groei

Aard van groei verhoog
Gini of vererger
ongelykheid

'n Ontleding van die reeks uitdagings waarmee ons ekonomie worstel het sommige van die beduidendste inheerders van ekonomiese groei en werkskepping geïdentifiseer.

'n Beter begrip van die omgewing word deur 'n SWOT ontleding verskaf.

Sterkpunte

Weaknesses

Geleenthede

groter kans het op indiensneming in die Provinsie.

- Die Wes-Kaap het 'n mededingende landbousektor met meer as 52% van Suid-Afrika se landbouuitvoere in 2019 wat uit die Wes-Kaap gekom het, en goeie rekord oestevan wat word in 2020.
- Die Provinsie het 'n relatief ontwikkelde infrastruktuur, wat dit aantreklik maak vir beleggers.
- Die Provinsie het hom geïmplementeër as 'n digitale, groen-tech en finansiële spilpunt wat sakeprosedurekontraktering, vervaardiging en ontwikkeling in die res van Afrika kan ondersteun.
- Die Provinsie het vier universiteite en 'n aantal hoër-onderwys instansies.
- Swaar steun op die Wes-Kaapse toerismesektor, wat deur Covid-19 verpletter is.
- 'n Afname in sakevertroue, wat gekoppel kan word aan 'n afname in privaatsektorbelegging.
- Toenemende misdaad het 'n negatiewe impak op toeriste se persepsie van die Wes-Kaap as 'n veilige bestemming gehad en het openbare eiendom vernietig (treine, ens).
- Die Provinsie sukkel met vaardigheidstekorte, wat deels deur die wanpassing van vaardighede gedryf word.
- Verouderde infrastruktuur en swak bestuur van katalitiese infrastruktuur wat met vervoer verband hou, naamlik die drie grootste hawens in die Wes-Kaap sowel as die spoornetwerk.
- Potensiële groei in Afrika (deur middel van die AfCFTA) bied 'n geleentheid om uitvoere na hierdie markte te bevorder.
- Die depresiasie van die geldeenheid bied 'n geleentheid om uitvoere en toerisme te bevorder deur prysmededingendheid.
- Die bevordering van uitvoere en toerisme kan sterker fokus op vinnig-groeïende ekonomieë soos Indië en China soos wat toerisme weer begin ontwaak na Covid-19.
- Die sterk landbou vermoëns van die Wes-Kaap bied 'n geleentheid om agri-prosessering te bevorder. Die sektor word beskou as arbeidsabsorberend en bevorder groei in die landbousektor, wat ruimtelike ontwikkeling aanmoedig.
- Geleenthede bestaan in die farmaseutiese bedryf, in bio-tech, groen tech en mediese produkte deur produkdiversifikasie binne spesiale ekonomiese sones (SES'e) en spilpunte in die Wes-Kaap.
- Covid-19 kan derde en vierde golwe hê, wat toerisme en ekonomiese groei in die Wes-Kaap sal ontwrig.
- Die Provinsie het 'n een van die hoër arbeidsabsorpsiekoerse (laagste uitgebruide werkloosheidskoers in die land) wat beteken dat 'n individu 'n
- Suid-Afrika sal stadige ekonomiese groei beleef in die komende jare as gevolg van Covid-19, swak en ongeesdriftige beleggings, relatief onderdrukte kommoditeitspryse, sporadiese stakings en beurtkrag.
- Suid-Afrikaners het 'n hoë vlakke van huishoudelike skuld wat in stand gehou word deur hoër belastings soos verhoogde BTW, boedelbelasting, belasting op luukse goedere en 'n verhoogde brandstofheffing, wat aanvraag rem.
- Voortgesette reddingspogings van Staatsbeheerde Ondernemings (SBO's) sal voortgaan om druk op die fiskus uit te oefen. (SAL: R10 biljoen)
- Daar bestaan massiewe fiskale risiko's met 'n voorspelde belastinginkomstetekort sowel as leningskoerse wat na voorspelling sal styg (skuld tot BNP styg steeds).
- Die Wes-Kaapse Provinsiale aandeel van inkomste is as gevolg hiervan gesny deur die Nasionale Tesourie, wat die weg baan vir massiewe besnoeiing in menslike hulpbronne en projekte.
- Energiebeleidsverdragings, tesame met beleidsonsekerheid oor sake soos grondteiening en die Reserwebank, sal belegging en groei inperk.

- Die Nasionale Gesondheidsversekeringsplan (NGV/NHI) beteken dat private mediese skemas en maatskappye 'n onseker toekoms in die gesig staar.
- 'n Afname in sakevertroue saam met die moontlikheid van hoër elektrisiteitskoste in die toekoms, beurtkrag en die risiko van 'n afwaartse kredietgradering as gevolg van die onstabiliteit van Suid-Afrikaanse SBO's.
- 'n Gebrek aan betroubare elektrisiteitsverskaffing weens die mislukking van Eskom.

Die visgraat en SWOT ontledings onthul dat die ekonomiese implikasies van Covid-19 wydverspreid is en reedsbestaande beperkings en probleme vererger en 'n impak het op aanvraag en aanbod op globale, nasionale en provinsiale vlakke. Die inperking het gelei tot swakker beleggings- en sakevertroue, werksverliese, beperkte handel en kwesbaarheid in die sakesektor, wat verband hou met die afhanklikheid van internasionale markte.

Die Wes-Kaapse Regering het onmiddellik 'n reaksieplan ontwikkel om die vlag van werksverliese wat deur die land gespoel het as gevolg van die impak van die Covid-19 pandemie en die gepaardgaande inperkingstydperke aan te spreek.

Onmiddellike Intervensies

Die onmiddellike intervensies was die onmiddellike reaksie op die ekonomiese krisis en was 'n aksieplan om onmiddellike verligting te bied deur inkomste in huishoudings in te bring. Dit het ook momentum gebou in die aanspreek van sistemiese uitdagings vir indiensneming.

Die onmiddellike intervensies vorm 'n komponent van die breër Werkseleentheids-tema binne die Wes-Kaapse Herstelplan en die kerndoelwitte was as volg:

- Dringende inspuiting van kapitaal en werkseleentheids in die ekonomie en huishoudings.
- Ondersteun die skepping en behoud van werkseleentheids.
- Verstewig sake- en verbruikersvertroue.

Die inisiatiewe van die intervensies het die skepping en behoud van amper 20 000 werkseleentheids ondersteun.

Wes-Kaapse Herstelplan

Die Wes-Kaapse Herstelplan verklaar dat ons net van die ekonomiese impak van die Covid-19 pandemie kan herstel as ons ekonomie groei en ons inwoners inkomste genereer. Werk is die goue paspoort weg van die siklus van armoede en ongelykheid in Suid-Afrika en is die grondslag vir enige herstel wat streef daarna om 'n positiewe impak op vroue, kinders, jeug en mense met gestremdhede te maak. In die lig van die feit dat die Covid-19 pandemie die ekonomiese struikelblokke wat deur die nasionale en provinsiale ekonomie ervaar word vererger het, het die Wes-Kaapse Regering 'n Herstelplan ontwikkel met Werkseleentheids as hooftema. Hierdie tema in die Herstelplan bou voort op die onmiddellike intervensies.

Die Werkseleentheids tema is belyn met die ander temas in die Wes-Kaapse Herstelplan aangesien dit fokus op die skep van 'n instaatstellende omgewing vir werkskepping deur die ondersteuning van die privaatsektor en

markte, en die gevolglike verbetering van welstand en veiligheid. Die instaatstellende omgewing om die ekonomie uit te brei en werk te skep, sal op die volgende gebiede fokus:

- **Versnelling van gemak waarmee sake gedoen word:** Bevorder gemak waarmee sake gedoen kan word deur “aanval” op beduidende beperkings op ekonomiese groei.
- **Uitbreiding van beleggings en uitvoere:** Verstewig privaatsektorbeleggings. Bevorder en ondersteun uitvoere.
- **Verstewiging van infrastruktuur:** Stimuleer die ekonomie deur infrastruktuurbelegging en werkskepping in die openbare sektor.
- **Vergroot werksgeleenthede en vaardighede vir mense sonder werk.** Verstewig indiensneming vir mense sonder werk deur versnelling van vaardigheidsvoorsiening en indiensplasing-inisiatiewe
- **Ekonomiese veerkragtigheid:** Aktiveer energie- en waterveerkragtigheid.

Die fokusgebiede van die Werksgeleenthede-tema van die Wes-Kaapse Herstelplan is goed belyn met die Suid-Afrikaanse ekonomiese heropbou en -herstelplan. Die prioriteitsintervensies van die nasionale herstel fokus op

1) 'n Inisiatief met die oog op infrastrukturele belegging in samewerking met die privaatsektor om werkskepping te stimuleer; 2) Versekering van energiesekuriteit deur die elektrisiteitsvoorsienings-verskaffingsketting oop te stel aan onafhanklike kragverskaffers; 3) Digitale hupstoot met breë basis spektrumveilings-vordering en 'n verbintenis tot verbetering van die "staat" se kapasiteit; 4) 'n verslapping van die regulatoriese omgewing om die gemak waarmee sake gedoen kan word te verhoog, en die gekoppelde aansporing om klein sake te ontwikkel; 5) Die instelling van e-visas om toerisme te verbeter; 6) 'n Skema waarvolgens jong mense aangestel word om onderwysers by te staan met leer in skole. Baie van die temas van die werksgeleenthede-tema vind duidelike weerklank in die prioriteitsintervensies van die nasionale herstelplan.

Die Werksgeleenthede-tema van die Wes-Kaapse Herstelplan het ook sekondêre prioriteite asook onderliggende grondslae en 'n ruimtelike fokus.

Sekondêre Prioriteite – Ekonomiese Intelligensie en Kommunikasie

- Ekonomiese intelligensie is 'n sekondêre prioriteit gegewe dat die WKR sal voortgaan om 'n getuienisgedrewe benadering te volg in alle intervensies. Ekonomiese intelligensie verseker ingeligte besluitneming en is onderliggend tot die lewering van die hooftemas. Kommunikasie is insgelyks 'n sekondêre prioriteit gegewe dat sake- en verbruikersvertroue 'n onontbeerlike aspek van die herstelplan is. Alle Departemente moet onderneem om kommunikasie-bewusmakingsinisiatiewe te ondersteun wat positiewe ontwikkeling sal beklemtoon en sake- en verbruikersvertroue sal aanwakker.

Onderliggende Grondslae en Ruimtelike Fokus

- Alle Departemente sal voortgaan met die programme en intervensies wat van toepassing is op hulle kernmandate en strategieë. Hierdie kernmandate en strategieë ondersteun die lewering van die temas. Dit sluit in KMMO's en die informele ekonomie, Katalitiese Ekonomiese-infrastruktuur, Digitale Ekonomie en Innovering, Verbruikersbeskerming, Vaardigheidsontwikkeling, Sektorale Ontwikkeling, Ekonomiese Voorspraak en Koördinerende van Belanghebbendes, Ruimtelike en Munisipale Ekonomiese Ondersteuning en die Groen Ekonomie.
- Streekseconomieë dwardeer die Wes-Kaap is erg geraak deur die Covid-19 pandemie en 'n geïntegreerde respons wat belyn is met hulle unieke eienskappe is noodsaaklik. Met gebruikmaking van die Gesamentlike Distriks-benadering en die Distrik Raadplegende forums as hoofplatforms vir skakeling, is die provinsiale benadering tot ekonomiese herstel transversaal van aard en sal 'n ruimtelike lens toepas op distriks-, landelike en townshipvlak.

Die Werksgeleenthede-tema omvat ook die wyer temas van die Groot Herstelling, wat voorgestaan word deur die Wes-Kaapse Herstelplan. Hierdie temas ondersteun slimmer groei, billiker groei en groener groei.

Visie

Die Departement se visie is 'n Wes-Kaap wat 'n gesonde, innoverende en volhoubare ekonomie het, gekenmerk deur ekonomiese groei en indiensneming.

Missie

Om die visiestelling hierbo te verwesenlik, sal die DEOT leierskap van gehalte verskaf d.m.v. die Departement se begrip van die ekonomie, sy vermoë om ekonomiese geleenthede en potensiaal te identifiseer en sy bydrae tot die Regering se ekonomiese prioriteite. Die Departement sal die implementering van

die Werksgeleenthede- tema van die Wes-Kaapse Herstelplan. Die Departement se vyf-jaar strategiese plan sal ood die produktiewe en mededingende vermoë van die provinsiale ekonomie verhoog. Die Departementele vyf-jaar plan bly onverandered en is goed belyn met die werksgeleenthede-tema van die Wes-Kaapse Herstelplan en die implementering daarvan sal ekonomiese groei en werkskepping kataliseer deur:

- Belegging te bevorder en katalitiese infrastruktuur te skep
- Uitvoere uit te brei
- Die vaardigheidsgaping aan te spreek
- Versnelling van die gemak waarmee sake gedoen kan word
- Hulpbronveerkragtigheid

Departementele vyf-jaar strategiese plan Instaatstellers

Die Departementele vyf-jaar strategiese plan het vyf prioriteite wat dit moontlik sal maak om die impak van groeiende indiensneming te verwesenlik. Die instaatstellers is:

- Verbeterde produktiwiteit en mededingendheid
- Munisipale ondertseuning en KMMO-ontwikkeling
- Ekonomiese intelligensie en data-ontleding
- Ekonomiese voorspraak en wetgewende mandaat

Ten einde ekonomiese groei aan te wakker, is dit belangrik om 'n mededingende voordeel in sekere sektore en bedrywe te skep. Dit kan bereik word deur produktiwiteit en mededingendheid te verhoog wat ingegee word deur ekonomiese intelligensie en data-ontleding. Ekonomiese groei sal 'n gesonde begrip verg van bestaande en nuwe markte wat verband hou met die huidige uitvoerkommoditeite wat die Wes-Kaap se belangrike sektore kan produseer.

Produktiwiteit en mededingendheid sal ook verhoog word deur ondersteuning van KMMO's.

Belegging is sensitief vir persepsies en gevolglik is ekonomiese voorspraak, **gebruikmaking van ekonomiese intelligensie en data-ontleding** belangrik ten einde sake- en verbruikersvertroue te bevorder. Belegging is ook 'n belangrike komponent van 'n uitvoer-groeistrategie as gevolg van die verhoogde behoefte aan produksie-aktiwiteit, wat aanleiding sal gee tot talle kapitaalbehoefte, afhangende van die aktiwiteite in die verskillende sektore en bedrywe.

In sy poging om werk te skep en die ekonomie uit te bou, moet die Provinsie goeie staatsbestuur bevorder en in stand hou en moet derhalwe **munisipaliteite ondersteun** om ruimtelike ekonomiese ontwikkeling te verseker. Dit sluit in die aanwending van 'n benadering van inklusiewe ekonomiese ontwikkeling. Inklusiewe ruimtelike ekonomiese ontwikkeling vereis dat die Provinsie 'n duidelike ekonomiese benadering moet hê en munisipale ekonomieë moet ondersteun. Dit behels ook infrastruktuurbestuur, die bou van 'n buffer teen klimaatsverandering en versekering van watergehalte en verbeterde afvalbestuur.

Ekonomiese voorspraak speel 'n belangrike rol in die smee van vennootskappe met plaaslike, nasionale en internasionale spelers, wat die groei van die streeks-ekonomie en indiensneming beïnvloed. Hierdie benadering besef dat elke instelling in die Wes-Kaap 'n rol en 'n mandaat het en hulle binne sodanige rolle en mandate 'n positiewe bydrae kan maak tot ekonomiese persepsies van die Wes-Kaap. Doeltreffende ekonomiese voorspraak vereis dat die boodskappe en waardeproposisies van ekonomiese geleenthede in die Wes-Kaap op 'n samehangende en deurlopend grondslag gekoördineer moet word.

Ondersteuning aan KMMO's sal dit makliker maak vir ondernemings, van die kleinste township-KMMO's tot die grootste buitelandse belegger, om sake te doen.

Waardes

Die kernwaardes van die Departement is:

- Omgee: Om om te gee vir diegene wat ons dien en met wie ons saamwerk.
- Bekwaamheid: Die vermoë en kapasiteit om die werk te doen waarvoor ons aangestel is.
- Aanspreeklikheid: Om verantwoordelikheid te neem.
- Integriteit: Om eerlik te wees en die regte ding te doen.
- Innovering: Om ontvanklik te wees vir nuwe idees en om skeppende oplossings vir probleme op 'n vindingryke manier te ontwikkel.
- Responsiwiteit: Om in die behoeftes van ons burgers en werknemers te voorsien.

Organisatoriese omgewing

Voortspruitend uit die Provinsiale Strategiese Plan (2019 - 2024), het die Departement van Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme ook die mandaat ontvang om die leidende rol te speel in die aandryf van die Wes-Kaapse Regering se agenda vir die Visie-geïnspireerde Prioriteit (VIP 2), naamlik Groei en Werkseleenthede.

Hierbenewens spreek die Werkseleenthede-tema van die Wes-Kaapse Herstelplan ook die huidige behoefte aan om werk te skep en in stand te hou sowel as die vele sistemiese uitdagings wat in die 5-jaar strategie opgeneem is. Binne die konteks van hierdie koppeling, vind verskeie temas en intervensies in die Werkseleenthede-tema van die Wes-Kaapse Herstelplan weerklank in die 5-jaar strategie.

Gegewe die komplekse en transversale omgewing sowel as die beduidende skuif in die "nuwe werkswyse" as gevolg van Covid-19, sal klem geplaas word op die heropleiding en opskerpings van vaardighede van personeel, verbetering van bekwaamhede, prestasiebestuur, diversifisering, mentorskap en opvolgbeplanning. Gedurende die verslagtydperk sal die Departement sy Arbeidsmagplan hersien, wat sal voortgaan om as die platform te dien wat verseker dat die Departement sy menslike kapitaal optimaal benut en ontwikkel om soepelheid en geïntegreerde dienslewering te verseker.

Afgesien daarvan sal die Departement, ten einde sy funksies doeltreffender te kan uitvoer, vordering maak met die "Digitale DEOT" projek wat daarop gemik is om verbeterde funksionele doeltreffendhede binne DEOT teweeg te bring met die oogmerk om die reikwydte, impak en doeltreffendheid van DEOT se interne programme te verbeter d.m.v. groter produktiwiteit wat uit die aanvaarding van digitale tegnologie voortvloei. Die projek volg op

'n in-diepte hersiening van Departementele prosesse, wat uitloop het op vier "pynpunte" rondom die behoefte aan dokumentbestuur en outomatisering, projekverslagdoening, belanghebberebestuur en kommunikasie. Die Departement sal in 2021/22 voortgaan om die dienste van Sake en Data-ontleders te gebruik om die gedetailleerde vereistes te verfyn, te skakel met die Sentrum vir e-Innovering en die proses van verandering te dryf. Aktiwiteite sluit in die finalisering van sakevereistes-spesifikasie, die oorweging van die organisatoriese veranderinge, aanbevelings vir oplossings en vroeë ontwikkeling en integrasie in die DEOT se omgewing met optimale benutting van die beskikbare instrumente. Pogings sal aangewend word om die oorgang van analoë na digitale prosesse te bestuur om te verseker dat daar personeelopleiding sowel as veranderingsbestuur beskikbaar is. 'n Digitale "sandput" omgewing sal geskep word vir versnelde prototipering en ontwikkeling van oplossings.

Met die opkoms van die Covid-19 pandemie moes die Departement sy werksproesse herbelyn om sy werknemers binne die prioriteitsgroep (vroue) en kwesbare werknemers (mense met gestremdhede) te akkommodeer. Dit is gedoen d.m.v. die Departement se Werkplan, wat voorsiening maak vir afstandswerk, waar nodig.

Die Departement se Vroue in Bestuur groep (SMS en MMS lede) bied jaarliks 'n vergadering aan om enige gender-ongelykheidskwessies binne die Departement te bespreek. Sake wat aandag moet kry word geïdentifiseer en aksiestappe word geneem. Die vergadering het uitgebrei tot 'n kwartaallikse vergadering wat in die nuwe boekjaar begin om te verseker dat departementele beleid en prosedures belyn is om die hoofstroming van menseregte in te sluit.

Die Departement is trots op sy geleentheid om redelike akkommodasie en ondersteuning te kan bied aan mense met gestremdhede. Die Departement verseker dat sake te make met toeganklikheid aangespreek word deur sy Genderegelykheid Strategiese Raamwerkplan en Werkstoegang Strategiese Raamwerkplan.

Deurlopende intervensies word uitgerol vir werknemers om bewusmaking te doen ten opsigte van menseregte, kwessies soos seksuele teistering, gestremdheid en genderongelykheidsgapings.

Die Departement van Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme beskik oor 'n goedgekeurde Diensleweringverbeteringsplan (DLVP) vir Kerndienste, naamlik:

- Diens 1: Om voorsiening te maak vir die registrasie van toergidse in die Provinsie soos voorsien deur die Wet op Toerisme, No 3 van 2014.
- Diens 2: Om op te tree as 'n Verbruikersbeskermingsagenstskap binne die Wes-Kaap uit hoofde van die bepalings van die provinsiale en nasionale wetgewing.
- Diens 3: Om die Sakehulplyn vir die Vermindering van Rompslomp te verskaf.

Hierdie DLVP is in die goedgekeurde driejarige formaat soos op die oomblik deur DODA vereis word. Die goedgekeurde DLVP is gekoppel met die Departementele Jaarlikse Prestasieplan deur Programme 2, 4 en 6.

OORSIG VAN DIE 2021/22 BEGROTING EN MTBR-SKATTINGS

Subprogram	Geouditeer			Hoofbegroting	Gewysigde begroting	Hersiene skatting	Mediumtermyn-besteding		
1. Administrasie	58 067	57 653	56 914	67 934	62 287	62 287	66 400	62 156	64 055

2. Geïntegreerde Ekonomiese Ontwikkelingsdienste	37 174	46 150	66 271	78 690	90 504	90 504	51 357	57 651	59 097
3. Handels- en Sektorale Ontwikkeling	49 542	47 204	61 530	97 737	70 700	70 700	70 763	70 846	72 452
4. Sakeregulering en Staatsbestuur	10 600	9 684	9 058	8 624	7 299	7 299	10 045	10 514	10 535
5. Ekonomiese Beplanning	129 350	134 244	181 807	171 867	146 595	146 595	171 672	157 878	95 025
6. Toerisme, Kuns en Vermaak	53 397	59 339	58 148	95 614	77 582	77 582	77 207	79 627	82 517

*Vervolg op volgende
bladsy*

Openbare korporasies en private ondernemings	3 530	7 877	9 432	16 976	52 034	52 034	6 500	8 273	6 500
Instansies sonder winsbejag	30 611	17 374	32 538	18 059	22 408	22 408	38 700	42 244	42 833
Huishoudings	11 105	11 287	24 377	60 782	65 438	65 438	51 680	53 189	56 826
Oordragte en subsidies aan kapitaal									
Regerings se Motorhandel Rekening									
Betalings vir kapitale bates	5 997	5 387	4 678	6 146	7 516	7 516	2 000	3 214	3 450
Geboue en ander vaste strukture									
Masjinerie en toerusting	5 348	4 972	4 560	6 146	7 126	7 126	2 000	3 214	3 450
Erfenisbates									
Gespesialiseerde militêre bates									
Biologiese bates									
Grond en ondergrondse bates									
Sagteware en ander ontasbare bates	649	415	118		390	390			
Betalings vir finansiële bates	111	73	109		6	6			
Totale ekonomiese	399 303	424 396	498 783	604 611	534 886	534 886	517 807	514 551	459 933

Klassifikation									
----------------	--	--	--	--	--	--	--	--	--

P



MINISTER

FINANSIES EN EKONOMIESE GELEENTHEDE



HVD

EKONOMIESE ONTWIKKELING






VDG

STRATEGIESE





DIRECTOR
HOOFDIRE
CHIEF
H





ORGANISATORIESE STRUKTUUR





AFDELING C:

DIE MEET VAN PRESTASIE

INSTITUSIONELE PROGRAMPRESTASIE-INLIGTING

PROGRAM 1: ADMINISTRASIE

5. PROGRAM 1: ADMINISTRASIE

5.1 DOEL

Om sterk, innoverende leierskap te verskaf en om skoon, doeltreffende, kostedoeltreffende, deursigtige en responsiewe korporatiewe dienste aan die Departement te lewer.

5.2 SUBPROGRAM 1.1: KANTOOR VAN DIE DEPARTEMENTSHOOF

5.2.1 Doel

- Om riglyne te verskaf aan die Departementele transversale administratiewe programme wat die Departement lei en om dit te bestuur.
- Om 'n doeltreffende oorsigfunksie oor die hele Department se mandaat en funksie in stand te hou.

5.3 SUBPROGRAM 1.2: FINANSIËLE BESTUUR

5.3.1 Doel

- Om 'n doeltreffende finansiële bestuursfunksie te verskaf.
- Om te verseker dat die WOFB en ander verwante finansiële regulasies en beleid geïmplementeer word.
- Om beplannings- en begrotingsondersteuning aan die Departement te verskaf.
- Om voorsiening te maak vir die instandhouding van bates.

5.3.2 Subprogram 1.2: Uitkomste, Uitsette, Prestasie-aanwysers en Teikens

		Uitset-	Jaarlikse teikens						
			Geouditeerde/Werklike			Geskatte			
Verbeterde	Geprosesseerde betalings aan	1.1 Getal dae vir die prosessering	Betaling	Betaling	Betaling van krediteure	30 dae	30 dae	30 dae	30 dae

Finansiële Staatsbestuur	krediteure binne 30 dae	van betaling aan krediteure	aan Krediteure binne 18.31 dae	aan Krediteure binne 15.79 dae	binne 15.88 dae				
	Kumulative besteding as 'n persentasie van die begroting	1.2 Persentasie kumulatiewe besteding behaal	98.51%	98.95%	98% (R498 783 000)	98%	98%	98%	98%
	(Werklike besteding/Ge-wysigde begroting)	(Werklike besteding/Ge-wysigde begroting)							
Doeltreffendheids intervensies suksesvol geïmplementeer	1.3 Getal finansiële doeltreffendheidsingrypings geïmplementeer	12	5	7	4	2	2	2	

Vervolg op volgende bladsy

Verbeterde Finansiële Staatsbestuur	Finansiële Handleiding-op-leidingsessies onderneem	Getal finansiële handleiding-opleidingsessies 1.4 onderneem	18	19	12	12	12	12	12
	Kliënte-dienstevredenheid behaal	1.5 Persentasie kliënte-dienstevredenheid behaal	Nuwe aanwyser	Nuwe aanwyser	Nuwe aanwyser	50%	60%	70%	70%
	Interne oudit-aanbevelings geïmplementeer	Persentasie van Interne Oudit-aanbevelings 1.6 geïmplementeer	Nuwe aanwyser	Nuwe aanwyser	Nuwe aanwyser	80%	75%	75%	75%
	Eksterne Oudit-aanbevelings geïmplementeer	Persentasie van Eksterne Oudit-aanbevelings 1.7 geïmplementeer	Nuwe aanwyser	Nuwe aanwyser	Nuwe aanwyser	100%	100%	100%	100%

5.3.3 Sub-program 1.2: Aanwysers, Jaarlikse en Kwartaallikse Teikens

Uitsetaanwysers		Q1	Q2	Q3	Q4
1.1 Getal dae vir die prosessering van betaling aan krediteure	30 dae				
1.2 Persentasie kumulatiewe besteding behaal (Werklike besteding/Aangepaste begroting)	98%	-	-	-	98%
1.3 Getal finansiële doeltreffendheids-ingrypings geïmplementeer	2	-	-	-	2
1.4 Getal finansiële handleiding-opleidingsessies aangebied	12	-	-	-	12
1.5 Persentasie kliëntediens-tevredenheid behaal	60%	-	-	-	60%
1.6 Persentasie van Interne Oudit aanbevelings geïmplementeer	75%	-	-	-	75%
1.7 Persentasie van Eksterne Oudit aanbevelings geïmplementeer	100%	-	-	-	100%

5.3.4 Verduideliking van beplande prestasie oor die mediumtermyn-tydperk

Die inwoners van die Wes-Kaap sry op die oomblik teen 'n alomteenwoordige en snelbewegende vyand wat na willekeur toeslaan. Die spoed en felheid waarmee Covid-19 'n impak gemaak het op ons wêreld en ons pragtige Provinsie was kommerwekkend. Hierdie situasie het ons leiers gekonfronteer met moeilike besluitneming wat amper daaglik geëvalueer en aangepas moes word.

Die Eenheid vir Finansiële Bestuur het nog altyd die slagspreuk 'Hoop vir die beste, maar beplan vir die ergste' uitgeleef. In hierdie verband het die impak van die inperkingsmaatreëls genoodsaak deur die Covid-19 pandemie nie 'n verlamende impak op die Departement of Finansiële Bestuur gehad nie. Geringe aanpassings moes wel gemaak word, maar die eenheid het daarin geslaag om gemaklik die skuif te maak van kantoor-gebaseerde werksaamhede na afstandswerksaamheid. Terwyl daar aanvanklike uitdagings was met die dag-tot-dag werksaamhede, het die baie jare lange verbetering van doeltreffendhede binne die eenheid se prosesse meegebring dat daar 'n onbeduidende impak op dienslewering was. 'n Goeie voorbeeld hiervan is dat dwarsdeur inperkingsvlakke 5 tot en met 1, die Finansiële Bestuurseenheid kon voortgaan met die prosessering van alle finansiële transaksies.

Die Covid-19 pandemie het egter die dryfkrag verskaf om te verseker dat geïmplementeerde maatreëls aangeneem word. 'n Voorbeeld hiervan is die outomatisering van die vlootbesprekingsprojek (GG Outomatisering) in terme waarvan werknemers die gebruik van 'n Departementele vlootmotor (GG) aanlyn kan aanvra. Alle goedkeuring word aanlyn verskaf en voertuie kan uitgereik word volgens die Departement se beleid.

Hierbenewens het die eenheid, tesame met die Sentrum vir e-Innovering (Se-I), begin met die ontwikkeling van 'n aanlyn-aansoekproses om die Departement se Projekvoorstelle-proses te voltooi. Hierdie stelsel sal verseker dat alle Voorstelle vir befondsing tydig voltooi kan word en dat administratiewe glipse uitgeskakel kan word. Die PP proses sal verder verstewig word deur koppeling met ander administratiewe prosesse, om sodoende tyd te bespaar en akkuraatheid te verbeter.

Die Finansiële Bestuurseenheid sal voortgaan om die dryfkrag te verskaf vir die aanvaarding van innoverende idees in die Departement. Die eenheid se mantra is dat innovasie nie miljoene hoef te kos nie maar in wese slegs 'n kopskuif vereis om aan te pas by die nuwe normaal.

Die klem op opleiding sal ook een van die Eenheid se prioriteite wees. Tensy die personeel almal vertrou is met veranderings en wysigings in die finansiële omgewing, sal die Departement nie in staat wees om behoorlike dienslewering te verseker nie, in 'n omgewing waar die hoogste standaarde van staatsbestuur voorop gestel word en ook verdedig word deur ieder en elke lid van die Departement se personeelbesetting.

In die lig van bogenoemde, bly die behaal en bestuur van die hoogste vlak van finansiële bestuur die langtermyn inklusiewe strategie wat staatmaak op nakoming, 'n prestasie-kultuur, belanghebbende-ondersteuning en dienslewering. Dit beliggaam, maar is nie beperk nie, tot voorsiening van gehalte-inligting, doeltreffende toekenning van hulpbronne, finansiële bestuursbekwaamheid, gesonde wetgewende stukture, en, uiteindelik, die modernisering van openbare sektor finansies tot voordeel van al die inwoners van die Wes-Kaap. Een van die mees waardevolle aanwysers van goeie finansiële staatsbestuur is 'n ongekwalfiseerde ouditopinie, en bereiking

van daardie doelwit verg die doetreffende bestuur van alle prosesse. As 'n voorbeeld van die Department se verbintenis tot verbetering van staatsbestuur, het die Kantoor begin met 'n inisiatief om bystand te verleen met die uitrol van die Wes-Kaap se KMMO-Verligtingsfonds. In hierdie verband, het die kantoor die aanvanklike nakomings-verifikasieprosesse ten opsigte van aansoekers tot die Fonds onderneem. Deur die verskaffing van hierdie diens het Finansiële Bestuur nie slegs verseker dat die hoogste standarde van staatsbestuur gehandhaaf word nie maar ook verseker dat 'n verbeterde diens gelewer kon word aan verdienstelike KMMO's wanneer dit die nodigste was.

Finansiële Bestuur ondersteun ook KMMO's deur te verseker dat betalings vinnig geprosesseer word. Alle kwalifiserende KMMO's se fondsuitbetalings is geprosesseer en was beskikbaar in hulle bankrekening binne 2 weke van goedkeuring en verifikasie van die inligting deur hulle verskaf.

Hierbenewens het openbare finansiële bestuur te make met die doeltreffende bestuur van die insameling en besteding van fondse deur regerings. Aangesien die behoeftes van die gemeenskap onvermydelik groter sal wees as die beskikbare hulpbronne, moet alle openbare hulpbronne so doeltreffend en effektief moontlik aangewend word. Doeltreffende openbare korporatiewe bestuur vorm die kern van 'n verhouding van wedersydse vertroue en gedeelde konsensus tussen regering en burgers en vorm die kern van die ontwikkeling van hierdie strategie.

Met die onderneming van bogenoemde sal die Hoofdirekoraat: Finansiële Bestuur sy aandag toespits op die volgende strategieë:

Versterking van die gehoorgewing-omgewing

- Implementeer 'n stelsel om alle wetgewing wat 'n impak op die finansiële omgewing het proaktief te identifiseer en die inligting te versprei.
- Bou tegniese deskundigheid in finansiële bestuur deur 'n gestruktureerde opleidingsprogram.
- Ontwikkel verbeterde template om komplekse nakomingsvereistes te vereenvoudig.

Verbeter die verspreiding van finansiële inligting deur verbeterde kommunikasie en bemaking

- Stel riglyne/standaarde vas vir doeltreffende kommunikasie.
- Stig 'n platform waar beste praktyke gedeel kan word met alle diensleweringseenhede.
- Herontwikkel die gehoorgewingsgesprek om dit by diensleweringvennote te help inskerp.

Heroriëntering om 'n burgersentriese ondersteuningsdiens te bevorder

- Implementeer 'n doelgemaakte opleidingsprogram vir kliëntgeoriënteerde eenhede/diensleweringvennote.
- Bou kapasiteit by finansiële bestuur om 'n beter begrip van leweringprogramme van die Departement te bewerkstellig.
- Verbeter die werksverhouding tussen finansiële bestuur en diensleweringseenhede om dienslewering te verbeter.
- Onderneem opnames om dienslewering-tevredenheid te verhoog onder diensleweringvennote.

- Implementeer 'n kliëntediensleweringsprogram.

**Subprogram 1.2: Hoofrisiko's [PLEASE
CORRECT SHADING AND SPACING HERE – IT
DEFEATED ME]**

5.3.5

Uitkoms	Hoo	Riskovermindering
Verbeterde Finansiële staatsbestuur	Onvermoë om 'n ongekwalifiseerde ouditopinie te behaal weens wesenlike wanverklarings of wesenlike nie-gehoorgewing in hoërisikogebiede soos Oordragbetalings, Bestuur van Menslike Hulpbronne, Oudit van Voorafbepaalde Doelwitte en Voorsieningskettingbestuur as gevolg van 'n ondoeltreffende of ontoereikende beheeromgewing.	<p>'n Departementele finansiële beleid wat jaarliks bygewerk en</p> <ol style="list-style-type: none"> 1. in stand gehou word en afwenteling van gesag. Voltooing van akkurate en volledige kwartaallikse Finansiële 2. State 3. Verskaffing van versekering op hoërisikogebiede. 4. Verbetering van sakeprosesse. Bestuur-opleiding aan lynfunksies om bekwaamheid te 5. verseker.
		6. Opleiding van Finansiële Bestuur personeel om bekwaamheid te verseker.

5.4 SUBPROGRAM 1.3: KORPORATIEWE DIENSTE

5.4.1 Doel

- Om 'n strategiese ondersteuningsdiens aan die Departement te verskaf.
- Om die verskaffing van IKT, menslike kapitaal, korporatiewe versekering en regs- en kommunikasiedienste aan die Departement te verseker.
- Om die Departementele prestasie te monitor en evalueer.
- Om kennis- en inligtingstelsels en rekords te ontwikkel en bestuur en om IKT te koördineer.

5.4.2 Departementele Prestasiemonitering

5.4.2.1 Departementele Prestasiemonitering: Uitkomste, Uitsette, Prestasie-aanwysers en Teikens

			Jaarlikse Teikens						
Funksionele 'M&E stelsel' wat strategiese ondersteuning aan die Departement verskaf	Uitkomste gemoniteer	1.8 Getal uitkomsmoniteeringsverslae gepubliseer	Nuwe aanwyser	Nuwe aanwyser	Nuwe aanwyser	1	1	1	2
	Bestuur van nie-finansiële	1.9 Getal uitset moniteeringsverslae geproduseer	4	4	4	4	4	4	4

	prestasiemonitoringstelsel								
	M&E Kapasiteitsbou uitvoer	1.10 Getal M&E Kapasiteits- bousessies aangebied	Nuwe aanwyser	Nuwe aanwyser	Nuwe aanwyser	2	2	2	2

5.4.2.2 Departementele Prestasiemonitering: Aanwysers, Jaarlikse en Kwartaallikse Teikens

	Jaarlikse				
1.8 Getal Uitkomstemoniteringverslae geproduseer	1	-	-	-	1
1.9 Getal Uitkomstemoniteringverslae geproduseer	4	1	1	1	1
1.10 Getal M&E kapasiteitsbousessies aangebied	2	-	1	1	-

5.4.2.3 Verduideliking van beplande prestasie oor die mediumtermyn-tydperk

Terwyl die WKR die Wes-Kaapse Herstelplan in werking stel wat reaktief is ten opsigte van die Covid-19 omgewing, bly dit steeds 'n hoofaktiwiteit van die Eenheid om oor 'n departementele M&E raamwerk te beskik wat responsief is ten opsigte van opkomende prioriteite en nuwe programmatiese fokusareas.

Vir uitkomste om bestuur te word, moet hulle gemeet kan word. 'n Uitkomste-fokus sal van ons verg om ons fokus verder as gehoorgewing of organisatoriese monitering (prestasierapportering) uit te brei na nasporing van die resultate van ons intervensies gemeet aan hulle doelwitte.

Data is nodig om prestasie te meet. 'n Volgehoue poging word beplan om aanwyser- of projekvlak "voorrade" te bou wat voldoende is om te voorsien in bestuur se vraag na data-gedrewe besluitneming, nuwe program-ontwikkeling of prestasierapportering.

In laaste instansie is die hoeksteen van 'n M&E eenheid om evaluerings uit te voer deur sistematiese gebruik van wetenskaplike navorsing om die waarde of meriete van regeringsprogramme te beoordeel. Aanvraag vir en gebruik van evaluerings in die regeringsektor is nog in sy kinderskoene en baie werk word benodig om evalueringskapasiteit uit te bou sodat evaluerings gebruik kan word ter versterking van strategiese beplanning, begrotingprosesse, en, nog belangriker, die verbetering van die maatskaplike programme wat ons implementeer. Gelyklopend met die huidige werk wat gedoen word om voor te berei vir die beplande mid-termyn evaluering soos voorsien in die Beplanningsraamwerk (Februarie 2020), is voorspraak, kapasiteitsbou van personeel en reaksie op die uitvoerende gesag se behoefte aan prestasie-inligting hoofaktiwiteite wat nodig is om die Departement voor te berei vir toekomstige progamevaluerings soos die behoefte daaraan ontstaan.

5.4.2.4 Departementele Prestasiemonitering: Hoofrisiko's

<p>Funksionele 'M&E stelsel' wat strategiese ondersteuning aan die Departement verskaf</p>	<p>Onvermoë van die Departement om die M&E stelsels optimaal te gebruik om die impak van sy intervensies te meet, te rapporteer en na te spoor teen die beoogde 5-jaar strategiese uitkomste.</p>	<p>Programme het interne projekmoniteringstelsels in plek.</p> <p>Transversale elektroniese rekordstelsel (MyContent) in plek om toegang tot inligting te verskaf.</p> <p>'n Standaard-bedryfsprosedure is ontwikkel as riglyn vir Verslaggewing oor Programprestasie.</p> <p>Bou kapasiteit met departementele projekbestuurders oor die hoof M&E- en prestasieverlaggewings-konsepte, praktyke.</p> <p>Deurlopende skakeling met programme om prestasie-data te verkry vir meting teen 5-jaar uitkomste ter voorbereiding van mid- en eind-termyn rapportering.</p>

		<p>Tegniese aanwyserbeskrywings gebruik as riglyn vir insameling van geloofwaardige prestasie-inligting</p> <p>Ontwikkel DEOT-spesifieke Moniteringsraamwerk, ingegee deur PSP en Strategiese Plan-uitkomste.</p> <p>Raadpleeg senior bestuur oor gebruik van moniteringsraamwerke om as riglyn te dien vir nasporing en rapportering van departementele prestasie.</p>
--	--	---

5.4.3 Departementele Kommunikasie

5.4.3.1 Departementele Kommunikasie: Uitkomst, Uitsette, Prestasie-aanwysers en Teikens

			Jaarlikse Teikens						
Verbeterde gemak waarmee sake gedoen word	Strategiese ekonomiese kommunikasie-agendas	1.11 Getal strategiese ekonomiese kommunikasie-agendas ontwikkel	Nuwe aanwyser	Nuwer aanwyser	Nuwe aanwyser	Nuwe aanwyser	4	4	4

5.4.3.2 Departementele Kommunikasie: Aanwysers, Jaarlikse en Kwartaallike Teikens

	Jaarlikse			
1.11 Getal strategiese ekonomiese kommunikasie-agendas ontwikkel	4	-	-	4

5.4.3.3 Verduideliking van beplande prestasie oor die mediumtermyn-tydperk

Die Departement se visie is 'n Wes-Kaap wat 'n lewenskragtige, innoverende en volhoubare ekonomie het wat gekenmerk word deur ekonomiese groei en indiensneming. Die rol van Departementele Kommunikasie is om hierdie visie oor te dra deur interne en eksterne kommunikasie met gebruikmaking van geskrewe, verbale, visuele en elektroniese media sowel as bemaking, promosie en reklame van departementele dienste aan plaaslike nasionale en internasionale ekonomiese belanghebbendes.

In die uitvoering van hierdie taak, is die kernrol van die eenheid om die kommunikasie-aktiwiteite van die Departement te bestuur en te koördineer en steun te verskaf om doeltreffende en konsekwente oordrag van die boodskap te verseker. Dit is om te verseker dat die plaaslike, nasionale en internasionale ekonomiese belanghebbendes ingelig bly oor die Department se beskikbare dienste asook sy werksaamhede en die uitkomst van daardie werksaamhede.

Hierbenewens sal Departementele Kommunikasie ook strategiese kommunikasie verskaf om steun te verleen aan ekonomiese voorspraak-bewusmaking, strategieë en planne wat sodoende die Wes-Kaapse waardeproposisie as 'n streeks-ekonomie sal versterk en uitbrei. Binne die Departementele konteks word strategiese ekonomiese kommunikasie gedefinieer as “gefokusde pogings deur die WKR om hoofgehoorte te verstaan en te betrek om toestande te skep, versterk en bewaar wat sal bydra tot 'n gunstige vlak van sake-vertroue.”

Dit behels die ontwikkeling van strategiese ekonomiese kommunikasie-agendas, wat 'n samesmelting sal verteenwoordig van ekonomiese intelligensie verkry van ekonomiese prioriteitsareas, bygedra deur interne departementele eenhede, WKR departemente en Wes-Kaapse ekonomiese rolspelers, om 'n diskoers, boodskappe of temas te vorm wat gebruik sal word ter ondersteuning van steunwerwings- en promosieveldtogte en verwante kommunikasie-inisiatiewe.

5.4.3.4 Departementele Kommunikasie: Hoofrisiko's

Verbeterde gemak waarmee sake gedoen word	Implementering wat nie geskied nie as gevolg van onvoldoende data en analitiese stelsels vir ingee van inhoud in ontwikkeling van strategiese ekonomiese kommunikasie-agendas.	Verseker identifikasie en ontwikkeling van verhoudings met belangrikste ekonomiese belanghebbendes (intern en ekstern) om insette en ontleding vir implementering van agendas te lewer.

5.5

PROGRAMHULPBRONOORWEGINGS

Toewysing van Begroting aan Programme en Subprogramme

1.Kantoor van die Departementshoof	6 054	10 644	7,464	8 895	11,679	11,679	10 297	9 846	10 042
2.Finansiële Bestuur	31 610	34 713	34,829	44 132	36,923	36,923	39 098	39 710	41 246
3.Korporatiewe Dienste	20 403	12 296	14,621	14 907	13,685	13,685	17 005	12 600	12 767
Totale betalings en skattings	58 067	57 653	56 914	67 934	62 287	62 287	66 400	62 156	64 055
Ekonomiese klassifikasie R'000									
Lopende betalings	53 456	53 356	51 671	61 810	55 169	55 169	64 400	58 942	60 605
Vergoeding van werknemers	36 324	40 930	37 088	45 510	43 482	43 482	46 500	46 499	47 220
Goedere en dienste									
Rente en Huur van grond	17 132	12 426	14 583	16 300	11 687	11 687	17 900	12 443	13 385
Oordragte en subsidies	57	43	1 059	2	10	10			
Provinsies en munisipaliteite									
Departementele	3	4	4	2	2	2			

Agentskappe en rekeninge									
Universiteite en Tegnikonse									
Buitelandse regerings en internasionale organisasies									
Openbare korporasies en private ondernemings									
Instansies sonder winsbejag									
Huishoudings	54	39	1 055		8	8			
Oordragte en subsidies aan Kapitaal									
Regering se Motorhandelsrekening									
Betalings vir kapitale bates	4 500	4 189	4 118	6 122	7 102	7 102	2 000	3 214	3 450
Vergoeding									

Vervolg op volgende bladsy

Geboue en ander vaste strukture									
Masjinerie en toerusting	4 500	4 189	4 118	6 122	7 102	7 102	2 000	3 214	3 450
Erfenisbates									
Gespesialiseerde militêre bates									
Biologiese bates									
Grond en ondergrondse bates									
Sagteware en ander ontasbare bates			-						
Betalings vir finansiële bates	54	65	66		6	6			

Totale ekonomiese klassifikasie	58 067	57 653	56 914	67 934	62 287	62 287	66 400	62 156	64 055
---------------------------------	--------	--------	--------	--------	--------	--------	--------	--------	--------

Verduideliking van die bydrae van hulpbronne tot die behaal van uitsette

'n Bedrag van R66.400 miljoen is vir die boekjaar 2021/22 aan die Program toegewys. Dit verteenwoordig 'n toename van R4.113 miljoen of 6.60 persent. Hierdie toename in begroting is om befondsing te verskaf vir die vul van broodnodige vakante poste in die Program wat vereis word om die hoë standaarde van staatsbestuur wat in die Departement toegepas word vol te hou.

Verder sal die Program ook die IKT-moderniseringsprogram binne die Departement dryf. In hierdie opsig sal die Program die IKT-vereistes van die Department hersien en 'n vennootskap met die Sentrum van e-Innovering sluit om innovering op hierdie gebied te dryf.

PROGRAM 2:

GEÏNTEGREERDE EKONOMIESE ONTWIKKELINGSDIENSTE

6. PROGRAM 2: GEÏNTEGREERDE EKONOMIESE ONTWIKKELINGSDIENSTE

6.1 DOEL

Om 'n instaatstellende sake-omgewing vir die skep van geleenthede vir groei en werksgeleenthede te bevorder en te ondersteun.

Om dit makliker te maak om sake te doen, het die mantra geword wat deur die meeste ekonomieë – sowel ontwikkel as ontwikkelend - aanvaar is as 'n manier om ekonomiese potensiaal te ontsluit, innovering aan te moedig, meer mededingend te raak en uiteindelik werksgeleenthede te skep en te ontwikkel. Die belang van die gemaak waarmee sake gedoen kan word, word nie net in Nasionale ekonomiese beleid en strategiedokumente weerspieël nie, maar word ook in die Wes-Kaapse Provinsiale Strategiese Plan beklemtoon.

Die Covid-19 pandemie en die vernietigende impak daarvan op die ekonomie het nie net die strukturele ondoetreffendhede in die ekonomie beklemtoon nie maar ook die ongelykhede en strakke uitdagings wat steeds bestaan. Om dit makliker te maak om sake te doen, het nou nog meer van 'n gebiedende noodsaaklikheid geword.

Die terme “gemak van sake doen (GVSD)” soos deur die Wêreldbank geskep as 'n naam vir sy indeks om ekonomieë te meet en te vergelyk), “bindende beperkinge” en “rompslomp” word dikwels uitruilbaar deur rolspelers en belanghebbendes gebruik. Die WKR se definisie van die GVSD wentel om die aanspreek van (1) die bindende en sistemiese beperkings en (2) die rompslomp van die Regering en sy agentskappe wat ekonomiese groei en derhalwe werkskepping inhibeer. Eersgenoemde het te make met daardie kritieke kwessies (bv misdaad, ontoereikende vaardighede) wat uit verskillende lae bestaan en gewoonlik 'n multi-dissiplinêre benadering vereis. Laasgenoemde, nl rompslomp, is hoofsaaklik tot (openbare) instellings beperk en hou verband met kwessies soos wetgewing, stelsels en prosedures.

Die konteks vir die strategie en projek-implementering van die Program word verskaf deur ten minste drie hoof-beleids- of strategiedokumente – die Wes-Kaapse Herstelplan, die departementele beleidsprioriteite (oor die 2021 MTBR) en die distrikontwikkeling-model. Ander sekondêre, maar nietemin belangrike strategiese inisiatiewe wat sal aanklank vind met die werk van die Program, sluit in die Nuwe Manier van Werk (gedryf deur die Departement van die Premier) waarvolgens 'n kliënt-gesentreerde kultuur die primêre doelwit is) en die digitaliseringsprogram van die Sentrum vir e-Innovasie.

Program 2 se benadering tot die verbetering van die GVSD sal onderlê word deur drie kategorieë van ingrypings wat elk deur die volgende subprogramme gedryf sal word:

Sub-program: Ondernemingsontwikkeling – bystand en ondersteuning aan klein besigheide deur intervensies (finansiële en nie-finansiële) wat lei tot sakevolhoubaarheid en -uitbreiding;

Subprogram: Streeks- en Plaaslike Ekonomiese Ontwikkeling – intervensie hoofsaaklik gemik op verbetering van die plaaslike munisipale sake-omgewing deur ondersteuning aan munisipaliteite, besighede en ander belangrike rolspelers;

Subprogram: Rompslompvermindering – intervensies gemik op die verligting van die regulatoriese en administratiewe las op besighede (en kostebesparing vir die regering) deur verbeterde wetgewing, prosesse en kommunikasie.

6.2 SUBPROGRAM 2.1: ONDERNEMINGSONTWIKKELING

6.2.1 Doel

Om by te dra tot die skep van 'n instaatstellende sakeomgewing wat kleinsake en entrepreneurs bemagtig om volhoudend te ontwikkel en te groei.

6.2.2 Subprogram 2.1: Uitkomste, Uitsette, Prestasie-aanwysers en Teikens

			Jaarlikse Teikens							
Groter gemak van sake doen	Besighede bygestaan d.m.v. bevordering van entrepreneurskap en/of sakeondersteunings-ingryping	2.1 Getal besighede bygestaan	Nuwe aanwyser	Nuwe aanwyser	Nuwe aanwyser	200	200	240	300	

6.2.3 Subprogram 2.1: Aanwysers, Jaarlikse en Kwartaallikse Teikens

		Jaarlikse			
2.1 Getal besighede bygestaan		220	-	-	100
					120

6.2.4 Verduideliking van beplande prestasie oor die mediumtermyn-tydperk

Klein, Medium en Mikro-ondernemings (KMMO's) speel 'n kernrol in die absorbering van arbeid, penetrasie van nuwe markte en, in die algemeen, kreatiewe en innoverende uitbreiding van ekonomieë. Besighede (beide formeel en informeel) moes 'n krimpende ekonomie trotseer, wat 'n negatiewe impak gehad het op hulle omset, werksaamhede en vermoë om volhoubare werksgeleenthede aan te bied. Die stagnante en dalende vlakke van ekonomiese groei en sakevertroue in Suid-Afrika is vererger deur die bykomende skokke van Covid-19, wat die volhoubaarheid en groei van KMMO'S in die provinsie erg geknou het. Die Covid-19 inperking het die belang van KMMO's en hulle kwesbaarhede beklemtoon, aangesien vele aansienlike vermindering van omset, kontantvloei en indiensneming beleef het, wat hulle vermoë om hulle besighede in stand te hou gerem het. Die sake-oorsig wat deur die Departement uitgevoer is het onder andere aangetoon dat baie besighede nie in staat sal wees om hulle bedryfskoste te dek nie. Die vermoë van KMMO's om te herstel van die nagevolge van die ekonomiese inperking sal stadiger as verwag wees en hulle sal gevolglik meer nadelig geraak word. Hierdie besighede vereis 'n verskeidenheid van volgehoue ingrypings oor tyd wat sal bydra tot hulle volhoubaarheid en uitbreiding, wat die potensiaal het om bykomende werksgeleenthede te skep)of bestaande werksgeleenthede te behou) en sodoende by te dra tot die groei van die ekonomie.

Die KMMO sektor word gekenmerk deur 'n lae koers van nuwe besighede van die grond af kry en hoë vlakke van besighede wat sluit as gevolg van uitdagings soos toegang tot markte (plaaslik en buitelandse, openbare en privaatsektor), finansies (bv. Die koste van lenings, rompslomp en kriteria), inligting (rompslomp) en sake-ontwikkelingsondersteuning. Die Wes-Kaap se ondersteuning aan KMMO's vertoon die volgende gebreke: swak KMMO steun-ekostelsel (ii) ongelyksoortige, gefragmenteerde en ongekoördineerde ondersteuning (bv. inter- en intra-departementeel) (iii) enge (WKR en munisipale) verslaggewing oor programme, projekte en impakte en (iiii) gebrek aan fasilitering en/of koördinering van die steun-ekostelsel. 'n Begrip van die kompleksiteitsvlak en heterogeniteit van KMMO's is van deurslaggewende belang maar is dikwels ontoereikend, wat lei tot wandiagnoses en onvanpaste response in die aanspreek van die uitdagings wat hierdie besighede konfronteer.

Daar is 'n splitsing tussen beleidsoogmerke en beleidsimplementering gekoppel aan KMMO-ontwikkeling as een van die prioriteitsareas in die regering om werkloosheid en ongelykheid aan te spreek. Die behoefte daaraan om die ekonomiese landskap in die provinsie te transformeer moet fokus op wesenlike en direkte intervensies wat besighede uit verskeie aangewese kategorieë (bv vroue, jeug en mense met gestremdhede) bystaan en ondersteun. Dit is van die uiterste belang om struikelblokke (bv toegang tot markte, befondsing, sosiale stigmas, gebrek aan sake-ondersteuningsnetwerke, risiko's en vrees vir mislukking) wat potensiële en bestaande entrepreneurs negatief affekteer, te identifiseer en aan te spreek om te verseker dat besighede ontwikkel word.

Die skepping van 'n toeganklike en instaatstellende sakeondersteuning-ekostelsel is van deurslaggewende belang om die Gemak van Sake Doen (GVSD) te verhoog, wat bydra tot sake-volhoubaarheid, ekonomiese groei en werkskepping. Die behoefte aan vennootskap, samewerking en interaksie binne en tussen die openbare en privaatsektor en 'n samehangende benadering tot diensontwerp en -lewering om duplisering te verminder is van die uiterste belang om hierdie doelwit te behaal. Vennootskappe en samewerking is kernbelangrik as gevolg van beperkte hulpbronne en die vermoë om inisiatiewe te skaal om KMMO's te help om die impak van Covid-19 te verminder om hulle volhoubaarheid te verseker. Die mate waartoe KMMO's se volhoubaarheid verseker kan word sal afhang van die gekoördineerde en geïntegreerde response en die omvang en spoed waarmee lenigingsmaatreels besighede kan bereik. Die ingrypings mag dalk nie 'n onmiddellike en direkte impak op besighede in die kort-termyn toon nie, maar met verloop van tyd kan leniging 'n meetbare invloed hê.

Om hierdie uitdagings die hoof te bied, sal die Ondernemingsontwikkelingseenheid op die volgende strategiese koers en inisiatiewe konsentreer, soos hieronder verduidelik:

- (i) **Skep en vermeerder geleenthede** – Fasiliteer en vermeerder marktoeganggeleenthede in die openbare sowel as die privaatsektor (bv. Provinsiaal, openbare ondernemings en munisipale aanskaffingsgeleenthede). Dit sal waardeketting deelname deur KMMO's aanmoedig in ekonomiese sektore wat deur die WKR en munisipaliteite geprioritiseer is (bv. vervaardiging, toerisme, uitvoere, infrastruktuur) en KMMO deelname in die WKR diensleweringprogramme (bv. behuising en infrastruktuurlowering). Dit is van deurslaggewende belang om toegang tot toepaslike inligting en sake-ontwikkelingsondersteuningsdienste aan besighede te verskaf om hulle in staat te stel om markgeleenthede aan te gryp. Fasilitering van toegang tot die openbare en privaatsektore en die skepping van 'n instaatstellende omgewing vir plaaslike inhoud en produksie bly onontbeerlik.
- (ii) **Verbetering van die Wes-Kaapse KMMO sakeondersteuning-ekostelsel** – Hier sal die fokus tot mindere mate val op wat elke instelling op sy eie doen en meer op hoe al die instelings saamwerk. Die strategiebenadering sal WKR ondersteuning integreer deur toegang tot die ekonomiese groepering departemente en toegang tot besigheidsontwikkelingsondersteuning verbeter. Dit sal insluit, maar is nie beperk tot, kapasiteitsbou en veerkragtigheidsverhogende WKR programme/projekte wat finansiële en nie-finansiële ondersteuning behels, insluitende opleiding, ondernemings- en verskafferontwikkeling infrastruktuur, inkubasie, digitale en tegnologie-ondersteuning.

Die Ondernemingsontwikkelingseenheid se programme en projekte sal die Werksgeleenthede-tema van die Wes-Kaapse Herstelplan ondersteun om onmiddellike steun te verskaf (deur middel van finansiële en nie-finansiële

programme) veral om besighede en werksgeleenthede te bevorder en in stand te hou. Die mediumtermyn doelwit is om die ekonomie te help om weer op dreef te kom en om sommige van die grondliggende uitdagings van ekonomiese groei en werkskepping aan te spreek. Die eenheid sal VIP 2, 'Groeï en Werksgeleenthede' en VIP 5, 'Innovering en Kultuur' teiken gedurende die 2021/22 boekjaar om KMMO's en die informele sektor te ondersteun. Hierbenewens sal die eenheid bydra tot die ander twee provinsiale prioriteite, naamlik welstand en veiligheid, en fokus op die hoofstroming van menseregteprioriteite gekoppel aan die ondersteuning van vroue, jeug en mense met gestremdhede. Die begrotingsbesnoeiings, menslike hulpbronnbeperkings en die onbefondsde vakatures in die eenheid sal 'n beduidende impak hê op sy vermoë om die beplande uitsette en doelwitte te behaal.

Die ontwikkeling van 'n sterk entrepreneurskapskultuur en toeganklike sake-ekostelsel wat fokus op die bevordering van kleinsake in die Wes-Kaap sal bydra tot die gemak van sake doen, sake-veerkragtigheid en mededingendheid. Responsiwiteit teenoor besighede (formeel en informeel) sal verbeter word deur innoverende sakeondersteuning aan KMMO's wat finansiële en nie-finansiële ingrypings insluit. Die behaal van teikens is gebaseer op vyf hefbome, naamlik (i) toegang tot markte, (ii) toegang tot finansiering, (iii) bydrae tot die entrepreneurskapskultuur, (iv) verbetering van die sakeondersteuning-ekostelsel en (v) ondersteuning aan township-gebaseerde besighede.

Fokusgebied 1: Toegang tot markte

Toegang tot markte (plaaslike en uitvoer, openbare en privaatsektor) is die mees beperkende faktor vir besighede en ten spyte daarvan dat finansiering of sakeontwikkelingsteun beskikbaar is, vereis dit toegang tot markte om sake volhoubaar te kan bedryf en die GVSD te verbeter. Kleinsake word gekonfronteer met beperkte toegang tot markgeleenthede, beperkte markintelligensie en 'n gebrek aan gereedheid, veral waar hulle onderwerp word aan die verskaffing van nie-kernprodukte en dienste in die verskaffingskettings. Die Nasionale Ontwikkelingsplan (NOP) meen dat 'n strategie om kleinsake te bevorder nie kan slaag sonder om die uitdaging van toegang tot gevestigde aanvoerkettinge aan te spreek nie. Die impak van die globale ekonomiese inperking te wyte aan Covid-19 en die impak daarvan op globale aanvoerkettinge mag 'n geleentheid bied aan plaaslike firmas en bedrywe om die plaaslike vervaardigingskapasiteit te ontwikkel deur plaaslike inhoud en produksie. Behoorlike oorweging sal geskenk word aan die diverse behoeftes vir marktoegang (bv. toegang tot finansiering) binne die openbare en privaatsektor, tussen besighede in verskillende stadiums van hulle lewensiklus en besighede wat in die formele en informele sektor geleë is met die doel om GVSD te verhoog.

Die instaatstelling van toegang tot markte vir besighede sal onderneem word deur:

- Vergroting van toegang tot openbare en privaatsektor ekonomiese geleenthede deur, inter alia, die konsolidering van provinsiale en munisipale verkrygingsgeleenthede dwarsoor die tersaaklike departemente en openbare entiteite (bv. Openbare Werke, Menslike Nedersettings, Kaapse Natuurbewaring, ens.) Die skep van 'n befondsingsfasiliteit om toegang tot markte te fasiliteer sal 'n belangrike oorweging wees om besighede te ondersteun gegewe die impak van Covid-19. Vergroting van KMMO's se deelname aan die waardekettings van firmas wat in die Wes-Kaap se prioriteitsektore werksaam is (bv. toerisme, vervaardiging, ens).

Toegang tot geleenthede in die privaatsektor sal fokus op gebiede soos die ontwikkeling van onderneming en verskaffer (OOV/ESD) en die deel van beste praktyk.

- Die najaag van toegang tot geleenthede in die openbare sektor sal die finalisering en implementering van die konsep Ekonomiese Verkrygingsbeleid en die meegaande implementasieplan behels asook 'n fokus op gebiede soos plaaslike produksie en inhoud, volhoubare verkryging (bv. strategiese verkryging) die kapasitering van KMMO's om sake met die regering te doen (bv. publieke oop-dae vir verskaffers en gefokusde ontwikkelingsondersteuning). Die konsep Ekonomiese Verkrygingsbeleid is ontwerp om 'n verenigde benadering dwarsdeur die WKR te voorsien wat fokus op die optimalisering van die ekonomiese impak van openbare verkryging, met 'n spesiale fokus op die ontwikkeling van KMMO's en besighede geleë in townships, landelike gebiede en sekondêre dorpe.

Fokusgebied 2: Toegang tot Finansiering

Toegang tot finansiering is een van die grootste uitdagings vir nuwe besighede en KMMO's wat hulle vermoë om in die mark mee te ding beperk. Kleinsake word gekonfronteer met hoë soekkosse, gebrek aan of swak kredietgeskiedenis, onvoldoende kollateraal, gebrek aan vaardighede en kennis om finansiële state te produseer asook die navolging van swak sakemodelle. Die verskaffing van toegang tot finansiering en sakeontwikkelingsteun sal die vermoë van KMMO's om markgeleenthede te benut of om hulle werksaamhede uit te brei en meer kompetender en produktief te word verhoog. 'n Kernfokus sal behels om toegang tot finansiering te gebruik om marktoegang te ontsluit, die koste van geld leen te verminder, omkeertye te verbeter, gehoorgewingskriteria tot die minimum sal beperk, finansiering sal kontrakteer en 'n platform sal verskaf waar KMMO's toegang tot befondsingsgeleenthede kan kry en hulle kapasiteit ontwikkel word om hulle voor te berei om toegang te kry tot befonding. Die verskillende befondsingsopsies sal 'n uitgebreide en gedifferensieerde stelsel van finansiële maatreëls in plek plaas om Wes-Kaapse maatskappye te ondersteun, veral waar huidige leemtes in alternatiewe finansiering waargeneem word.

Instaatstelling van toegang tot finansiering vir besighede sal onderneem word deur:

- Toegang tot bekostigbare finansies (m.a.w. die vermindering van die koste van geld leen) en deur vennootskappe om ekonomiese geleenthede en toegang tot korporatiewe aanvoerkettings te ontsluit.
- Die koördinerende en integrerende van sakeontwikkelingsteun-inisiatiewe (finansiële en nie-finansiële) beskikbaar aan KMMO's deur projekte wat onderneem word deur, onder andere, die WKR se departemente, munisipaliteite en ander belanghebbendes, om die volhoubaarheid en groei van hierdie ondernemings te verhoog.

Fokusgebied 3: Verbetering van die sakeondersteuning-ekostelsel

Die kompleksiteit van die KMMO landskap en die uitdagings waarmee dit gekonfronteer word, vereis die optimale benutting van hulpbronne en koördinerende en belyning van strategieë om deur samewerkende denke en optrede 'n positiewe impak op die ondersteuning-ekostelsel te verseker. Die sakeondersteunings-ekostelsel verwys na die elemente – individue, organisasies, finansiële en professionele hulpbronne - wat entrepreneurs en besighede nodig het om te ontwikkel en groei.

Die instaatstelling en verbetering van die sakeondersteuning-ekostelsel sal onderneem word deur:

- Die aandryf van die vennootskapsbenadering met alle tersaaklike steunagentskappe, bv. SEDA, SEFA, PSA, NYDA, ten einde die volle spektrum van steundienste van toepassing te maak op Wes-Kaapse KMMO's. Dit sal gedryf word deur die reeds-gevestigde KMMO Forum, wat al die nasionale regering se KMMO steunagentskappe en die Stad Kaapstad insluit. Daarbenewens sal oop dae vir verskaffers gefasiliteer word.
- Impakvolle KMMO steun-ingrypings te ontwerp en implementeer in samewerking of vennootskap met die kleinsake-ondersteuningsorganisasies. Dit sal gedoen word deur die voortsetting van die KMMO

Hupstootfonds of 'n soortgelyk tipe inisiatief om ondersteuning en bystand (direk of indirek) te verskaf aan KMMO's om volhoubaarheid in stand te hou, doeltreffendhede te verhoog en of te groei.

Fokusgebied 4: Ontwikkeling van township-gebaseerde besighede

Suid-Afrika se township-ekonomie (formele en informele besighede) groei teen 'n pas wat nie in die formele sektor geëwenaar word nie en is 'n lewendige heterogene mengsel van besighede met beduidende besteebare inkomste. Strategieë wat fokus op sakeontwikkelingsteun vir die waardetoevoegingsnywerhede (bv. ligte vervaardiging) in die townships is van kritieke belang. Hierdie besighede ding dikwels mee met produkte wat internasionaal verhandelbaar is en staar baie uitdagings in die gesig, en het dus ondersteuning nodig om meer mededingend en produktief te word. Township-besighede word gekonfronteer, net soos meeste kleinsake, met veelvuldige struikelblokke tot oorlewing, wat insluit toegang tot markte, bekostigbare finansiering, grondbesit, inligting, gebrek aan ondernemingskapitaal, netwerk, rompslomp, sonering en stadsbeplanningregime, gebrek aan bekostigbare besigheidsruimte en behoorlike infrastruktuur, misdaad, mededinging van groter gevestigde besighede en toegang tot sakeontwikkelingsteun.

'n Reeks van strategiese prioriteite is deur DEOT geïdentifiseer wat geïmplementeer moet word om 'n groeistrategie te behaal. Die volgende sewe prioriteite is geïdentifiseer oor die kort, medium en lang-termyn om die visie en doelwitte te behaal:

Strategiese Prioriteit 1: 'n Ondersteunende groei-georiënteerde ondernemingsontwikkelingstrategie

Strategiese Prioriteit 2: Radikale regulatoriese hervorming van toepassing op townships

Strategiese Prioriteit 3: Beleggings in strategiese infrastruktuur en konektiwiteit om 'n brug te bou tussen die township en hoofstroomekonomie

Strategiese Prioriteit 4: Herontwerp van die ruimtelike model

Strategiese Prioriteit 5: 'n Sosio-ekonomiese steunstrategie wat die ekonomiese strategiese response onderlê

Strategiese Prioriteit 6: Die ontwikkeling van die Vaardigheidsbasis

Strategiese Prioriteit 7: Bevordering van mededingende sektorgroei

Die behoefte aan vennootskap en samewerking met, inter alia, township-ekonomiesesteunorganisasies, NPO's, korporatiewe liggame, plaaslike, nasionale en provinsiale regeringsdepartemente (en openbare entiteite) sake en sektorverenigings en munisipaliteite, is van kritieke belang om ondersteuning te verleen aan projekte wat bydra tot die behaal van die strategiese prioriteite wat die Township Ekonomiese Groeistrategie (TEGS) onderlê. Die steun afkomstig van DEOT sal, onder andere, wees om mede-vennoot te wees of befondsing te verskaf vir nuwe en bestaande programme saam met ander organisasies, munisipaliteite en ander KMMO-ekostelsel belanghebbendes om geleenthede te verskaf vir besighede in hierdie gebiede om toegang tot markte, finansiering en toepaslike infrastruktuur te verleen, sowel as geteikende voor- en beginbesigheidsondersteuningsdienste (bv. vorendag kom met nuwe idees, opleiding en mentorskap). Die program sal dwarsdoor die provinsie gelewer

word, in beide metro en nie-metro gebiede. Vir die nie-metro gebiede, sal die program 'n belangrike komponent vorm van die distrik of plaaslike munisipaliteit se plaaslike ekonomiese ontwikkelingstrategie.

Instaatstelling en ontwikkeling van township-gebaseerde besighede sal onderneem word deur:

- 'n toegewyde vennootskapsprogram wat saamwerk met township en informele sakeontwikkelingsteunorganisasies (privaat-, openbare en tersiêre sektore) ter ondersteuning van die strategiese prioriteite soos voorgestel in die konsep-Township Ekonomiese Groeistrategie.
- 'n Toegewyde fonds gestig met hierdie doel voor oë, om besighede te ondersteun in hierdie gebiede.

Fokusgebied 5: Bydrae tot 'n entrepreneurskapskultuur

Die voorsiening van aanvraag-gedrewe ingrypings deur die verskaffing van inligting; bekendstelling van nuwe sakemodelle of nuwe produkte/dienste; verlening van tegniese bystand, opleiding of kapasiteitsbou-ondersteuning is almal van deurslaggewende belang vir meeste besighede. Volgens die Wêreldbank, het 'n robuuste KMMO gemeenskap die vermoë om 'n dinamiese, transformerende krag te wees aangesien "KMMO's, relatief tot groter firmas, mededinging, entrepreneurskap en werks groei verbeter en ekonomiese doeltreffendheid, innovering, groei en armoedeverligting aanspoor".

Gefokusde sake-ondersteuningsprogramme sal onderneem word dwarsoor die provinsie in vennootskap met munisipaliteite en ander belanghebbendes.

Die makliker maak van sake doen is 'n kerndrywer vir die behaal van 'n sake-omgewing wat inwaartse belegging bevorder, dit moontlik maak vir besighede om gestig en uitgebrei te kan word en dit verhoog 'n kultuur van entrepreneurskap. Hierdie ekostelsel speel 'n kritieke rol in die skepping en instandhouding van 'n ondersteunende omgewing wat bevorderlik is vir entrepreneurskap en sake-groei. On die belangrike rol wat entrepreneurs in die ekonomie speel te erken, het ons die Wes-Kaapse Entrepreneurskapstoekennings ingestel, wat 'n platform daarstel om 'n bydrae te maak tot die entrepreneurskapskultuur deur innoverende entrepreneurs te identifiseer, in die kollig te plaas en erkenning te gee.

Instaatstelling van en bydrae tot 'n kultuur van entrepreneurskap sal onderneem word deur:

- Erkenning en uitloof van toekennings aan inspirerende entrepreneurs deur middel van 'n entrepreneurskap-kompetisie en toekenningsereemonie en die verskaffing van sake-ontwikkelingsteun deur nie-finansiële borgskap.

6.2.5 Subprogram 2.1: Hoofrisiko's

Uitkoms	Hoofrisiko	Risikovermindering
Verbeterde gemak van sake doen	Gebrek aan strategiese samehang tussen regeringsdepartemente en sakeontwikkelingsteunorganisasies veroorsaak deur 'n gebrek aan belyning en koördinerende inheer doeltreffende programimplementering gemik op ontwikkelende KMMO's	<ul style="list-style-type: none"> • Fasiliteer skakeling tussen openbare sektor organisasies om implementeringuitkomste te verbeter. • Identifiseer en vorm vennootskappe met gevestigde organisasies met die kapasiteit om gehalte dienste aan KMMO's te lewer. • Versterk verhoudings met OFI's (bv. Sefa) om die opneem van finansiële produkte te verhoog. • Ontwikkel 'n omvattende mediabewustheidsveldtog deur middel van verskeie media wat alle geïdentifiseerde belanghebbendes betrek.
	Gebrek aan deelname deur relevante KMMO-belanghebbendes en/of ontoereikende deelname van besighede en/of verbintenis deur privaatsektorvennote rondom die implementering van KMMO-programme weens verskillende prioriteite of fokus sal lei tot die onvermoë om die GVSD en die skep en onderhoud van 'n instaatstellende sakeomgewing te verbeter	<ul style="list-style-type: none"> • Verseker inkoop en verbintenis deur middel van tydig en konsekwente konsultasie met relevante belanghebbendes en vennote.

		<ul style="list-style-type: none"> • Verseker gereelde kommunikasie met relevante belanghebbendes en vennote om hulle ingelig te hou oor ontwikkeling, bewustheid vol te hou en inkoop en verbintenis te versterk. • Doeltreffende gebruik van alle tersaaklike bestaande platforms (openbaar en privaat) om te verseker vennote bly ingelig. • Geteikende begunstigdes moet versoek word om deelname te bevestig.
	<p>Die onvermoë om strategiese vennootskappe te ontwikkel om hulpbronne te hefboom, projekte te skaal en ekonomieë van skaal te ontwikkel, wat veroorsaak word deur verskillende prioriteite, fokusgebiede en/of begrotingsbeperkings, sal lei tot ondoeltreffende en ondoelmatige dienslewering.</p>	<ul style="list-style-type: none"> • Maak binne die Departement voorspraak vir bykomende hulpbronne. • Ontwikkel vennootskappe met die privaatsektor en regeringbelanghebbendes. • Uitgebreide gebruik van die media (d.i. sosiale media, radio en koerante) om bewustheid oor die inisiatief te skep.

6.3 SUBPROGRAM 2.2: STREEKS- EN PLAASLIKE EKONOMIESE ONTWIKKELING

6.3.1 Doel

Om geleentede te skep vir werk en inklusiewe groei regoor distrikte en plaaslike ekonomieë.

6.3.2 Sub-program 2.2: Uitkomst, Uitsette, Prestasie-aanwysers en Teikens.

Uitkoms	Uitsette	Uitset-aanwysers	Geouditeerde/Werklike Prestasie			MTBR tydperk			Geskatte Prestasie
Verbeterde gemak van sake doen	Besighede ondersteun deur munisipale ondersteunings-ingrypings	2.2 Getal besighede ondersteun	Nuwe aanwyser	Nuwe aanwyser	Nuwe aanwyser			100	100
	Munisipale GVSD ingrypings ondersteun	2.3 Getal Munisipale GVSD ingrypings ondersteun	Nuwe aanwyser	Nuwe aanwyser				6	5

--	--	--	--	--	--	--	--	--	--

6.3.3 Subprogram 2: Aanwysers, Jaarlikse en Kwartaallikse Teikens

Uitset -aanwysers		teikens	K1	K2	K3	K4
2.1	Getal besighede bygestaan	50	-	-		50
2.3	Getal Munisipale GVSD ingrypings ondersteun	5	-	-	2	3

6.3.4 Verduideliking van beplande prestasie oor die mediumtermyn-tydperk

Laat in 2019 het waarskuwingsligte begin flikker oor die pandemie wat besig was om oor die wêreld te versprei en ekonomiese beplanning vir 2020 moes aanpas om responsief te wees ten opsigte van beide gesondheids- en ekonomiese bedreigings. 'n Jaar later is die ernstige impak van die Covid-19 pandemie duidelike waarneembaar in die streeks-ekonomieë van die Wes-Kaap. Ekonomiese herstel sal meer as die afgelope jaar in ag moet neem – dit sal die uitdagings moet aanspreek wat die onderprestasie van hierdie streeks-ekonomieë oor die afgelope dekade ingegee het. Dit sal gedoen moet word met inagneming van die unieke eienskappe van elkeen van hierdie streke van die provinsie.

Regoor die metro en distrikte word die strukturele aard van hierdie ekonomieë gekenmerk deur 'n groot poel van ongeskoolde arbeid wat in sektore werksaam is waar daar nie stabiele indiensneming is nie. 'n Dieper kyk na streeks-spesifieke ekonomiese uitdagings toon dat die institusionele uitdagings waarmee plaaslike-vlak leweringsagente (veral munisipaliteite) gekonfronteer word, tesame met dringende ekonomiese prioriteite en sektore, gesamentlik bydra tot moeilike diensleweringomgewings. Institusionele uitdagings sluit in politieke, administratiewe, dienslewering- en finansiële-staatsbestuur kwessies, soos geïdentifiseer deur die assessering van munisipale Geïntegreerde Ontwikkelingsplanne en provinsiaal-munisipale interaksie (GOP)

Om responsief te wees tot diensleweringbehoefte, moet munisipaliteite plaaslike ekonomies herstelplanne ontwikkel en implementeer, wat 'n geïntegreerde respons van die regering en sakesektor vereis. Dit beteken dat duidelike prioriteite, inter-owerheidsmeganismes en openbare-private vennootskappe van kritiese belang is. Ondersteuning aan munisipale streke om ekonomiese en welstandsprioriteite te lewer word dus vereis.

Om inklusiewe ekonomiese groei in die Wes-Kaap te stimuleer en bevorder, moet besigheid sake doen en die regering moet die plaaslike instaatstellende omgewing voorsien waarbinne dit gedoen kan word. Munisipaliteite moet leweringspraktyk ontleed, verstaan en hulself daartoe verbind, en die mantra uitleef dat 'n verantwoordelike, responsiewe, makliker omgewing vir sake doen werksgeleenthede, groei en ontwikkeling na gebiede sal bring. Die Werkgeleenthede-tema van die Wes-Kaapse Herstelplan gee hier die leiding met identifisering van 'n versnelde GVSD as 'n kerntema van lewering. In onlangse tye, kan die metro's en distrikte wat die funksionaliteit omhels getuig van verbeterende sakevertroue.

Dit is welbekend dat ondoeltreffende prosesse en prosedures (of rompslomp) die koste en moeisaamheid van sake doen verhoog en dus 'n negatiewe impak op sakegroei het. Gemak Van Sake Doen het 'n hoeksteen geword vir ekonomiese groei as gevolg van die feit dat dit groeipotensiaal ontsluit deur die verwydering van beperkings tot groei en werkskepping. Dit skep 'n meer doeltreffende regulatoriese raamwerk en het 'n positiewe uitwerking op die verhandelbare sektore deur verstoppings te verwyder en tyd tot by markte te verminder, sowel as om verbeterde mededingendheid en produktiwiteit te bewerkstellig deur vermindering van koste. Baie van die rompslomp en struikelblokke in die weg van gemak waarmee sake gedoen kan word is geleë binne die munisipale regeringsvlak.

Om die impak van Covid-19 en die streeksuitdagings waarmee munisipaliteite gekonfronteer word aan te spreek en die oogmerke van Werksgeleenthede (VIP 2) prioriteitsbeleid te behaal, word die volgende programmatiese gebiede en meegaande GVSD ingrypings voorgestel:

Die SPEO Eenheid sal strategie dryf om die **Gemak van Sake Doen in te bed as 'n prioriteit** regoor distrikte deur implementering van munisipale GVSD ingrypings. Die Departement sal implementering van toepaslike plaaslike ekonomiese herstelplanne wat GVSD as 'n noodsaaklikheid prioritiseer, ondersteun. Dit sal aandag skenk aan strategiese steun en ontwikkeling van die aanvoerkant (openbare) sakesteun-ekostelsel, die belyning van plaaslike, provinsiale en nasionale beleidsopdragte deur verstewiging van samewerkende projekte en die bou van aanvraag-gedrewe sakebelanghebbendes-netwerke wat plaaslike ekostelsels uitbrei om geleenthede te ontsluit. 'n Instaatstellende omgewing vir besigheid sluit in veiligheid en welstand doelwitte vir sowel KMMO's as groot besighede en verseker dat die hoofprioriteite van die Provinsie as doelwitte in stand gehou word.

- **Fokusgebied 1: Ontwikkel en versterk die distrik-sakeondersteunings-ekostelsels aan die aanvoerkant.**

KMMO's is die erkende ruggraat van die Suid-Afrikaanse ekonomie en moet ondersteun word om die potensiële voordele (groei en werksgeleenthede) wat dit vir die ekonomie inhou te ontsluit.

Doeltreffende inter-owerheids koördinerings en samewerking in KMMO ondersteuning is nou, meer as ooit vantevore, van deurslaggewende belang om plaaslike ekonomiese ontwikkeling te dryf.

Die Departement ondersteun 'n ekosistiel-benadering waar daar minder klem geplaas word op wat elke instelling op sy eie doen en meer gekyk word na hoe al die instellings kan saamwerk. 'n Streek kan beskou word as 'n stelsel en elke rolspeler kan die doeltreffendheid van die ander ondersteun of verhinder.

Die ingryping wat beplan word is die skepping van gesonde Distrik KMMO-ondersteuningsnetwerke, wat beoog om distriksvlak KMMO steun-ekostelsels te versterk om duidelike fokus en gekoördineerde optrede te verskaf, toegang tot regeringsinisiatiewe en geleenthede te verbeter deur die versterking van die waardeketting van ondersteuning wat toeganklik is vir KMMO's. Hierdie projek sal die operasionalisering van 'n netwerk van KMMO ondersteuningsbelanghebbers ondersteun. Dit sal bestaan uit WKR, munisipaliteite, plaaslike sakekamers en steunagentskappe (bv. SEDA) wat sal saamwerk tot voordeel van die hele ekosistiel.

Distriksvlak-ekostelsels sal die bou van 'bevoegde staat' ondersteun en sal belyng met die GDB, HSB en meer onlangs, Brandpuntbestuur-benadering tot lewering. Ingrypings mag gebruik maak van 'n PDIA metodologie van beproef-deur-praktyk en koöptering van steun aan liggingsgebaseerde probleemareas. Dit is belyng met ondersteuning van VIP 5: Innovering en Kultuur.

- **Fokusgebied 2: Ondersteun die belyning van plaaslike, provinsiale en nasionale beleid deur versterking van samewerkende projekte**

Voorgestelde ingrypings sal die Gesamentlike Distriksbenadering en die meganismes daarvan gebruik om ekonomiese aktiwiteit te stimuleer, die sakegemeenskap te bevoordeel en transformasie-inisiatiewe vir vroue, mense net gestremdhede en gesoute entrepreneurs regoor die Provinsie te ondersteun.

Proaktiewe ondersteuning sal verskaf word deur die identifisering van belangrike DM projekte wat in die enkel munisipale ondersteuningsplanne ingesluit kan word. Bystand sal verleen word aan plaaslike munisipaliteite wat departementele in-huis deskundigheid (nie-finansiële steun) gebruik met implementering. Responsiewe ondersteuning sal verleen word in die verwydering van verstoppings- en rompslompkwessies wat in die instaatstellende sake-omgewing ervaar word. Toepaslike koördinerings en bestuur van intervensies sal die ondersteuning en belyning van transversale provinsiale gebiedsgebaseerde benaderings verg, soos die Streeks- Sosio-ekonomiese Program (SSEP) en Hele Gemeenskap-benadering (HGB), gegewe hulpbronbeperkings. Alles moontlik sal gedoen word om groter trekkrag te kry vir die verbeterde vermoë van besigheid om sake te doen en handel te dryf, en om groter toegang tot ekonomiese geleentheid en die streeksverspreiding van sake doen te verseker.

- **Fokusgebied 3: Bou aanvraag-gedrewe sakebelanghebbende-netwerke wat plaaslike ekostelsels uitbrei om geleenthede te ontsluit.**

Om die distriksvlak-ekostelsels te bevorder is daar 'n behoefte om privaatsektor-rolspelers en netwerke in te sluit.

Ontsluit beperkings op doen van sake om belegging na plaaslike gebiede 'n hupstoot te gee – Die WKR beoog om die provinsie as 'n leidende beleggingsbestemming te posisioneer deur beleggingsbevordering, verwydering van struikelblokke vir beleggings en belegging in katalitiese infrastruktuur om beleggingsgeleenthede te lok. Belegging vind plaas in 'n munisipale konteks en vereis 'n bevorderlike omgewing om te verseker dat hulle ekonomies lewendig, produktief en mededingend word. Ter ondersteuning van VIP 2 en die Wes-Kaapse Herstelplan, beoog die ingryping om belegging in munisipale gebiede te help aanwakker..

Voorgestelde projekte beoog om alternatiewe te ontwikkel vir die huidige beleggingsbevorderingsaktiwiteite, die skepping van toepaslike katalitiese infrastruktuur te bevorder en munisipaliteite te ondersteun om 'n gesonde raamwerk, planne en optrede te aanvaar vir beleggingsfasilitering gedurende die beleggersreis, om te verseker dat leemtes en uitdagings proaktief aangespreek word. Munisipaliteite sal ondersteun word om meer aantreklike en beleggervriendelik te raak, gekoppel aan die onderskeie ekonomiese strategieë.

Regeringsbelegging en gehefboomde privaatsektor-responsiwiteit maak gesamentlik 'n impak op die ekonomie. Daar bestaan 'n behoefte aan die bou van plaaslike sake- en belanghebbende-netwerke om sinergie te skep en ekonomiese geleenthede in ons townships, dorpe, munisipaliteite en stede te ontsluit. Nadat 'n ekostelsel geïdentifiseer, gevestig en gekoester is om doeltreffend te werk, behoort deelnemers voordele te geniet wat hulle sal help om beter te funksioneer as op hulle eie.

Die ingryping sal bou op die aanvoerkant-ekostelsel om besighede in streke te koöpteer, hetsy hulle sektor-reuse, groot werkgewers, township-handelaars of KMMO's is wat dorpe in stand kan hou. Inisiatiewe word vir die informele ekonomiese ruimte beplan om sake-vriendelike beleid en prosedure te ondersteun. Die benutting van die plaaslik ekostelsel van openbare en private akteurs beoog om geleenthede te ontsluit, veral vir vroue, mense met gestremdhede en gesoute entrepreneurs. Die Departement is gretig om ondersteuning te verleen vir die skepping van ruimtelike- en ekonomies-lewendige groeipunte in bestaande stede en leierdorpe, wat opgebou kan word as sentrums van ekonomiese geleentheid en insluiting.

Alle ingrypings wat beplan word moet belyn en gekoördineer wees met en ondersteuning geniet van transversale, provinsiale gebiedsgebaseerde benaderings en samewerkende vennootskapsprojekte, aangesien die beplande inisiatiewe geen projek-spesifieke begrotingstoewysing het nie en slegs tot beperkte mate in menslike hulpbronbehoefte sal kan voorsien

Om die voorgestelde uitkomst te bereik sal van alle rolspelers, privaat sowel as openbaar, vereis om saam te werk aan gemeenskaplike ekonomiese agendas wat die doelwitte van Uitkomst 4, 6 en 9 van die MTRR te versterk. Die bydrae van ondersteuningsingrypings in GVSD en KMMO prioriteite beoog om plaaslike produktiwiteit te stimuleer op 'n wyse wat sakevertroue en werkskeppingsvooruitsigte in lokaliteite verhoog. Die verandering waarna ons strewe, is die vermoë van streke om suksesvol te kan meeding in 'n reeks van ekonomiese aktiwiteite wat ekonomiese vooruitgang moontlik maak sowel as hulle verbeterde vermoë om by te dra tot provinsiale ontwikkeling deur hulle eie werksaamhede en deur interaksie met die res van die provinsie. Die Departement het 'n ambisieuse visie om meer produktiewe streke na vore te sien kom, met lewendige, veerkragtige en/of mededingende plaaslike ekonomieë.

6.3.5 Subprogram 2.2: Hoofrisiko's

Uikoms	Hoofrisiko	Risikovermindering
Verbeterde gemak van sake doen	Geen spesifieke begrotingstoewysing beteken groter uitdagings vir lewering van ingrypings en besighede bygestaan, aangesien gebrek aan finansiële ondersteuning projekimplementasie en sakevertroue van openbare- en privatesektorvennote affekteer.	Beplande ingrypings sal moet belyn en koördineer met en ondersteuning geniet van transversale, provinsiale gebiedsgebaseerde benaderings en samewerkende vennootskapsprojekte.
	Onvoldoende vermoë van munisipaliteite veroorsaak deur gebrek aan kapasiteit sal negatiewe impak hê op ekonomiese beplanning en uitvoering, wat vermoë ondermyn om instaatstellende sake-omgewing	Bepaal munisipale kapasiteit en implementeer kapasiteitsondersteuning soos benodig.

	<p>te verskaf wat inklusiewe ekonomiese groei ondersteun.</p>	
	<p>Munisipale ekosisteme funksioneer nie optimaal nie as gevolg van gebrek aan samehang tussen belanghebbendes wat kan lei tot versuim om voldoende waardetoevoegende ondersteuning te verskaf wat inklusiewe ekonomiese groei in streke genoegsaam stimuleer.</p>	<ul style="list-style-type: none"> • Vestig en hou IGR in stand in gesamentlike beplanning en optrede om responsiwiteit ten opsigte van munisipale en sakeprioriteite te verseker • Ondersteun provinsiale voorspraak-agendas en inisiatiewe om plaaslike ekostelselspelers te versterk; • Ondersteun uitvoering van geografiese ingryping.

6.4 SUBPROGRAM 2.3: EKONOMIESE BEMAGTIGING

6.4.1 Doel

Om die proses van bemagtiging en skepping van 'n instaatstellende sake-omgewing vir VBI's te fasiliteer.

Hierdie subprogram is opgeneem in subprogram 2.1

6.5 SUBPROGRAM 2.4: ROMPSLOMPVERMINDERING

6.5.1 Doel

Om die sakeomgewing te verbeter deur die regulatoriese las op besighede te verlig d.m.v. verbeterde wetgewing, prosesse en kommunikasie.

6.5.2 Subprogram 2.4: Uitkomst, Uitsette, Prestasie-aanwysers en Teikens

		Uitset-aanwysers	Jaarlike Teikens						
			Geouditeerde/Werklike			Geskatte Prestasie			
Verbeterde gemak van sake doen	GVSD besigheids-ingrypings ondersteun	2.4 Getal GVSD besigheids-ingrypings ondersteun	15	15	7	6	6	6	6
	Navrae opgelos	2.5 Persentasie van navrae opgelos	Nuwe aanwyser	Nuwe aanwyser	Nuwe aanwyser	Nuwer aanwyser	85%	85%	85%
	Regulatoriese hersiening uitgevoer	2.6 Getal regulatoriese hersienings uitgevoer	Nuwe aanwyser	Nuwe aanwyser	Nuwe aanwyser	Nuwe aanwyser	4	4	4

6.5.3 Subprogram 2.4: Aanwysers, Jaarlikse en Kwartaallikse Teikens

Uitset-aanwysers	Teiken	K1	K2	K3	K4
2.4 Getal GVSD besigheidsingrypings ondersteun	6	1	2	2	1
2.5 Persentasie van navrae opgelos	85%	-	-	-	85%
2.6 Getal regulatoriese hersienings uitgevoer	4	1	1	1	1

6.5.4 Verduideliking van beplande prestasie oor die mediumtermyn-tydperk

Die aanbreek van die Covid-19 pandemie in Suid-Afrika vroeg in 2020 het regerings sowel as besighede gedwing om te herevalueer hoe regerings bestuur word en dienste gelewer word en hoe besighede funksioneer in 'n omgewing gekenmerk deur skielike en drastiese verandering, beperkings op vrye beweging van mense en goedere en beperkende regulasies met betrekking tot sosiale afstand en ander maatreëls om die verspreiding van die virus te verhoed.

Aangesien die meeste van die wêreld se ekonomiese noodgedwonge een of ander vorm van inperking moes instel, is voorspellings vir ekonomiese groei grootliks verrydel en ekonomiese en ander strategiese planne ontpoor. Soos wat die wêreld gestoei het met toepaslike reaksies op die verskillende aspekte van die impak van die pandemie, het GVSD na vore getree as 'n belangrike tematiese respons, met regerings en sakelui dwarsoor die wêreld wat tot die besef gekom het dat om dit makliker, vinniger en goedkoper te maak om sake te doen, 'n verstandige en bewese pad na ekonomiese groei en werkskepping is. Terwyl ekonomiese herstel dus om klaarblyklike redes 'n prominente eienskap sal wees van die eenheid se planne en aktiwiteite oor die mediumtermyn-tydperk, sal die boustene van die pre-pandemiese steeds tyd in plek bly. Dit kan soos volg opgesom word: Aanvaarding van 'n Hele Gemeenskap-benadering tot GVSD; 'n strewe na verandering van die kultuur rondom dienslewering (veral aan besighede); instandhouding van die drieledige strategie van regulatoriese hersiening, sakeprosesverbetering en verbetering van kommunikasie/bewusmaking en, laastens, die onderneem van gereelde, gestruktureerde assesserings m.b.t. die impak van GVSD ingrypings in die provinsie, regoor alle regeringsfere.

Tydens die beplanning van ingrypings, sal die eenheid bewus bly van beperkings met betrekking tot die vlakke van beheer en invloed, veral buite die WKR, om die hoogste vlakke van sukses met implementasie te behaal. Die eenheid se ingrypings sal ook beplan en uitgevoer word teen die agtergrond van die Werkskepping-tema van die Wes-Kaapse Herstelplan, wat daarop gemik is om beide die ekonomiese uitdagings wat meegebring is deur die pandemie en dié wat reeds pre-pandemie bestaan het, en gelei het tot 'n konsekwente lae groeiakoers in die Wes-Kaap en die land, aanspreek. Verhoging van die GVSD het die potensiaal om die grootste enkele bydraer te wees tot die bereiking van die Departement se doelwit om die Wes-Kaap te posisioneer as die beste streekseksonomie in Afrika.

Die kulturele verandering onder WKR werknemers, sowel as beamptes in ander regeringsfere, aan wie die taak opgelê is om besigheidsfront dienste te lewer, is van uiterste belang as ons die "Oop vir Besigheid" kultuur wil vestig wat 'n voorvereiste is vir ekonomiese groei en werkskepping. Dis van besondere belang in die munisipale sfeer, waar die Departement wedersyds-voordelige verhoudings oor baie jare gevestig en in stand gehou het. Ons sal op hierdie verhoudings kapitaliseer om GVSD in te bed as 'n prioriteit in plaaslike regering in die Wes-Kaap. Vennootskappe met nasionale regeringsdepartemente sal aktief nagestreef word om dienslewering deur daardie departemente in die provinsie te verbeter.

Die Gemak van Sake Doen-ingrypings sal die Werksgeleentede-tema van die Wes-Kaapse Herstelplan ondersteun. GVSD is een van die belangrikste gebiede wat ingryping vereis ten einde werk te skep en die Wes-Kaapse eksonomie te ontwikkel in die lig van die Covid-19 pandemie.

VIP 2: Groei en Werksgeleenthede – Die eenheid sal voortgaan met sy onlangse pogings om die doeltreffendheid van die uitvoerstelsel te verhoog ten einde uitvoere te ontwikkel, die Departement se Prioriteit 2 volgens sy Strategiese Plan 2020 – 2025. Die ingrypings sal fokus op fisiese infrastruktuur in die hawe- en toevoergebiede, soos houerdepots, toerusting, sagteware stelsels, verkeersbestuur en dokumentêre vereistes, wat die hawewerksaamhede in ooreenstemming wil bring met internasionale beste praktyk, en regulatoriese of gehoorgewingstruikelblokke wat die groei van uitvoerhandel beperk, wil verwyder of verminder. Breedweg gesproke, wil die GVSD-ingrypings die bindende en sistemiese beperkings asook die rompslomp in die regering (in alle sfere) en sy agentskappe aanspreek, wat ekonomiese groei en uiteindelik werkskepping inhibeer.

VIP 5: Innovering en Kultuur: Covid-19 het die opname en versnelling van innovering teen 'n ongekende tempo noodsaaklik gemaak. Dit, saam met 'n instaatstellende omgewing vry van beperkend en onnodige regulasies, sal lei tot individue en besighede wat nuwe innovasies, ontwerpe en modelle beproef in die soeke na oplossings vir die uitdagings waarmee hulle te kampe het. Die eenheid se ingrypings wil innovering inspan en daarop kapitaliseer as 'n dryfkrag in die soektog na oplossings. Dit sal dus voortgaan om saam te werk met ander departemente (en met die Departement van die Premier in die besonder) om kultuur- en gedragsverandering te benut om lewering van besigheidsfront dienste "burgersentries" te maak (met besighede wat as ekonomiese burgers beskou word), in ooreenstemming met VIP 5 se uitkomst van "Positiewe diensgebruiker-ervaring" en "Verbetering in doeltreffendheid van regeringsdienste aan burgers".

Soos hierbo genoem, is die program primêr verantwoordelik vir die skep van 'n instaatstellende omgewing vir ekonomiese groei en werkskepping. Die subprogram onderneem dus om die temas van Werksgeleenthede, Veiligheid en Welstand te bevredig. Soos wat genoem is in die Premier se spesiale toespraak in Oktober 2020, kan daar geen waardigheid en welstand in ons gemeenskappe wees sonder werk nie. Hy het ook gesê “wanneer jy 'n werk het, wanneer jy veilig voel, en wanneer jy met waardigheid behandel word, skep jy welstand en hoop”.

Die volgende strategiese fokusgebiede, wat voorheen geïdentifiseer is waarmee reeds begin is in die tussentyd, sal nagestreef word:

Fokusgebied 1: Verbeterde gevallebestuur

Oor die afgelope paar jaar is 'n groter kompleksiteit waargeneem in die sake wat na die program verwys word vir ondersoek en oplossing. Dit dien ook as 'n goeie aanwyser van die sistemiese uitdagings waarmee die sakewêreld gekonfronteer word. Professionele leiding en raad van 'n hoë gehalte, tesame met vinnige oplossing van probleme ervaar deur die sakewêreld en beleggers, hou massiewe groeipotensiaal in vir die provinsiale ekonomie. Gevolglik word dit in die vooruitsig gestel dat, mits die begroting dit toelaat, gevallebestuur die toegewysde funksie van 'n klein span personeellede sal wees.

Fokusgebied 2: Aanspreek van sistemiese doeltreffendhede en verstoppings

Ekonomiese groei in Suid-Afrika, en by implikasie in die Wes-Kaap, is negatief geaffekteer deur 'n kombinasie van bindende beperkings (bv. misdaad en inploffende infrastruktuur) en sistemiese verstoppings (bv. swak administratiewe stelsels, onbehelpsame beamptes en/of wetgewing wat 'n las is). Dit is welbekend, na aanleiding van navorsing en aanwysers, en gedemonstreer deur internasionale beste praktyke, dat verbeterde doeltreffendhede in prosedures en administratiewe stelsels, en die herroeping of wysiging van beswarende wetgewing en aanspreek van bindende beperkings, die potensiaal en groei van nywerheidsektore as geheel of waardekettings kan ontsluit.

Die Departement sal dus voortgaan met bestaande ingrypings of met nuwes begin op die volgende gebiede: Die hawe van Kaapstad, ten opsigte waarvan verskeie kwessies aangespreek sal word in die hele waardeketting van boer/produsent, vervoermaatskappye, stoorfasiliteite en tot by hawe en skip; vervoerlogistiek (met spesifieke klem op abnormale vragte); konstruksie en grondgebruik (insluitende hersonering en afwykings; erfenisbewaring en goedkeuring en omgewingsmagtiging ens.); verkrygingsstelsels in die WKR (met 'n fokus op verkrygingshervorming om kleiner firmas/ondernemings/operateurs) te bevoordeel); wetgewende hervorming vir die instaatstelling, aanmoediging en aansporing van townshipontwikkeling en ekonomiese groei.

Die eenheid sal nuwe ingrypings identifiseer met inagneming van die primêre WKR strategiese doelwitte van groei en werkskepping en die topprioriteit van uitvoergroei. Hierdie ingrypings sal gedryf word deur die probleemgedrewe herhalende benadering (PGHB). Wetgewende hervorming sal ook aangewend word as 'n strategie om die gemak van sake doen te fasiliteer en te verbeter en om die skepping van 'n verbeterde regulatoriese omgewing in die provinsie te versnel.

Fokusgebied 3: Ekonomiese voorspraak

Soos voorheen genoem met verwysing na VIP 5, is dit van die allegrootste belang om 'n houding van ekonomiese leierskap en diensleweringssuïtmuntendheid onder beamptes te kweek. Die erkenning van "besigheid as 'n burger" is, vanuit die oogpunt van ekonomiese ontwikkeling en groei, van uiterste belang as 'n eerste stap in die rigting van die veranderde denke wat van beamptes vereis word indien dit bereik kan word.

Die GVSD program sal dus saamwerk met die DvdP om te versker dat die GVSD geïntegreer word in daardie departement se “Nuwe Werkswyse” program, wat daarop gemik is om kultuur- en gedragsveranderinge onder beamptes en departementele bestuurspanne teweeg te bring.

Ten einde GVSD transversaal te dryf, sal die Departement bestaande platforms gebruik, en, waar nodig, nuwe platforms stig vir WKR departemente, munisipaliteite en die sakesektor om met mekaar te skakel, van mekaar te leer en mekaar te ondersteun in die najaag van die gemeenskaplike doelwitte van ekonomiese groei en werkskepping. Sulke platforms is veral belangrik in kollektiewe steunwerwing vir wetgewende en ander hervorming, soos duidelik geïllustreer is gedurende die vroeër fases van die inperking, toe die sakesektor en WKR saamgewerk het in ‘n poging om die verslapping van die inperkingsregulasies en reëls te bewerkstellig.

Fokusgebied 4: Meting, impak-assessering en indeksering

Volgens beraming het rompslomp ongeveer R20 miljard (ongeveer 3% van BBP) bygedra tot die koste van sake doen in die Wes-Kaap in 2018/19. Die meting van sulke koste, beide voor en na ingryping deur die regering, is uiters belangrik as ‘n aanwyser van beide die voorafbestaande status en die vordering wat gemaak is met die skep van ‘n meer bevorderlike sake-omgewing in die provinsie. Die eenheid sal die impak van die ingrypings meet om te verseker dat maksimum waarde vir geld verkry word vir die fondse wat bestee en die werk wat verrig is.

Die kumulatiewe waarde van die oplossing van gevalle, sowel as van al die ander ingrypings, sal getabuleer word en ‘n spesifieke impak-assesseringmodel sal gebruik word om impak te bepaal en te kwantifiseer. Dit is gebiedend noodsaaklik ten einde boek te hou van die WKR se vordering in sy poging om die ambisieuse teiken van R5 miljoen in besparings en voordele uit GVSD ingrypings te behaal. Meting en indeksering teen ander ekonomieë is hierbenewens ook ‘n belangrike en doeltreffende manier om op hoogte te bly van die nuutste tendense, metodologieë en werktuie wat gebruik word in die stryd teen rompslomp en die bevordering van GVSD.

6.5.5 Subprogram 2.4: Hoofrisiko’s

Uitkoms	Hoofrisiko	Risikovermindering
Verbeterde GVSD	Die onvermoë om GVSD-inisiatiewe te implementeer wat veroorsaak is deur die gebrek aan verbintenis en/of deelname deur provinsiale en nasionale regeringsdepartemente en/of munisipaliteite, sal lei tot mislukking met die verbetering van sakefrontdienste en/of die sake/regulatoriese omgewing.	<ul style="list-style-type: none"> • Verkry formele verbintenis d.m.v. betydse en voortgesette konsultasie met leierskap in departemente en munisipaliteite. • Gereelde kommunikasie met departemente om hulle ingelig te hou oor ontwikkeling.

		<ul style="list-style-type: none">• Gee betyds kennis van beoogde implementering en moontlike veranderings.
--	--	---

6.6

PROGRAMHULPBRONOORWEGINGS

Begrotingstoewysing aan Program en Subprogramme

Sub-program	Geouditeer			Hoofbegroting	Gewysigde begroting	Hersiene skatting	Mediumtermyn-besteding		
1. Ondernemingsontwikkeling	22 314	28 735	44 995	48 499	66 714	66 714	27 139	31 174	31 198
2. Streeks- en Plaaslike Ekonomiese Ontwikkeling	6 828	7 906	10 979	6 168	11 419	11 419	10 503	10 544	10 574
3. Ekonomiese Bemagtiging		-	-	-	-	-	-	-	-
4. Rompslomp	8 032	9 509	10 297	24 023	12 371	12 371	13 715	15 933	17 325
Totale betalings en skattings	37 174	46 150	66 271	78 690	90 504	90 504	51 357	57 651	59 097
Ekonomiese klassifikasie R'000									
Lopende Betalings	30 091	32 962	28 771	59 181	28 627	28 627	26 217	28 511	29 957
Vergoeding van werknemers	17 602	18 351	19 954	28 517	19 349	19 349	19 957	20 303	20 725
Goedere en dienste	12 489	14 611	8 817	30 664	9 278	9 278	6 260	8 208	9 232
Rente en huur van grond									
Oordragte en subsidies	6 285	13 122	37 230	19 509	61 877	61 877	25 140	29 140	29 140

Provinsies en munisipaliteite			5 950	1 110	1 624	1 624			
Departementele Agentskappe en rekeninge			1 639	-	5 000	5 000			
Universiteite en Tegnikonse				1 600	1 230	1 230			
Buitelandse regeringse en internasionale organisasies									
Openbare korporasies en private ondernemings	3 530	7 877	9 432	11 976	47 001	47 001	1 500	1 500	1 500
Instansies sonder winsbejag	2 000	5 000	19 863	4 823	6 782	6 782	23 400	27 400	27 400
Huishoudings	755	245	346		240	240	240	240	240
Oordragte en subsidies aan Kapitaal									
Staats-Motorhandel rekening									

Vervolg op volgende bladsy

Sub-program	Geouditeer			Hoofbegroting	Gewysigde begroting	Hersiene skatting	Mediumtermyn-besteding		
Betalings vir kapitale bates	783	66	261						
Geboue en ander nie-roerende strukture									
Masjinerie en toerusting	783	66	261						
Erfenisbates									
Gespesialiseerde militêre bates									
Biologiese bates									
Grond en ondergrondse bates									
Sagteware en ander ontasbare bates									
Betaling vir finansiele bates	15		9						
Totale ekonomiese klassifikasie	37 174	46 150	66 271	78 690	90 504	90 504	51 357	57 651	59 097

Verduideliking van die bydrae van hulpbronne tot die behaal van uitsette

As gevolg van Covid-19 en die meegaande begrotingsbesnoeiings is 'n totale begroting van R51 357 miljoen aan die program toegewys, wat vergoeding van werknemers en bedryfsbegroting insluit. Die negatiewe persentasieverandering jaar-op-jaar sal 'n swaar las wees vir die program aangesien soortgelyke JPP teikens vir 2020/21 in stand gehou sal word met 'n verminderde begroting. Intussen is die organisatoriese ontwikkelingsoefening wat oorspronklik beplan was vir die program in 2020/21, verder vertraag as gevolg van COE besuinigingsmaatreëls.

Laastens is die program daarvoor verantwoordelik om die doelwitte van GVSD te behaal in die Werksgeleenthede tema van die Wes-Kaapse Herstelplan, wat onlosmaaklik verbind is aan hulpbrontoewysing. Die program sal dus sy toewysings strategies moet aanwend om sy verantwoordelikhede en uitset-teikens te lewer. Dit sal voorts sy netwerke as hefboome aanwend om moontlike sinergieë in ander regeringsprogramme en/of departemente en nywerhede in die Wes-Kaap te identifiseer. Die program sal ook ondersoek instel na die benutting van mensekapitaal van ander programme binne DEOT soos en wanneer benodig vir spesifieke ingrypings wat aangewend word.

PROGRAM 3:

**HANDELS- EN
SEKTORALE
ONTWIKKELING**

7. PROGRAM 3: HANDELS- EN SEKTORALE ONTWIKKELING

7.1 DOEL

Om ekonomiese groei in geteikende sektore te stimuleer deur middel van nywerheidsontwikkeling en die bevordering van handel en belegging.

7.2 SUBPROGRAM 3.1: DIE BEVORDERING VAN HANDEL EN BELEGGING

7.2.1 Doel

Om hulpbronne aan die openbare entiteit vir die bevordering van toerisme, handel en belegging te verskaf om hom in staat te stel om sy mandaat uit te voer soos gedefinieer in die Wet op die Wes-Kaapse Agentskap vir die Bevordering van Belegging en Handel, 1996 (Wet 3 van 1996), soos gewysig.

7.2.2 Subprogram 3.1: Uitkomst, Uitsette, Prestasie-aanwysers en Teikens.

Uitkomst	Uitsette	Uitset Aanwysers	Geouditeerde/Werklike Prestasie			Geskatte Prestasie	MTBR-tydperk		
Toename in uitvoere	Oorsig van Wesgro-handelsbevordering	3.1 Getal Handelsbevoerderings-oorsigverslae opgestel	Nuwe aanwyser	Nuwe aanwyser	Nuwer aanwyser	4	4	4	4
Groter Rand waarde van belegging	Oorsig van Wesgro-handelsbevordering	3.2 Getal Beleggings-oorsigverslae opgestel	Nuwer aanwyser	Nuwer aanwyser	Nuwer aanwyser	4	4	4	4

--	--	--	--	--	--	--	--	--	--

7.2.3 Subprogram 3.1: Aanwyser, Jaarlikse en Kwartaallikse Teikens

	Jaarlikse				
3.1 Getal Handelsbevordering-oorsigverslae opgestel	4	1	1	1	1
3.2 Getal Beleggingsbevordering-oorsigverslae opgestel	4	1	1	1	1

7.2.4 Verduideliking van beplande prestasie oor die mediumtermyn-tydperk

Die prioriteite wat onder hierdie subprogram geïdentifiseer is, stem ooreen met die VIP 2 wat groei en werksgeleenthede ondersteun, MTSR- prioriteit 2 van Ekonomiese Transformasie en Werkskepping, die PSP agenda, Nasionale Beleid en Strategieë, sowel as die Departement se vyfjaar-strategieplan en die Werksgeleenthede tema van die Wes-Kaapse Herstelplan.

Wesgro ('n skedule 3- penbare entiteit) se strategiese magte, soos bepaal deur die Wet op die Wes-Kaapse Agentskap vir die Bevordering van Belegging en Handel, 1996 (Wet 3 van 1996), soos gewysig, sluit in:

- Om bemarkingsbystand en deskundige en gespesialiseerde raad, inligting en riglyne te verskaf ten opsigte van toerisme, handel en belegging aan enige besigheid, maatskappy of vereniging van persone wat dit van die Agentskap versoek of die Agentskap sou help om sy doelwitte te behaal.

- Om namens die Provinsie op te tree as die agent vir die bevordering van toerisme, handel en belegging en om gekoördineerde bestemmingsbemarkingsaktiwiteite vir die Wes-Kaap te fasiliteer.
- Om 'n Provinsiale toerisme-, handel- en bemarkingstrategie te ontwikkel, te implementeer en te bevorder en om enige projek te implementeer wat groei in die ekonomie van die Wes-Kaap sal verwesenlik.

Ten einde te reageer op die uitbreek van Covid-19 en die afgradering van Suid-Afrika se skuld, het Wesgro aktiwiteite en begrotings vir die 2021/22 boekjaar hersien ten opsigte van hulle skakeling met sake-aanpassing en herstel in die Wes-Kaap. Die Wesgro spanne het hulle werksaamhede aangepas om diens te kan lewer aan hulle kliënte gedurende die krisis. Herontwerpte werksaamhede en begrotings fokus lewering na virtuele platforms in die huidige bedryfstoeestand. Die Agentskap implementeer 'n stapsgewyse benadering om herstel te dryf namate die wêreld weereens ontvanklik word vir belegging en handelsaktiwiteite.

Wesgro se strategiese opdrag is interne heropbou, wat beteken dit sal fokus op plaaslike besighede in die Wes-Kaap en binnelandse toerisme. Met hierdie doel voor oë, kan die volgende hoogtepunte, soos ook direk verwant aan Wesgro se wetgewende mandaat, uitgelig word:

- Belegging – 80% van inspanning om plaaslike besighede te ondersteun en ontwikkeling van 'n sakesteun-pyplyn
- Uitvoere – virtuele inwaartse en uitwaartse missies met die hoofokus op uitvoere en verlening van bystand aan uitvoerders.
- Toerisme – bestemmingsreputasiebestuur en binnelandse toerisme.

Handel

Die Departement saam met Wesgro sal programme ondersteun en implementeer wat Wes-Kaapse ondernemings globaal meer mededingend sal maak wat betref uitvoeraktiwiteite, met die doel om deelname aan die globale ekonomie moontlik te maak wat handels- en indiensnemingsgeleenthede sal skep. Dit sal bereik word deur die koördinerende en verspreiding van handelskennis, sowel as bevordering van ons produkte en dienste by binnelandse, internasionale en Afrika-wye sakeooreenkomste en geleenthede met belanghebbendes in die bedryf en ander strategiese vennote uit geïdentifiseerde sektore. Die oogmerk is om handelsaktiwiteite te vermeerder. Die befondsing wat deur DEOT aan Wesgro verskaf word beoog om ongeveer 50 sake-ooreenkomste te realiseer in verband met handel per jaar. Dit sal omgeskakel word in tussen R1.6 miljard en R2.8 miljard per jaar in geskatte randwaarde vir die Wes-Kaap. Die impak van die bykomende uitvoere, wat uit die sake-ooreenkomste vloei, op werkskepping, sal tussen 330 en 541 werksgeleenthede per jaar wees. Vir verdere besonderhede hieroor, verwys asseblief na Wesgro se 2021/2022 JPP.

Bevordering van handel sal fokus op:

- Die finalisering en implementering van die Uitvoerstrategie.
- Die voorsiening van markintelligensie om besluitnemingsprosesse by maatskappye te ondersteun;

- Steunwerwing by nasionale regering om internasionale markte uit te soek waarvoor steun verskaf sal word aan maatskappye deur betroubare markontleding te gebruik en die privaatsektor te raadpleeg; en
- Die verskaffing van die nodige ondersteuning aan maatskappye deur uitwaartse verkoopsendings en deur internasionale handelskoue by te woon.

Marktoegang en -Ontwikkeling sal fokus op:

- Identifisering van handelstruikelblokke, sowel tariewe as NTB's, en om deur voorspraak die sektore en Nasionale Regering oor die beste oplossings te adviseer;
- Ingrypings wat sal insluit die bevoordeirng van handelsooreenkomste en bystand aan maatskappy verleen om die vereiste gehoorgewing-in-mark-sertifisering te bekom – insluitende dié van stelsels en prosesse.

Belegging

Die klem sal val op die lok van binnelandse en buitelandse belegging deur bevordering van die streek as 'n plek vir geteikende subsektore. Die fokus sal wees op di verbetering van die sake-omgewing vir beide plaaslike en buitelandse maatskappye wat hulle huidige aktiwiteite wil uitbrei. Hierdie bykomstige belegging sal lei tot 'n toename in BBP en potensiële werkskepping. Die befondsing wat deur DEOT aan Wesgro verskaf word vir hierdie program beoog om ongeveer 15 beleggingsprojekte te realiseer. Dit sal na beraming omgeskakel word na tussen R1.85 en R2.69 miljard aan beleggings per jaar in geskatte randwaarde vir die Wes-Kaap.

Raadpleeg asseblief Wesgro se 2021022 JPP vir verdere besonderhede oor bogenoemde.

Beleggingsbevordering sal fokus op:

- Die finalisering en implementering van die Beleggingstrategie;
- Die ontwikkeling van gesonde belegging- en sake-behoud- en uitbreidingstrategie;
- Steunwerwing by nasionale regering en ander tersaaklike belanghebbendes om beleid en aansporings te ontwikkel wat relevant en responsief is tot die privaatsektor se behoeftes en buigzaam genoeg om sulke behoeftes te akkommodeer;
- Versterking van die beleggingswerwingsmissies se pogings deur verbetering van die gehalte van data deur gebruikmaking van betroubare beleggingsvloei-ontledingsinstrumente en platforms.

7.3 SUBPROGRAM 3.2: SEKTORALE ONTWIKKELING

7.3.1 Doel

Om ekonomiese groei in verhandelbare sektore te stimuleer deur tasbare programme, bedryfsteunmaatreëls en die implementering van planne en strategieë wat sal lei tot ekonomiese groei en werkskepping deur middel van die groei van uitvoeraktiwiteite en toename in beleggings in geprioritiseerde sektore van die Wes-Kaapse ekonomie.

7.3.2 Sub-program 3.2: Uitkomst, Uitsette, Prestasie-aanwysers en Teikens

				Jaarlikse Teikens			

Toename in uitvoere	Sektorale inisiatiewe ondersteun	3.3 Getal sektorale inisiatiewe ondersteun	Nuwe aanwyser	Nuwe aanwyser	Nuwe aanwyser	8	8	8	8
---------------------	----------------------------------	--	---------------	---------------	---------------	---	---	---	---

7.3.3 Sub-program 3.2: Aanwyser, Jaarlikse en Kwartaallikse Teikens

	Jaarlikse				
3.3 Getal sektorale inisiatiewe ondersteun	8	-	-	-	8

Die Handels- en Sektorale Ontwikkelingsprogram sal bydra tot die behaal van die VIP 2- prioriteit wat fokus op die uitbreiding van uitvoere en beleggings. Die Program sal ook in alle PSP-fokusgebiede werksaam wees, maar sal meer andag gee and die Lok van Beleggings en Verhandelbare Sektore. Die Program se werks- en aksieplanne stem ooreen met Nasionale Beleide, Strategieë en Uitkomste in veral die NOP so wel as die MTSR prioriteit 2 van Ekonomiese Transformasie en Werkskepping. In respons tot die Wes-Kaapse Herstelplan, het die sektorale ontwikkelingsplan sektorale planne ontwikkel ten einde kwesbare sektore soos Toerisme en Agri-Prosessering, Vervaardiging en Dienste te ondersteun, wat almal spesifieke steunmeganismes benodig om ekonomiese herstel sowel as werkskepping oor die volgende kort- en mediumtermyn te bewerkstellig. Hierdie sektorale planne is ontwikkel in oorleg met die privaatsektor en ander Regeringsdepartemente om die nodige platforms te skep vir interaksie en dienooreenkomstige ooreengekome sektorale prioriteite.

Die Program fasiliteer die stimulering van ekonomiese groei en werkskepping deur sektorale ontwikkeling en sektorale steun, wat lei tot verhoogde handels- en beleggingsaktiwiteite in die Wes-Kaapse ekonomie.

Sektorale ontwikkeling is belangrik aangesien dit groei en ontwikkeling stimuleer in die ekonomie, beide direk en indirek, deur middel van ekonomiese skakelings langs die waardekettings van die verskillende bedrywe. Om die sektorale ontwikkelingspotensiaal en behoeftes van die verskillende sektore ge bepaal, is dit noodsaaklik dat sektorale navorsing gedoen word om getuigenisgegronde beplanning te verseker. Die Departement se doelwitte is om werkloosheid te verminder deur instaatstellende toestande vir ekonomiese groei te skep en die rol van fasiliteerder vir hoofsektore binne die Wes-Kaapse ekonomie te speel.

Die Departement sal hoof-verhandelbare sektore sowel as sektore met agtergeblewe aanvraaggedrewe potensiaal ondersteun om die getal handelstransaksies ten opsigte van maatskappy wat goedere en dienste uitvoer, te vermeerder. Toename in plaaslike firmas wat meer uitvoer en wat ingevoerde insetprodukte en -dienste vervang wat by enige prosesseringsaktiwiteite gebruik word, sal 'n direkte impak op die BNP van die Wes-Kaapse en Suid-Afrikaanse ekonomie het. Die bykomende handelsaktiwiteit sal 'n direkte impak op sowel werkskepping as ekonomiese groei hê.

Wat katalitiese inisiatiewe betref, is die benadering om ekonomiese projekte te identifiseer en te ontwikkel wat uiteraard transformatief van aard is en die instaatstellende omgewing waarin besighede en sekere bedrywe werksaam is, verbeter. Die Program mik daarna om kritieke inhibeerders vir ekonomiese groei te oorkom en/of te kapitaliseer op ekonomiese geleenthede wat vorendag kom weens markkragte of tegnologiese vooruitgang.

Die idee van industrialisering word onderlê deur die basiese konsepte en prosesse rondom toenames in waardetoevoeging. Primêre sektore kombineer produksiefaktore in relatief simplistiese en direkte verhoudings. Daarom het die ontginning van minerale (mynwese), voedingstowwe (landbou, visserye) en natuurlike materiale (steengroewe, bosbou) uit die aarde laer vlakke van waardetoevoeging en neem meestal ongeskoolde of laaggeskoolde arbeid in diens.

Sekondêre sektore verhoog waardetoevoeging deur beter produksietegniese in te sluit en deur die ontwikkeling van langer, ingewikkelder waardekettings. Dit laat hoër vlakke van entrepreneurskap en die totstandkoming van meer gesofistikeerde en gespesialiseerde firmas toe, sowel as die absorpsie van arbeid op hoër vlakke van bekwaamheid en vaardigheid. Die toename in gesofistikeerdheid lei nie net tot die ontwikkeling van tersiêre sektore

(deur dienste aan die industriële sektore te bied) nie, maar vorm ook die deurgang vir die ekonomie om in die rigting van die tersiêre sektore te beweeg.

Deur die verbetering in die organisering en toepassing van insette, raak dit die dryfkrag agter volhoubare groei en werkskepping. Dit kan groot ekonomiese hervorming en self transformasie kataliseer deur aansienlike vooruitgang in produktiwiteit en mededingendheid. Dit gaan ook hand aan hand met vermenigvuldigers en teugskakels, verskaf werk van gehalte en kan help met verhoogde uitvoere. Groei in die vervaardigingsektor is ook 'n voorvereiste om werkskepping en groei in die tersiêre sektore te dryf.

Ekonomiese aktiwiteit met selfs groter waardetoevoeging (as in die sekondêre sektor) vereis 'n grondslag of groot volumes vaardige werkers en firmas (entrepreneurs) wat teen hoë vlakke van gesofistikeerdheid en produktiwiteit werksaam is. Daarom, gegrond op die benadering tot verhandelbare sektore en prioritering van spesifieke sektore en bedrywe, sal sektorale ontwikkeling en steuningrypings inskakel by die volgende sektore:

- Agri-Prosessering
- Vervaardiging
- Mariene/Oseaan-ekonomie
- Finansiering, Sakedienste en Sakeproses-uitkontraktering (SPU)
- Toerisme

Die sektorale ondersteuningsinisiatiewe sal betrekking hê op ses hoofdienste wat deur elke sektorlessenaar aangebied word, naamlik:

- **beleid:** Verstaan beleidsomgewing, identifiseer beleidsleemtes en ontwikkel nuwe beleid.
- **navorsing en sektorale insigte:** Ontwikkel sektorale intelligensie en versamel navorsing wat gedoen word in om navorsing aanlyn te publiseer.
- **beleggings- en handelontwikkeling:** Identifisering van sektorale behoeftes in verband met handelontwikkeling om maatskapye uitvoergereed te maak, sowel as beleggingsgereedheid en verbandhoudende ingrypings deur munisipaliteite, ens.
- **Bedryfsaksieplatforms:** Skep platforms waarop daar met bedryfsvennote geskakel kan word sodat hulle 'n doeltreffende rol in elke ekosistelsel kan speel.
- **Identifisering en koördinerende van katalitiese sektorale ingrypings:** Identifiseer geleenthede per sektor en koördineer katalitiese geleenthede transversaal regoor die DEOT.
- **Bedryfsaanporings:** Skakel met Nasionale aansporings- en befondsingsgeleenthede beskikbaar vir elke bedryf.

Die doelwit om sektorale kontakpunte te hê vir elke prioriteitsektor is om te verseker dat sektorale behoeftes, instaatstellers en geleenthede goed gekoördineer word binne die Departemente. Die sektorale ontwikkelings-

direktorate sal nie altyd verantwoordelik wees vir die implementering van ingrypings nie maar wel vir die strategiese koördinerings van die sektorale aktiwiteite binne die Departement.

7.3.4 Verduideliking van beplande prestasie oor die mediumtermyn-tydperk

AGRI-PROSESSERING SEKTOR

Die Agri-prosesseringsektor is 'n beduidende deel van die ekonomie en was vir 4.9% van ekonomiese aktiwiteit in Suid-Afrika en 3.2% van die arbeidsmag in 2018 verantwoordelik. As Agri-prosessering egter wyer gesien word om ook die primêre landbousektor wat dit voorsien, in te sluit, dan styg hierdie aandeel tot 7.3% en 10.2 % respektiewelik. Hierdie aandeel is hoër vir die Wes-Kaap, waar die twee sektore gesamentlik verantwoordelik is vir 10.7 % van ekonomiese aktiwiteit en 13.3% van indiensneming.

Die Agri-prosesseringsektor maak dus 'n beduidende bydrae tot die ekonomie en speel 'n belangrike rol in die verwesenliking van die WKR se doel om openbare dienste te rig daarop om 'n meer suksesvolle provinsiale ekonomie te skep, met geleenthede om te floreer, deur toenemende volhoubare ekonomiese groei.

Terwyl die Wes-Kaapse-prosesseringsektor dus voorgaan om vooruitgang te maak en 'n baie belangrike bydrae maak tot die Wes-Kaapse ekonomie, is daar steeds beduidende uitdagings wat meegebring is deur die uitbreek van Covid-19.

Die Covid-19 pandemie het gelei tot grootskaalse produksiesluitings en aanvoerkettingontwrigtings. Alhoewel die voedselbedryf as noodsaaklik geag is en toegelaat is om voort te gaan met sy bedrywighede, is alkoholprodusente, veral in die wynbedryf, met potensieële uitdagings gekonfronteer as gevolg van die verbod op verkope van alkoholprodukte. Alhoewel meeste van die sektore binne Agri-prosessering nie ingeperk was nie, was daar ander subsektore, soos die wynbedryf, wat onderworpe was aan talle inperkings. Die binnelandse verbod op alkoholverkope het ook ander onvoorsiene gevolge gehad, wat insluit verdere werksverliese deur die waardeketting, insluitend verskaffers, boere, kelders, gasvryheids- en kleinhandelbedrywe, wat honderde-duisende broodwinners se bestaan bedreig het. Die beduidende getal kleiner kleinhandelaars, wyndruifprodusente, wynlandgoedere en die restaurante is die kwaaieste geknou. Die mees onmiddellike optrede vereis dat die klem geplaas moet word op die rol wat die sektor kan speel in die stimuleer van ekonomiese groei en werkskepping. Verskeie strategiese prioriteite is geïdentifiseer om te reageer op die ekonomiese geleenthede en om hulpbronne toe te wys waar hulle die grootste moontlike impak op die Wes-Kaapse ekonomie kan hê. Die plan beoog die verhoging van die vermoë van die Agri-prosesseringsektor om meer bekwaam en veerkragtig te wees in respons tot die veranderings in die mededingende landskap as gevolg van die uitbreek van Covid-19. 'n Kerndoelwit van die plan is om die Agri-prosesseringsektor te ondersteun met projeksies wat voorstel dat bykomende winsgewende besighede kan bestaan om groei en werkskepping 'n hupstoot te gee.

Die Agri-prosesseringsprestasiëplan is in ooreenstemming met die nasionale beleid in terme van die Nasionale Ontwikkelingsplan en die Konsep Meesterplan vir Landbou en Agri-Prosessering; wat in lyn is met die Provinsiale Strategiese Plan in term van die VIP 2 en die Wes-Kaapse Herstelplan. Die Werksgeleenthede-tema van die Wes-Kaapse Herstelplan het verligting en ondersteuning geïdentifiseer wat aan die ekonomie verleen sal word om dit te help om weer op sy voete te kom om onmiddellike ondersteuning te verskaf, veral wat betref die skepping en instandhouding van werksgeleenthede.

Ten einde doeltreffend op bogenoemde te kan reageer, wil die DEOT die Agri-Prosesserings Strategiese Plan ontwikkel wat as anker sal dien om die WKR se visiegeïnspireerde prioriteite te realiseer en sal bydra tot ekonomiese herstel.

Om op die uitdagings en impak veroorsaak deur Covid-19 te reageer, het die Departement van Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme 'n Ekonomiese Herstelplan (in die Wes-Kaapse Herstelplan geabsorbeer as die Werkskeppingstema) opgestel, wat die ontwikkeling van 'n Agri-prosessering sektorale plan in werking stel. Die Departement het die geleentheid aangegryp om 'n nuwe pad in te slaan vir geïntegreerde markontwikkeling, navorsing, ontwikkeling en verslapping van regulatoriese en markvereistes tot die voordeel van die Agri-prosesseringsektor deur die Sektorplan.

Die Departement sal die volgende twee duidelike uitdagings in die weg van sukses van die Agri-prosesseringsektor aanspreek:

1. Die uitvoer van grootmaat- en primêre- landbouprodukte sonder waardetoevoeging.
2. Die skerp styging in invoere van Agri-geprosesseerde produkte wat alreeds in Suid-Afrika geproduseer word.

Die Sektorplan behoort dus 'n stel Hoof-aksieplanne in te sluit wat verband hou met kwartaallikse mylpale en 'n duidelike aanduiding van ondersteunende departemente/agentskappe sowel as privaatsektorvennote vir elke Hoof-aksieplan in die volgende subsektore:

- Voedselverwerking
- Prosessering van drank
- Natuurlike produkte

Wat betref die boekjaar vir 2021/22, sal die Plan fokus op beter integrasie van transversale kwessies soos:

- Ontsluiting van markte vir firmas en hoof-subsektore.
- Aanspreek van bindende beperkings.
- Verhoging van plaaslike waardetoevoeging en vermindering van invoere.
- Versterking van vennootskappe vir lewering.
- Mobilisering van hulpbronne ter hefboming van befondsing.

VERVAARDIGINGSEKTOR

Die vervaardigingsektor is 'n belangrike sektor vir beide die Suid-Afrikaanse en Wes-Kaapse ekonomieë. Die vervaardigingsektor het bykans R95 miljard (of 15.5%) bygedra tot die provinsiale BWT en werk verskaf aan 322 058 mense (of 19% van nasionale vervaardigingsindiensneming) in 2019. Volgens die Stats SA verslag wat aan die begin van September 2020 vrygestel is, het Suid-Afrika se BNP met 51% gedaal in die tweede kwartaal van 2020 as gevolg van die impak van die Covid-19 inperkings sedert die einde van Maart 2020. Die Covid-19 pandemie het die uitdagings waarmee die provinsiale ekonomie geworstel het vererger en dit sal na verwagting lei tot 'n 10.4% inkrimping in die provinsiale ekonomiese aktiwiteite en 'n afname inindiensneming van 151 743 (6.4%) in 2020. Die huidige voorspelling is dat die Wes-Kaapse ekonomie eers in 2024 sal terugkeer na 2019 BWT vlakke tensy daadwerklike herstrukturering en bystand verleen word.

Die sektore wat negatief geraak is deur Covid-19 sluit in landbou (en die agri-waardeketting), konstruksie, vervaardiging en handel as gevolg van eksterne aanvraag- en aanvoerkettingineenstortings.

Covid-19 het 'n impak gehad op die winsgewendheid en kontantvloei van besighede, dit het gelei na verminderde aanvraag na produkte asook tot die kansellering van bestellings en het die waardekettings van die vervaardigingsbedrywe ontwig. Hierdie negatiewe gevolge sal verder strek as die huidige ekonomiese termyn en herstel sal stadig wees. Produktiewe sektore het nie net gestagneer nie, maar belangrike produktiewe bedrywe soos die vervaardigingsektor het werksverliese ervaar oor die afgelope dekade. Die bedrywe wat die ergste geraak is, is dié wat nie noodsaaklike dienste verskaf nie, soos die kleding- en tekstielbedryf, mariene vervaardiging en vervoertoerusting-subsektore,

Verhoogde produktiwiteit word vereis om ekonomiese groei te stimuleer en werk te skep soos uitgespel in die Wes-Kaapse Herstelplan. Derhalwe sal programme vir die ontwikkeling van die vervaardigingsektor intensief fokus op verbetering van produktiwiteit en vermindering van ondoeltreffendhede, wat op hulle beurt kan lei tot

verlaagde produksiekostes, verhoogde mededingendheid en bydra tot hoër langtermyn-uitsette. Om die vervaardigingsektor te herposisioneer vir ekonomiese groei en ontwikkeling, word ingrypings soos vaardighedsontwikkeling, innovering, lokalisering en belegging in produksie en tegnologiese kapasiteit voorgestel. Die volgende subsektore sal geteiken word as gevolg van hulle bydrae tot ekonomiese groei, uitvoermarkpotensiaal, werkskeppingsgeleenthede en behoud van huidige werksgeleenthede.

- i. Metale en ingenieurs- en verwante bedrywe
- ii. Mariene vervaardiging en verwante dienste
- iii. Kleding en tekstiel
- iv. Meubelsektor
- v. Groentegnologie
- vi. Farmaseutiese en Gesondheidstegnologie-bedryf

DEOT sal ingrypings fasiliteer wat gemik is op verbetering van handelsprestasie en groei van uitvoere gekoppel aan die vervaardigingsektor. Die strategiese fokusareas om die doelwitte van die Wes-Kaapse Herstelplan te behaal en om ekonomiese groei te stimuleer in die vervaardigingsektor, in samewerking met ander regeringsdepartemente, nywerheid, arbeid en ander strategiese vennote in die kort- en mediumtermyn sluit in:

- Ondernemings- en verskafferontwikkelingsingrypings met die fokus op die bou en versterking van subsektor spesifieke mededingendheid sowel as geleenthede vir transformasie en nuwe toetreders deur subsektor groepontwikkeling.
- Deurlopende produktiwiteitsverbeteringprogramme om veerkragtigheid te bou en maatskappye te ondersteun om betekenisvolle spelers in die plaaslike en globale ekonomie te wees.
- Koördinerende van marktoegang en handelsbevorderingsgeleenthede om potensiële uitvoermarkte en nuwe of nismarkte te identifiseer, insluitend die res van Afrika.
- Aanspreek van belangrike markbepenkings wat 'n impak het op toekomstige groei van die industrie.
- Vaardighedsontwikkelingsprogramme wat die subsektor-spesifieke vaardighede sal ondersteun.
- Ondersteun die ontwikkeling van infrastruktuurprojekte wat 'n instaatstellende omgewing sal skep.
- Bevorder en lok belegging na die nywerheid.
- Ontwikkel en handhaaf 'n doeltreffende sake- en belanghebbende-ekostelsel om sake- en verbruikersvertroue te verhoog.

OSEAANEKONOMIE

Agtergrond – Oseaanekonomie is 'n "lens" waardeur DEOT na verskillende ekonomiese sektore en bedrywe kyk wat met die oseaan te make het. Die Departement het 'n doelbewuste besluit geneem om hierdie fokusarea te prioritiseer gegewe die belangrikheid daarvan vir die ekonomie en as gevolg van die rol wat dit speel in ondersteuning van uitvoere, toerisme en mense se lewensinkomste. Wes-Kaapse Oseaanekonomie-strategie

word onderlê deur verskeie faktore soos belanghebberskakeling, omgewingsvolhoubaarheid, gehalte- mark- en waardekettingnavorsing, privaatsektorbetrokkenheid en identifisering van markgedrewe ekonomiese geleenthede.

Hierdie sektor is deur Covid-19 geaffekteer wat betref hoofbeleggingsprojekte soos die opgradering van die Hawe van Stad Kaapsad wat uitgestel is, verbod op uitvoer van kommoditeite soos perlemoen gedurende spesifieke inperkingsvlakke ens. Hierdie prioriteitsektor wat verband hou met mariene vervaardiging en kustoerisme-aktiwiteite en fokusgebiede sal dienooreenkomstig aangepas word in die nuwe boekjaar in verband met die Werksgeleenthede tema van die Wes-Kaapse Herstelplan.

Die uitbreiding van die oseaanekonomie van die Wes-Kaapse ekonomie as doelwit vereis 'n programmatiese benadering regoor die kusdistrikte, ingelig deur insette van belanghebbendes, waar nodig. Die diensaanbod sal derhalwe die volgende programme en inisiatiewe insluit:

Bedryfsaksieplatforms – Gegewe die omvang en die belang van die Oseaanekonomie-subsektore en bedrywe in die Wes-Kaapse ekonomie, is platforms waarop met belanghebbendes geskakel kan word van deurslaggewende belang om groeigeleenthede te kan ontsluit. Sekere platforms is ruimtelik van aard terwyl ander sektoraal is en sommige neig om 'n klusterformaat aan te neem.

Groot klem sal geplaas word op die versterking van werksverhoudinge tussen die sferes van die regering, privaatsektor en staatsagentskappe om die soomlose implementering van Oseaanekonomie-inisiatiewe te verseker. Die Wes-Kaapse Oseaanekonomie-Werksgroep is op die been gebring met die doel om hierdie rol te vervul. Die werkgroep, in vennootskap met die kusunisipaliteite, sal uitgebrei word om meer privaatsektorbelangebbendes in te sluit, met die doel om implementering van ekonomiese geleenthede te bespreek.

Navorsing en Sektorale insigte – Daar is baie Oseaanekonomie-navorsing beskikbaar wat deur verskeie konsultante vir verskillende regeringsdepartemente en munisipaliteite voorberei is. Die klem sal wees daarop om bestaande inligting te versamel en dit in 'n gebruikersvriendelike formaat te verpak sodat belanghebbendes ingelig kan word oor gebeure. Dit sal geïmplementeer word deur die waardeketting-kapasiteitsbouprogram en die markontwikkelingprogram. Die doelwit is om mark- en sektorale intelligensie te genereer regoor verskeie geprioritiseerde waardekettings, en om hierdie inligting langs verskeie kanale te deel met belanghebbendes.

Beleid – 'n Herevaluering van verskeie bestaande groeibeperkende beleide is uiters belangrik indien die Oseaan Ekonomie-geleenthede tot voordeel kan strek van die kugemeenskappe, wat dikwels totaal afhanklik is van die oseaan vir voedsel en werk. Klem sal geplaas word op die nabye monitering van alle nuwe wetgewing wat relevant is tot die ondersteuning van die groei van talle Oseaanekonomie-subsektore en bedrywe. In vennootskap met die privaatsektor deur middel van die bedryfsvennootskapsprogram, sal beleidsvoorstelle en/of wysigings deur die aangewese kanale gemaak word aan die relevante owerhede.

Bevordering van belegging en handel – Groter klem sal geplaas word op die ondersteuning van die groei van uitvoere ten opsigte van beide goedere en dienste. Groeiende uitvoere sal groot belegging vereis om die uitbreiding van fasiliteite te ondersteun en sodoende die uitvoervolume van beide goedere en dienste verder te vergroot.

Vennootskappe met die Ontwikkelingsfinansierings-instansies en ander sfere van regering sal deurslaggewend wees om maklike toegang tot die grond en infrastruktuur onder hulle beheer te verseker vir beleggingswerwingdoeleindes.

Identifisering en Koördinerings van Katalisators – Geteikende skakeling met belanghebbendes sal onderneem word, of werksinkels sal gehou word, regoor alle kusdistrikte om deurlopend 'n lys van katalitiese inisiatiewe te identifiseer en te verfyn. Die interaksie sal verseker dat die privaatsektor voortgaan om die leiding te neem en dat die regering fokus op ondersteuning deur middel van die skepping van 'n instaatstellende omgewing vir besighede om sake te doen.

Bedryfsaansporings – Die Nasionale regering het verskeie aansporings ontwikkel om die onderskeie sektore van die ekonomie te ondersteun, insluitende sommige onder die sambreel van die Oseaanekonomie. Dit is belangrik om te begryp dat aansporings nie noodwendig tot geld beperk is nie. Alle sfere sal deeglik moet besin oor of daar nie ander maniere is om aansporings aan besigheid te verskaf nie – munisipaliteite is in 'n beter posisie om te verseker dat dit gebeur.

DIENSTESEKTOR

Voor Covid-19, was Sakedienste die mees lewenskragtige dienstesektor in die Wes-Kaap. Die verwagting was dat dit sou voortgaan om die hoofdrywer van groei te wees, met amper driekwart van die Provinsie se voorspelde groei oor die volgende vyf jaar afkomstig uit hierdie sektor. Die mees beduidende hupstoot vir groei in die Wes-Kaapse ekonomie sou waarskynlik afkomstig wees van die finansiële-, versekerings- en sakedienstesektore (PERO, 2018).

76 |

Gedurende die Covid-19 tydperk, het die dienstesektor ook 'n negatiewe impak in verskeie bedrywe ervaar, maar sommige van hulle, soos finansiële dienste, die SPU en IKT bedrywe, het tot dusver daarin geslaag om erge werksverliese en finansiële druk te vermy. Ander sektore, soos die filmbedryf en eiendomsbestuur, het egter swaargekry tydens die Covid-19 pandemie.

Die Dienstesektor inisiatiewe is in ooreenstemming met die medium- tot langtermynprestasie van die Wes-Kaapse Herstelplan. Die plan spreek die grondliggende ekonomiese tekortkominge aan van 'n ekonomie wat al vir langer as 'n dekade onderpresteer. Dit neem ook die grondliggende en strukturele ekonomiese verskuiwingslyne in ag, wat verder deur Covid-19 beklemtoon is.

Die Dienstesektor-inisiatiewe sal daarna mik om ekonomiese groei te stimuleer in die Finansiële en Sakedienste, Eiendomsbestuur, IKT/SPU/E-handel en die Filmbedryf. Die Departement sal hierdie doelwitte bereik deur tasbare programme, bedryfsondersteuningsmaatreëls en die implementering van inisiatiewe wat sal lei tot ekonomiese groei en werkskepping deur die ontwikkeling van uitvoeraktiwiteite en verhoogde beleggings in verhandelbare sektore van die Wes-Kaapse ekonomie. Die doel van die sektorondersteuningsinisiatiewe is om te verseker dat sektorbehoefes, instaatstellers en geleenthede goed gekoördineer is binne die Departement.

Die Dienstesektor-subprogram sluit die volgende gebiede in vir die 2021/22 boekjaar:

- **Beleid:** Verstaan die film, eiendomsbestuur, IKT, SPO, e-handel en finansiële dienste-sektorbeleidsomgewing, identifiseer beleidsleemtes deur hersiening en ontwikkel nuwe beleidsinstruksies soos nodig. Hierdie ingrypings belyn om gemak van sake doen te skep soos gespesifiseer in die Werksgeleenthede-tema van die Wes-Kaapse Herstelplan. Vele beleidstruikelblokke bestaan in die dienstesektor, wat voorspraak en hersiening verg en wat 'n primêre aktiwiteit in 2021/2022 sal wees. Rompslompvermindering en gemak van sake doen sal ook deel vorm van die besprekings wat in die vooruitsig gestel word by die Sektordienste-taakspan wat in 2021/2022 gestig sal word.
- **Navorsing en sektor-insigte:** Ontwikkel film, eiendomsbestuur, IKT, SPU, e-Handel en finansiële dienste sektorintelligensie en versamel navorsing wat gedoen word en versprei dit na die Sektor IK inisiatief vir publikasie van data en aanlyn-navorsing. Die navorsing wat as deel van die sektorplan vir die dienstesektor gedoen word sal sektor-intelligensie verskaf wat broodnodig is vir die herstel en groei van die geprioritiseerde bedrywe binne die dienstesektor. Die tweede fase van die navorsingsaktiwiteite sal die ontwikkeling insluit van 'n sektor-aksieplan met die privaatsektor en ander belangrike vennote, wat die aktiwiteite oor die volgende vyf jaar sal inlig om die groeiteikens dienooreenkomstig te behaal.
- **Beleggings- en handelsontwikkeling:** Identifiseer die behoeftes in die film, eiendomsbestuur, IKT, SPU, e-Handel en finansiële dienstesektore in terme van handelsontwikkeling vir maatskappye om uitvoergereed te wees sowel as beleggingsgereedheid en verwante ingrypings vir munisipaliteite. Die beleggings- en uitvoerstrategieë sal in 2021 gefinaliseer word en dit sal die aktiwiteite van beide DEOT en Wesgro dryf in verband met ontwikkelings- en bevorderingsaktiwiteite. Baie van die beleggingsaktiwiteite in die Wes-Kaap vind plaas in die dienstesektor en derhalwe sal die strategieë broodnodige rigting verskaf wat betref die skep van 'n bevorderlike omgewing vir belegging- en handelsaktiwiteite binne die sektor.
- **Bedryfsaksieplatforms:** Skep platforms vir skakeling met bedryfsvennote om 'n doeltreffende rol in elke ekosisteem te speel. Die uitbou van vennootskappe deur skakeling met belanghebbendes sal voortgaan om fasilitering van ondersteuning in te lig wanneer dit deur die film, eiendomsbestuur, IKT, SPU, e-Handel en finansiële dienstesektore geïdentifiseer word. Dit is noodsaaklik dat die verhoudings wat die Departement en elke sektor met privaat- en openbare sektor-belanghebbendes het gekoester en versterk word, veral in die huidige finansiële klimaat waar vennootskappe belangriker as ooit vantevore is om die potensiaal wat nodig is vir herstel en groei regoor die land te ontsluit.

Soos hierbo genoem, beplan DEOT om 'n Dienstesektor-taakspan te stig waar spesifieke temas met prioriteitsgebiede geïdentifiseer sal word in die onderskeie dienstesektore vir probleemoplossing. Hierdie multidissiplinêre taakspan sal 'n samewerkende benadering aanwend om oplossings te vind vir pertinente struikelblokke tot ekonomiese groei in die dienstesektor.

- **Identifisering en koördinerings van katalitiese sektoringrypings:** Identifiseer geleenthede in die film, eiendomsbestuur, IKT, SPU e-Handel en finansiële dienstesektore en koördineer die katalitiese geleenthede transversaal regoor DEOT. Hierdie geleenthede sluit in die indentifisering van enige vaardigheidsleemtes, tekorte of die behoefte aan skaars vaardighede in die onderskeie sektore. Hierdie inligting sal vaardigheidsontwikkelingsprogramme inlig wat subsektor-spesifieke vaardighede sal ondersteun. Addisionele katalitiese geleenthede hou verband met infrastruktuur, belangrike privaatsektor-beleggingsgeleenthede sowel as die verhoogde deelname van nuwe entrepreneurs. Die dienstesektorspan sal die aktiwiteite koördineer en verseker dat daar belyning is met ander lynde departemente binne DEOT om die ingrypings dienooreenkomstig te realiseer.

7.3.5 Program 3: Hoofrisikos

Uitkoms	Hoofrisiko	Risikovermindering
Toename in uitvoer	1. Verhoogde risikofaktore wat spruit uit daling in uitvoere as gevolg van swak ekonomiese klimaat en wanbelyning van prioriteite onder belanghebbendes, regeringsdepartemente, entiteite en bedrywe 2. Gebrek aan duidelike handels- en beleggingstrategie. 3. Verlies aan markaandeel weens Covid-19 en handelsbeperkings.	1. Belyn en ondersteun inisiatiewe wat skakel met die Departement van handel en nywerheid (DHN), die hoofdepartement wat betref handelsooreenkomste tussen Suid-Afrika en globale handelsvennote. 2. Ontwikkel en implementeer 'n Wes-Kaapse uitvoerstrategie.
Verhoogde Randwaarde van belegging	Beleggingspyplyn vir die Wes-Kaap onderpresteer as gevolg van 'n swak ekonomiese klimaat.	Ontwikkel en implementeer 'n 'n Wes-Kaapse beleggingstrategie. Ontwikkel 'n globale beleggervertroue-veldtog.

7.4 PROGRAMHULPBRONORWEGINGS

Begrotingstoewysing aan Program en Subprogram

Subprogram	Geouditeer			Hoofbegroting	Gewysigde begroting	Hersiene skatting	Mediumtermyn-besteding		
1. Handels- en Beleggingsbevordering	34 020	36 200	48,539	74,956	59 198	59 198	62,113	62,113	63,635
2.Sektorale Ontwikkeling	15 522	11 004	12,991	22,781	11 502	11 502	8,650	8 733	8 817
Totale betalings en skattings	49 542	47 204	61,530	97,737	70 700	70 700	70,763	70 846	72 452
Ekonomiese Klassifikasie R'000									
Lopende betalings	9,829	9,491	12,829	22,781	10 108	10 108	8,650	8 733	8 817
Vergoeding van werknemers	7,334	8,321	10,835	17,191	8,627	8,627	8,550	8,633	8,717

Vervolg op volgende bladsy

Staatsmotor-handelsrekening									
Betaling vir kapitale bates	4	13	149						
Geboue en ander vaste strukture									
Masjinerie en toerusting	4	7	149						
Erfenisbates									
Gespesialiseerde militêre bates									
Biologiese bates									
Grond en ondergrondse bates									
Sagteware en ander ontasbare bates		6							
Betalings vir finansiële bates	14		5						
Totale ekonomiese klassifikasie	49 542	47 204	61,530	97,737	70 700	70 700	70,763	70 846	72 452

Verduideliking van die bydrae van hulpbronne tot behaal van uitsette

Die aktiwiteite wat hierbo beskryf word sal behaal word deur die gesamentlike pogings van al die sektorale subprogramme in Program 3. Die span het 'n uiteenlopende stel vaardighede wat toepaslik is vir die bestuur en implementering van projekte wat die ekonomie ondersteun. Kernvaardighede sluit in projekbeplanning, bestuur van belanghebbendes, projekverslagdoening, finansiële bestuur, mensebestuur, kontrakbestuur en kommunikasie.

Die krag van die sektorondersteuningspanne sal gesetel wees in die gespesialiseerde personeel wat in staat is om as kampvegters vir die onderskeie sektore op te tree en kennis oor elkeen te verskaf. Die program het geen begroting ontvang vir sektorale- en handelsontwikkeling nie, en gevolglik, ten einde in staat te wees om voort te gaan om sektorprioriteite te lewer, sal die projekte in hierdie boekjaar verband hou met nie-finansiële lewerbares en sal gebruik maak van die steun van transversale programme soos Vaardighede, GVSD ens., om ondersteuning aan sektore en bedrywe te verskaf. Die span is aanpasbaar en kan waardevolle ondersteuning verleen waar nodig, en sal vennootskappe inspan om te verseker dat sektore dienoreenkomstig ondersteun word.

7.5 OPENBARE ENTITEITE

Naam van Openbare			Lopende jaarlikse begroting
Wesgro	Bevordering van Handel en Belegging sowel as Bestemmingsbemarking	Handelsooreenkomste onderteken. Beleggingsprojekte gerealiseer.	62 113 (2021/22)

PROGRAM 4: SAKEREGULERING EN STAATSBESTUUR

8. PROGRAM 4: SAKEREGULERING EN STAATSBESTUUR

8.1 DOEL

Om 'n gelyke, sosiaal verantwoordelike sakeomgewing in die Wes-Kaap te verseker – deur algemene ingrypings in die handelsomgewing en deur spesifieke ingrypings volgens mandaat van die Grondwet, Nasionale en Provinsiale wetgewing en beleid.

8.2 SUBPROGRAM 4.1: VERBRUIKERSBESKERMING

8.2.1 Doel

Om maatreëls te ontwikkel, te implementeer en bevorder wat die regte en belange van alle verbruikers verseker.

8.2.2 Sub-program 4.1: Uitkomst, Uitsette, Prestasie-aanwysers en Teikens

		Uitset-aanwysers	Jaarlikse Teikens							
			Geouditeerde/Werklike			Geskatte Prestasie				
'n Omgewing bevorderlik vir billike sakepraktyk en ingeligte verbruikers	Verbruikers-opvoedings-ingrypings aangebied	4.1 Getal verbruikers-opvoedings-ingrypings aangebied	142	95	152	240	240	240	250	
	Klagtes binne 90 dae opgelos	4.2 Persentasie klagtes opgelos binne 90 dae(Totale klagtes binne 90 dae opgelos/Totale klates ontvang)	Nuwe aanwyser	Nuwer aanwyser	Nuwe aanwyser	75%	75%	75%	75%	

--	--	--	--	--	--	--	--	--	--

8.2.3 Subprogram 4.1: Aanwysers, Jaarlikse en Kwartaallikse Teikens

	Teikens				
4.1 Getal verbruikersopvoeding-ingrypings aangebied	240	40	80	80	40
4.2 Persentasie klagtes binne 90 dae opgelos (Totale klagtes binne 90 dae opgelos/Totale klagtes ontvang)	75%	-	75%	-	75%

8.2.4 Verduideliking van beplande prestasie oor die mediumtermyn-tydperk Verbruikersregstellings

Die projekte en werksaamhede wat met die dienste van die KVB skakel is hoofsaaklik op 'n burgersentriese diens gemik aangesien die konflikresolusiedienste tussen verbruikers en verskaffers bied. Die dienste kan slegs doeltreffend aangebied word as die korrekte en optimale menslike hulpbronne, IKT dienste, en klient-gefokusde ingrypings in plek is. Die tolvrye inbelsentrum, alternatiewe dispuutresolusie-dienste (ADR) en verwysingsmeganismes is almal daarop gemik om te verseker dat die doelwitte uitgestippel in die Provinsiale Strategiese Prioriteite (PSP) behaal word. Burgers wat doeltreffende diens ontvang, is meer geneig om 'n gunstige persepsie van die WKR te vorm en kan sodoende ambassadeurs vir die provinsie word. Byvoorbeeld: voordele, soos terugbetalings vir goedere of dienste van swak gehalte en regstelling van defektiewe produkte, sal die persepsie skep dat die WKR gehalte van diens en goedere ernstig opneem en sal beleggersentiment rakende die provinsie verbeter. Die eenheid doen sy deel om te verseker dat burgers van die Wes-Kaap 'n eerstehandse ondervinding van die WKR se verbintenis tot gehalte diensverskaffing ervaar. Gehaltesdienste in die toerismesektor kan lei tot groter getalle toeriste wat die provinsie besoek, wat die uitvoer- en verhandelbare besighede die hupstoot kan gee wat nodig is vir groter werkskepping.

Versterkte selfreguleringsmeganismes en verhoogde bewustheid van verbruikersregte onder besighede skep gunstige toestande vir die bevordering en ontwikkeling van meganismes vir die vriendskaplike skikking en oplossing van verbruikersdispute. Benewens die gebruik van verbruikerbeskermings as 'n mededingingstrategie, lei nakoming van verbruikersregte ook tot herhalende aankope. Ondervinding het getoon dat buiteregterlike alternatiewe dispuutresolusie-meganismes 'n doeltreffende en goedkoop metode is om verbruikersregstelling te verkry. In kleiner gevalle, bly howe dikwels in gebreke om die gewenste uitkoms te lewer as gevolg van uitgerekte verrigting, hoë koste, geformaliseerde prosedures en die sielkundige ingestelheid van mense om regsdinge te vermy.

Die ontwikkeling van ADR is egter nie moontlik sonder die samewerking en gewilligheid van die sakektor nie. Gevolglik moet die ontwikkeling van vriendskaplike dispuutoplossingstelsels ingesluit word by die konsep van billike behandeling van kliënte. Die soewereiniteit van regsreëls is onontbeerlik vir enige ekonomiese ontwikkeling en uitvoer van goedere en dienste. Die skending van verbruikersregte kan lei tot 'n boikot van dienste en produkte en gevolglike skade aan sakevertroue.

Benewens bogenoemde, het die gebruik van beide 'n inbelsentrum en 'n elektroniese klagtebestuurstelsel vir die indien en bestuur van verbruikersklagtes die KVB gehelp om gehaltdiens te verskaf aan die Provinsie se burgers. Die gebrek aan 'n operasionele Verbruikertribunaal het egter beteken dat die KVB nie sy mandaat suksesvol uitgevoer het nie. Om te verseker dat burgers in die Provinsie nie hierdeur benadeel word nie, is die uitbou van 'n werksverhouding met die NVK en ander bedryfsliggame van deurslaggewende belang. Daar word erken dat 'n sterker werksverhouding met die bedryf en die sakewêreld die Program se rol as 'n fasiliteerder en mediator van dispute in die Provinsie sal verstewig. Die samewerking staan verbruikers by met die tydige en doeltreffende oplossing van dispute.

Verbruikersopvoedingsdienste

Die opvoedings- en inligtingsaktiwiteite wat in die voorafgaande jare uitgevoer is, het bewys dat die KVB se aktiwiteit op hierdie gebied positiewe resultate behaal en met groot belangstelling deur verbruikers en KMMO's ontvang word. Ingrypings onder verbruikersopvoedingsdienste is gemik op burgers en KMMO's. Verbruikersopvoeding is 'n langtermyn en volgehoue proses, veral in 'n land waar die mark intensief groei en aanpas by die funksionering van die vryemarkstelsel. Reguleerders en toepassingsvenote beskou reputasie as 'n hoofaandruyer, en dit is van deurslaggewende belang vir besighede om enige negatiewe publisiteit te vermy, veral in hierdie tydsgewrig waar ekonomiese groei en uitvoer negatief geaffekteer is deur die uitbreek van die koronavirus. Dit skep 'n geleentheid vir die KVB om die "gewilligheid om gehoor te gee" as hefboom te gebruik om te verseker dat verbruikersbeskerming nie net vir verbruikers geld nie, maar ook vir sowel uitvoergedrewe as verhandelbare besighede.

Daar is 'n behoefte daaraan om verbruikersvoorspraak-inisiatiewe en opvoedkundige aktiwiteite te verhoog aangesien beide besighede en verbruikers stoei met die kwessies van terugbetalings en kredietversekeringsdekking. Hierdie inisiatiewe en aktiwiteite moet nuwe tematiese gebiede dek en nuwe kommunikasiemetodes gebruik om uit te reik na besighede en verbruikers. Wat betref die veranderende marksituasie en 'n toenemende wydverspreide toepassing van nuwe kommunikasietegnieke deur besighede, blyk dit nodig te wees om die aktiwiteite van die KVB, wat daarop gemik is om verbruikers op te voed en in te lig oor die slaggate en risiko's wat hulle in die gesig staar, te versterk. Die impak van nuwe tegnologie in die transaksionele proses tussen verbruiker en ondernemings vereis ook dat nuwe strategieë ontwikkel en geïmplementeer moet word om by te hou met hierdie nuwe vorm van die verbruikerskultuur.

In die komende jare sal die KVB voortgaan om verbruikersbeskermingsbeleid te baseer op betroubare inligting, wat gereeld ingesamel word, oor Suid-Afrikaanse en spesifiek Wes-Kaapse verbruikers. Dit sal verbruikersbeleid ondersteun met data oor die tipe en skaal van probleme wat verbruikers in die mark ervaar en die hindernisse wat verbruikers daarvan weerhou om ten volle aan te pas by die moderne mark. Daarbenewens sal inligting oor die huidige vlak van inligting en bewustheid die Kantoor in staat te stel om sistemiese oplossings te implementeer wat daarop gemik is om markveranderinge wat ongunstig is vir verbruikers te beperk of uit te skakel.

Die KVB sal verskeie ingrypings onderneem om die volgende kwessies aan te spreek:

- Lae vlakke van verbruikersbewustheid oor hulle regte soos bepaal in die Wet op Nasionale Krediet, die Wysigingswet op Nasionale Krediet en die Wet op Verbruikersbeskerming.
- Minimale begrip van terugbetalingsbeleid, produkherroeping, versoeke vir kwotasies en vereistes vir kansellering van verbruikerskontrakte, en die reg tot 'n afkoeltydperk na direkte bemarkingstransaksies.
- Wes-Kaapse entrepreneurs se kennis van verbruikersbeskermingsreg en die staatsagentskappe wat regstellingsdienste aan verbruikers bied.

Dit is derhalwe duidelik dat 'n doeltreffende verbruikersbeskermingsomgewing een is wat nie slegs 'n meganisme verskaf waardeur verbruikers sluikhandel kan aanspreek nie, maar ook een wat waardevolle inligting verskaf aan beide besighede en verbruikers om vrywillige gehoorgewing te verhoog.

Die KVB se Algemene Verbruikersopvoedingsaktiwiteite

Die KVB sal in die loop van die MTBR tydperk 2020 tot 2025 voortgaan om aktiewe opvoedkundige en inligtingsaktiwiteite uit te voer wat hoofsaaklik sal fokus op die opvoeding van onderskeie groepe verbruikers en besighede. Die opvoedingsprogram sal basiese kwessies insluit, kennis waarvan die funksionering van die mark sal fasiliteer, en die verkryging van alledaagse verbruikersbekwaamheid, soos kennis van regstellingsopsies. Dit moet ook 'n antwoord verskaf vir die nuutste uitdagings op die mark, soos beleggingsbedrogspulle wat manifesteer in die vorm van piramide- en multivlak-bemarkingskemas, welke verskynsel baie vinnig uitgebrei het sedert die aanvang van die inperkingstyd. Die KVB se veldtogte sal ook onderneem word in samewerking met die Nasionale Verbruikerskommissie (NVK), verskeie regulatoriese owerhede en Ombudsmanskemas wat statutêr gevestig is kragtens die Wet op Verbruikersbeskerming, 2008. Die veldtogte sal ook fokus op goedkoop namaaksel-goedere en onwettige invoere wat lei tot die vernietiging van plaaslike bedrywe.

In die afsienbare toekoms beplan die KVB opvoedingsveldtogte wat verband hou met die volgende verbruikersaangeleenthede:

- Voordele en risiko's verbonde aan die gebruik van die jongste tegnologie om transaksies met besighede uit te voer (afstandskontrakte via die internet, telefoon, posbestellings, ens).
- Substandaardgoedere en die risiko's wat dit inhou. Die doelwit van hierdie veldtog sal wees om die aandag van verbruikers en entrepreneurs te vestig op die faktore wat die veiligheid en gehalte van produkte bepaal.

- Namaakselgoedere: Wat is dit en wat is die impak daarvan op die ekonomie?
- Advertensies: Veldtogte oor hierdie kwessie sal verbruikers inlig oor die verskeie soorte misleidende, valse en onakkurate advertensies wat ontwerp is om verbruikers in problematiese ooreenkomste te verstriek.
- Verbruikersregte en verpligtinge. Die behoefte om verbruikers in te lig oor hulle regte en verpligtinge volgens die Wet op Verbruikersbeskerming, en die onderskeie owerhede wat beskikbaar is om met regstelling te help, geld steeds.
- Kredietlewendekking: Die belang van Kredietlewendekking, regsvereistes van hierdie tipe van versekering en die stappe wat gevolg moet word by die indiening van 'n eis.

Die ingrypings sal verskeie verbruikersgroepe teiken, naamlik die jeug, volwassenes, bejaarde mense en die sakektor.

Ondersteuning van KMMO's

In die mediumtermyn sal die KVB ook 'meer gefokusde en volgehoue veldtog ontwikkel wat spesifiek op KMMO's gerig is. Daar bestaan 'n behoefte om KMMO's te ondersteun aangaande die kwessie van verbruikersregte en verpligtinge in terme van die tersaaklike wetgewing. Hierbenewens sal opvoedkundige programme ook die belangrikheid beklemtoon van gehoorgewing aan gesondheidsprotokolle te make met Covid-19, aangesien nie-gehoorgewing kan lei tot eise om skadevergoeding van verbruikers wat dalk die virus kan opdoen op persele waar daar nie gehoor gegee is aan die riglyne nie, uit hoofde van artikel 61 van die WVVB.

In vorige boekjare was die primêre rol van die KVB, in sover dit besighede (insluitend KMMO's) betref, om verbruikersklagtes wat teen sulke besighede gelê is, te ondersoek. Dit het egter nodig geword vir die KVB om hom te herbely, veral gegewe die Departement se strategiese prioriteite wat betref die rol wat KMMO's kan speel in toerisme, werkskepping en uitvoere. Daarom sal sommige van die opvoedkundige programme daarop fokus om KMMO's te ondersteun en kapasiteer binne die handelbare sektore, soos toerisme, in verband met die wetgewende verpligtinge wat deur die Wet op Verbruikersbeskerming geskep is. Dit het onder ander te make met vooruitbespreking, kansellering van vooruitbespreking en die bondeling van produkte. Gedurende die afgelope boekjare, het dit duidelik geword dat die meerderheid van verbruikersklagtes wat deur die KVB ontvang is, te make het met die produkte en dienste verskaf of aangebied deur KMMO's. Die oplossing van hierdie dispute het uitdagend geblyk te wees, veral aangesien baie van die KMMO's nie bewus is van die verpligtinge wat op hulle geplaas is deur die Wet op Verbruikersbeskerming nie en gevolglik staatmaak op verouderde beleid en prosedures betreffende verbruikersregte. Sommige van hulle besef ook nie watter skade sulke dispute hulle handelsmerk en provinsiale handelsmerk-reputasie kan berokken nie.

Die persepsie onder verbruikers dat hulle verbruikersregte nie beskerm word nie kan beduidende reputasionele skade aanrig aan 'n besigheid. Hierdie skade kan omsit in verlies aan sake-vertroue in 'n besigheid of handelsmerk, wat kan lei tot verlies aan omset en gevolglik wins. Hierdie uitkring-effek kan 'n geweldige omvang hê aangesien dit 'n besigheid se vermoë om te groei en uiteindelik werk te skep kniehalter en sodoende die

ekonomiese groei van die provinsie negatief affekteer. Die rol en belangrikheid van basiese beginsels soos kliëntediens, kliënteregte/verpligtinge, nuwe regsvoorskrifte en beleid oor verbruikersbeskerming, is dus van deurslaggewende belang vir 'n besigheid om verbruikersvertroue te behou. Die KVB beskou ook hierdie ingrypings as deel van die Departement se bydrae tot vaardigheidsontwikkeling binne die sektor aangesien kliëntediens en ander kliëntskakeldiens-vaardighede kwessies is waarmee KMMO's bystand benodig. As sodanig sal daar met ander programme binne die Departement geskakel word om te verseker dat die KVB doeltreffend bydra tot hierdie Departementele doelwitte.

Deur hierdie nuwe benadering bekend te stel, kan die KVB ook 'n direkte bydrae maak tot die Departementele strategiese prioriteite ten opsigte van ondersteuning van besighede. Die bykomende impak is dat verbruikersvertroue in KMMO's die produktiwiteit van sulke besighede kan aandryf en die ekonomie kan ontwikkel wat sal lei tot werkskepping en die verbetering van die Wes-Kaapse ekonomie deur 'n uitvoergeleide benadering.

Finansiële Geletterdheidsopvoeding

In die nadraai van die finansiële krisis, tesame met die huidige uitbreek van die Covid-19 pandemie, word finansiële geletterdheid toenemend erken as 'n belangrike individuele lewensvaardigheid in meeste ekonomieë. Die onderliggende redes vir hierdie groeiende fokus op beleid omvat die oordrag van 'n breë reeks van finansiële risiko's na verbruikers, die groter kompleksiteit en snelle ewolusie van die finansiële landskap, die stygende getal aktiewe verbruikers in die finansiële landskap, die toename in die aantal bedriegtelike skemas, piramide skemas, veelvlakbemarking en die beperkte vermoë van regulering alleen om verbruikers doeltreffend te beskerm. Hierdie onwettige skemas het algemeen begin voorkom gedurende die nasionale ramptoestand. Die aantal verbruikers wie se bates in herbesit geneem is het gestyg sedert die verklaring van die Nasionale Ramptoestand in Maart 2020. Dit het daartoe gelei dat meer verbruikers hulle werk verloor en dus nie die vermoë het om hulle skuld te betaal nie.

Daarbenewens, het die gevolge van die finansiële krisis die potensiële geïmpliseerde koste en negatiewe oorspoel-effekte van lae vlakke van finansiële geletterdheid vir die gemeenskap as geheel, finansiële markte en huishoudings gedemonstreer. Dit word wyd erken dat finansiële opvoeding 'n belangrike komplement geword het vir markgedrag en verstandige regulering. Die verbetering van 'n individu se finansiële gedrag het gevolglik 'n langtermyn-beleidsprioriteit in baie lande geword. In Suid-Afrika is finansiële geletterdheid een van die Nasionale Tesourie se komponente vir 'n omvattende oplossing vir beskerming van verbruikers van finansiële dienste. Nasionale Tesourie was verantwoordelik vir die ontwikkeling van die Nasionale Finansiële Opvoedingstrategie en het later die Finansiële Sektor Gedragsowerheid opdrag gegee om dit aan te dryf.

Suid-Afrikaanse verbruikers van finansiële dienste het oor die algemeen beperkte hulpbronne en vaardighede om die kompleksiteite van die finansiële sektor te verstaan. Dit het nog duideliker geword sedert die uitbreek van die koronavirus en die daaropvolgende verklaring van 'n nasionale ramptoestand. Uiteraars belangrike verbruikerskwessies, soos die vermoë om skuldeisers te nader om betalingsreëlings te tref gedurende die inperkingstydperk en die onvermoë om die toepaslikheid van finansiële produkte in verhouding tot persoonlike omstandighede te evalueer; rooflenery; hoë vlakke van verbruikersskuld; lae spaarkoerse; ontploffing van piramideskemas en finansiële bedrogspulle; hoë produkdiens; boetes; gebrek aan toeganklike en vergelykbare prysinligting en beperkte kennis van regstellingsmeganismes, het alles bygedra tot die dringende behoefte aan finansiële geletterdheidsopvoeding. Die onwettige gebruik van artikel 127 van die Wet op Nasionale Krediet om goedere in herbesit te neem het ook meer algemeen begin voorkom tydens die ramptydperk.

Die pandemie het verbruikersvertroue baie laag laat daal. Die uitrol van finansiële geletterdheidsprogramme as deel van opvoedingsingrypings sal help om beide sake- en verbruikersvertroue 'n positiewe inspuiting te gee.

Die betrokkenheid van die Nasionale Tesourie deur die stigting van die Nasionale Finansiële Opvoedingskomitee, waarvan die Wes-Kaapse KVB lid is, is 'n aanduiding van die erns van die uitrol van finansiële geletterdheidsprogramme in die land.

'n Finansiële gesonde samelewing is onontbeerlik vir ontwikkeling en des te meer vir ekonomiese herlewing. Die innovering en vervaardiging van produkte en dienste sal nutteloos wees as verbruikers nie in staat is om toegang te hê tot finansies nie as gevolg van negatiewe gradering by die kredietburo. Toegang tot krediet verhoog potensiële kliente se vermoë om toegang te hê tot produkte en dit verbeter die volhoubaarheid van die vervaardigings en dienstesektore van die ekonomie. Op sy beurt lei dit tot die bereiking van sommige van die grondslae van VIP 2. Daar is op die oomblik meer as 600 000 verbruikers wat aansoek gedoen het vir skuldberading sedert die Wet op Nasionale Krediet in Junie 2007 in werking getree het. Hierdie verbruikers word outomaties van die kredietmark verwyder soos die wet vereis en dit verlaag hulle deelname aan die ekonomie. Verbruikers onder skuldher siening kan potensiële kliente wees van besighede in die Provinsie en hulle negatiewe kredietgradering verminder die aanvraag na produkte wat hulle moontlik sou aangekoop het. Die voorgestelde finansiële geletterdheidsopvoedings-ingrypings sal help om verbruikers in die algemeen meer vertrouwd te maak met finansiële produkte in die mark, die implikasies van hulle keuses en die regstellingsmeganismes wat beskikbaar is.

Program 4 het op die oomblik 1 uitkoms-aanwyser naamlik, "n Verbeterde omgewing wat bevorderlik is vir billike sakepraktyke en ingeligte verbruikers" en hierdie uitkoms sal gemeet word aan die geldwaarde van besparings aan verbruikers as gevolg van KVB se bysrtand. Ten einde dit te behaal, moet die program die finansiële geletterdheids- en opvoedkundige ingrypings verhoog en die omkeertyd vir klagtes wat by die Kantoor ingedien word verbeter. Om die lae begrotingstoewysing aan te vul, sal die KVB vennootskappe smee met verskeie regulatoriese liggame binne die verbruikersbeskermingslandskap, besighede, besighede nie vir winsbejag en NRO's. Hierdie vennootskape het in die verlede die KVB in staat gestel om werkswinkels aan te bied onder moeilike ekonomiese omstandighede deur die hefboming van hulpbronne van vennote om sy programme te kan lewer. Sommige van hierdie aanbiedinge word ten koste van die vennote georganiseer.

Tribunaal vir Verbruikersake en Opstelling van die nuwe Verbruikerswetgewing

Die KVB sal begin om lede te nomineer om op die Tribunaal vir Verbruikersake te dien vir 'n voorgeskrewe tydperk in ooreenstemming met artikel 15 van die Wet op Wes-Kaapse Verbruikersake (Onbillike Sakepraktyke), Wet 10 van 2002. Die proses sal sy hoogtepunt bereik met die aanstelling en daaropvolgende inwyding van die suksesvolle lede. Daar word verwag dat die proses die hele 2021/2022 boekjaar in beslag sal neem. Wanneer die tribunaal eers suksesvol gevestig is sal dit sake aanhoor wat deur die KVB daarna verwys word. Die aanstellingsproses vir lede van die Tribunaal sal saamloop met die opstel van die nuwe verbruikerswetgewing vir die Provinsie. Die nuwe wetgewing sal belyn wees met die Wet op Verbruikersbeskerming.

Gevolgtrekking

Dit is dus duidelik dat 'n doeltreffende verbruikersbeskermingsomgewing 'n meganisme moet verskaf waardeur verbruikers onwettige sakegedrag kan aanspreek, asook die belang van 'n groei-georiënteerde ekonomie erken. Op hierdie wyse kan die KVB nou doeltreffend sy nis vind binne die Wes-Kaapse Regering aangesien sy regstellingsdienste, opvoedkundige ingrypings, en skakeling met KMMO's 'n groot bydrae kan lewer tot werkskepping, wat binne VIP 2 val. In die huidige hersiene strategie, getuig die KVB se ingrypings van waardigheid. Op die nasionale uitkomstvlak, sal dit verseker dat 'n 'doeltreffende en doelmatige ontwikkelingsgeoriënteerde openbare diens en 'n bemagtigde, billike en inklusiewe burgers' ontwikkel word. Die program se skakeling met besighede sal verseker dat die voordele van gewillige gehoorgewing betreffende groei, mededingendheid en verbetering van sektore of besighede sal bydrae tot die behaal van VIP 2 (Groeï en Werksgeleenthede) en spesifiek die fokus op die ekonomie en werksgeleenthede.

8.2.5 Sub-program 4.1: Hoofrisiko's

Uitkoms	Hoofrisiko	Risikovermindering
<p>'n Verbeterde omgewing bevorderlik vir billike sakepraktyk en ingeligte verbruikers</p>	<p>Verbruikersopvoedingsdienste:</p> <p>Die onvermoë om doeltreffende en volgehoue Verbruikersopvoedingsdienste regoor die Provinsie te implementeer as gevolg van onvoldoende hulpbronne (menslik, infrastruktureel en finansiële) wat lei tot 'n daling van bewustheid ten opsigte van verbruikersregte en die mislukking om dienstandaarde te behaal.</p>	<p>Verstewiging van strategiese skakels met verskeie belanghebbendes en vennote binne die verbruikersbeskermingsomgewing.</p> <p>Voortgesette samewerking met die media om te verseker dat die blootstelling van die verskeie geleenthede, projekte en programme van die KVB gekommunikeer word aan die lesers, luisteraars en kykers van die onderskeie mediabronne.</p>
	<p>Die mislukking om sake op te los as gevolg van ondoeltreffende operasione/lisering van die Nasionale Verbruikerskommissie en die inkonsekwente vertolking van bepalings in nasionale en provinsiale verbruikersbeskermings-wetgewing wat 'n impak het op verbruikers se reg om doeltreffende klagteregstelling te verkry en wat dienslewering deur provinsiale kantore belemmer.</p>	<p>Totstandkoming van 'n Staande Advieskomitee aan die Wet op Verbruikersbeskerming deur die Nasionale Kommissaris</p> <p>Kwartaallikse sakebestuur vergadering tussen Provinsies.</p>

Gereelde verslagdoening aan die Nasionale Verbruikerskommissie oor prestasieverwante sake.

Standpunt-dokument sal ontwikkel word deur die Departement oor wysigingswetgewing en sodanige dokument sal voorgelê word aan die Provinsiale en Nasionale Minister vir Handel en Nywerheid en Ekonomiese Geleenthede.

Universiteite en Tegnikon									
Buitelandse regerings en internasionale organisasies									
Openbare korporasies en private ondernemin									
Instansies sonder winsbejag									
Huishoudings	7				1	1			
Oordragte en subsidies aan kapitaal Transfer									
Regerings- Motorhandelrekening									
Betalings vir kapitale bates	2	660		10	10	10			
Geboue en ander vaste strukture									
Masjinerie en toerusting	2	660		10	10	10			
Erfenisbates									

Vervolg op volgende bladsy

				Hoofbeleging	Gewysigde beleging	Hersiene skatting			
Gespesialiseerde militêre bates									
Biologiese bates									
Grond en ondergrondse bates									
Sagteware en ander ontasbare bates									
Betalings vir finansiële bates									
Totale ekonomiese klassifikasie	10 600	9 684	9,058	8,624	7,299	7,299	10,045	10 514	10 535

Verduideliking van die bydrae van hulpbronne tot behaal van uitsette

As gevolg van besuinigingsmaatreëls het die vul van vakante poste 'n uitdaging geword. Om dienslewering aan die burgers van die Wes-Kaap te verbeter het die program die klagte-oplossingsproses geoutomatiseer deur vennootskap met die Departement van die Premier se inbelsentrum. Die Oracle stelsel wat deur die inbelsentrum gebruik word, stel die program in staat om die klagte-oplossingsproses doeltreffend te bestuur. Om 24-uur toegang tot die stelsel te verseker is die Oracle stelsel nou ook beskikbaar deur openbare netwerk. Klagtebestuurpersoneel kan nou op enige plek en tyd toegang kry tot die stelsel. Dit stel personeel in staat om toegang tot die klagtebestuurstelsel te hê buite die kantoor en buite kantoorure.

'n Gedeelte van die hulpbronne sal toegewys word aan wetgewende hervorming en die stigting van die Verbruikersake-tribunaal. Die uitbreuk van die koronavirus het ook meegebring dat die program nuwe metodes

moet inspan om sy dienste aan burgers te lewer. Hierdie metodes sluit in aanlyn, virtuele en sosiale media werksinkels asook virtuele mediasieprosedures.

PROGRAM 5: EKONOMIESE BEPLANNING

9. PROGRAM 5: EKONOMIESE BEPLANNING

9.1 DOEL

Die doel van hierdie program is om ondersteuning aan provinsiale leierskap te gee en ekonomiese groei moontlik te maak deur die inisiëring en koördinerende van ekonomiese navorsing en beplanning en deur die aktiewe ondersteuning van hoof-ekonomiese tematiese drywers en instaatstellers wat ekonomiese groei regoor die ekonomie en binne sektore van die ekonomie sal stimuleer.

9.2 SUBPROGRAM 5.1: EKONOMIESE BELEID EN BEPLANNING

9.2.1 Doel

Om die ontwikkeling van provinsiale ekonomiese beleid en strategie te ondersteun.

9.2.1.1 Subprogram 5.2: Navorsing en Ontwikkeling

9.2.1.2 Doel

Om ekonomiese navorsing te onderneem.

Nota: Die uitsette van Subprogramme 5.1 en 5.2 sal in die tabel hieronder gekombineer word.

In die komende boekjaar sal die subprogram voortgaan om meer strategies belyn te wees met die groeiende beleid en beplanningsmandaat wat voortvloei uit die veranderende ekonomiese strategiese ontwikkelingsomgewing. In die 2020/21 boekjaar het die Eenheid vir Navorsing en Ontwikkeling 'n deurslaggewende rol gespeel in die ondersteuning van getuienisgebaseerde beplanning, beleid en strategiese ontwikkeling. Die ekonomiese krisis veroorsaak deur die Covid-19 pandemie het die behoefte aan getuienisgebaseerde beleid en strategieformulering asook hoë-frekwensie data en ekonomiese modellering verhoog. Die Navorsingseenheid het beduidende steun verleen in die ontwikkeling van onmiddellike ingrypings, wat die onmiddellike reaksie op die pandemie was, wat in die Wes-Kaapse Herstelplan vervat is. Die Navorsings, Ekonomiese Beleid en Beplanningssubprogramme het die impak van Covid-19 op die provinsiale ekonomie gemodelleer en hierdie ontleding in die Herstelplan ingevoer. Hierbenewens het die Subprogram-eenheid die ekonomiese impak van Covid-19 op die ekonomieë van die Provinsie se 30 munisipaliteite gemodelleer. Hierdie modellering, asook 'n ontleding van die veranderende ekonomiese konteks, is ingevoer in die ontwikkeling van munisipale herstelplanne.

In 2021/22, sal die Subprogram weereens rigting en ondersteuning verleen aan die Werksgeleentheids tema in die Wes-Kaapse Herstelplan. Die benadering en teikens van die PSP – VIP 2 (Groeï en Werksgeleentheids) asook

die Departementele vyf-jaar strategie, sal van tyd tot tyd hersien word, veral gegewe die ekonomiese verandering wat deur die pandemie veroorsaak is, om relevansie en responsiwiteit te verseker. Dit is nodig om te bepaal of hierdie strategieë bevorderlik is vir 'n opwaartse trajek van ekonomiese groei en werkskepping, in 'n immerveranderende plaaslike en globale omgewing.

			Jaarlikse Teikens						
Toename in uitvoere	Ekonomiese navorsing oor beleid en beplanningsverslae ontwikkel	5.1 Getal navorsingsverslae ontwikkel	10	10	10	10	5	5	5

96 | **9.2.3 Sub-program 5.1 en Sub-Program 5.2: Aanwysers, Jaarlikse en Kwartaallike Teikens**

		Jaarlikse			
5.1 Getal navorsingsverslae ontwikkel		5	-	-	5

9.2.4 Verduideliking van beplande prestasie oor die mediumtermyn-tydperk

Die Eenheid is verantwoordelike vir navorsing oor ekonomiese beleid, koördinering en leierskap en ekonomiese beleid en strategie-ontwikkeling regoor die WKR. Die navorsingsverslae sal deurslaggewende navorsing en ontleding vaslê terwyl dit beleidsontwikkeling ondersteun. Die diepte van die ontleding vervat in die navorsingsverslae verskaf ekonomiese intelligensie wat help om provinsiale ekonomiese beleid en strategieë te ontwikkel. Die Eenheid beïnvloed beleid en strategie deur die ontwikkeling van begrip vir die uitdagings wat in die ekonomie bestaan deur modellering en ontleding van ekonomiese skakels, asook 'n begrip van eksterne faktore.

Na verwagting sal 'n beduidende gedeelte van die 2021/22 navorsingverslae 'n respons wees op die voortgesette impak van Covid-19, en sal die Provinsie se begrip van die ekonomiese uitdagings en impak van die pandemie inlig. Die Eenheid het 'n robuuste en omvattende Covid-19 impakmodel ontwikkel wat die impak op werksgeleenthede en BWT op provinsiale, distriks- en munisipale vlak gemeet het. Hierdie model sal deurlopend bygewerk word in die 2021/22 boekjaar soos wat dit tersaaklik en benodig blyk te wees. Die Departement dryf ekonomiese beleid en strategie regoor alle ekonomiese deelnemers in die Provinsie, soos per VIP 2: Groei en Werksgeleenthede, en hierdie leierskapsrol word deur die Eenheid ondersteun.

Die navorsing en ontleding wat die fokus van die Eenheid vorm is belyn met ontwikkeling van uitvoer asook werkskepping en is ook belyn met Uitkoms 2 van die Nasionale Ontwikkelingsplan (NOP) se MTSR: Ekonomiese Transformasie en Werkskepping. Belegging in navorsing, ontwikkeling en innovering ondersteun inklusiewe groei deur verhoging van die produktiwiteit van bestaande en opkomende ondernemings en ondersteuning van nuwe bedrywe.

Deur ekonomiese leierskap en koördinerings te ondersteun sal die dienste wat aangebied word die ekonomiese diskoers in die Provinsie lei en vorm. Die Departement sal die ontwikkeling van ekonomiese beleid en beplanning regoor alle ekonomiese deelnemers in die Provinsie koördineer, soos per VIP 2: Groei en Werksgeleenthede.

9.2.5 Sub-program 5.1 en 5.2: Hoofrisiko's

Toename in uitvoer	Getuienisgebaseerde beplanning en implementering vind nie plaas nie weens onvoldoende data en analitiese stelsels.	Verseker instandhouding van data subskripsies en personeel wat vereis word vir ontleding vir getuienisgebaseerde beplanning en implementering.

9.3 SUBPROGRAM 5.3: KENNISBESTUUR

9.3.1 Doel

Om die koördinerings van die ekonomiese ekosisteme en ekonomiese voorspraak te fasiliteer.

9.3.2 Sub-program 5.3: Uitkomste, Uitsette, Prestasie-aanwysers en Teikens

			Jaarlikse Teikens						
Verhoogde Randwaarde van belegging	Vennootskappe aangegaan en versterk	5.2 Getal vennootskappe aangegaan/versterk	Nuwe aanwyser	Nuwe aanwyser	Nuwe aanwyser	20	15	15	15

9.3.3 Sub-program 5.3: Aanwysers, Jaarlikse en Kwartaallikse Teikens

	Jaarlikse			
5.2 Getal vennootskappe aangegaan/versterk	15	-	-	15

9.3.4 Verduideliking van beplande prestasie oor die mediumtermyn-tydperk

Een van die kernbeginsels van die Ekonomiese Strategie is dat dit gelei moet word deur die privaatsektor en dat die WKR responsief moet wees ten opsigte van besigheidsbehoefes. Om dit te bereik, moet die regering verhoudings bou met die privaatsektor en gereelde skakeling hê met ekonomiese belanghebbendes aangesien die Departement se aktiwiteite slegs 'n impak sal hê as dit resoneer met besighede en ekonomiese rolspelers. Die doelwit van 'n privaatsektor-geleide ekonomiese omgewing impliseer ook agentskap en koördinering aan die kant van die privaatsektor en, in die Suid-Afrikaanse konteks, is dit 'n gebied wat verstewig moet word.

Ekostelsels is mede-ontwikkelende en dinamiese gemeenskappe van diverse belanghebbendes en rolspelers wat nuwe waarde skep en vaslê deur inligting te deel en saam te werk om geleenthede te verwesenlik en uitdagings te bowe te kom. (Kelly, 2015). Ekostelsels kan kragtige meganismes wees om inligtings- en netwerkmarkmislukkings te bowe te kom en om vertrouwe te bou, sake-vertroue 'n hupstoot te gee en mededingendheid te verhoog. Suid-Afrika is geneig om te sukkel met swak en gefragmenteerde ekostelsels – binne die Regering,

besighede, die sakewêreld, vakbonde, burgerlike samelewing en die akademiese terrein. Suid-Afrika ly gevolglik onder markmislukkings soos inligtings- en netwerk mislukkings. Deur die WKR se verhoudings met belangrike ekonomiese belanghebbendes te verbreed en versterk, word daar beoog dat die Regering as katalisator moet dien binne die ekostelsel deur inligting en ekonomiese intelligensie te deel, volwasse vennootskappe te bou en hulpbronne te hefboom om gemeenskaplike doelwitte te behaal. Deur hierdie vennootskapskakels sal die ekonomiese netwerk uitgebrei word, vertroue sal versterk word en sakevertroue sal 'n hupstoot kry. Met hierdie doel voor oë, sal die Subprogram die koördinering van die onderskeie ekonomiese ekostelsels aandryf en die getal belanghebbendes uitbrei om ekonomiese voorspraakmakers van die Wes-Kaap te word.

Die ontwikkeling van geskikte vennootskappe wat die ekonomiese netwerk verbeter en sake-vertroue verhoog ondersteun die drywers van VIP 2: Groei en Werksgeleenthede ('n instaatstellende ekonomie wat werk skep en deur aanvraag gelei word is en privaatsektor-gedrewe is); en VIP 5: Innovering en Kultuur (Burgersentriese Kultuur). Hierdie benadering is ook belyn met die NOP se MTSR Prioriteit 1: 'n Bevoegde, etiese en ontwikkelingsstaat wat inklusiewe groei ondersteun deur mededingendheid van bestaande en opkomende ondernemings te verhoog en die ontwikkeling van nuwe bedrywe te ondersteun.

98 | **9.3.5 Sub-program 5.3: Hoofrisiko's**

Verhoogde Randwaarde van belegging	Daar is vele eksogene faktore wat 'n negatiewe impak kan hê op die persepsies en handelsmerk van die Wes-Kaap, wat lei na 'n verlies aan besigheids- en burgerlike vertroue.	Sterk verhoudings en gevestigde kommunikasieplatforms sal help om die impak van eksterne faktore teen te werk, aangesien dit hoë vlakke van vertroue en stewige inligtingsvloei verseker en dien as teenvoeter vir negatiewe, met suksesverhale of toepaslike kontekstualisering.

Subprogram: 5.4: Monitoring en Evaluering

Die aktiwiteite van Subprogram 5.4: Monitoring en Evaluering, sal geïnkorporeer word in Subprogram 5.2: Navorsing en Ontwikkeling.

9.4 SUBPROGRAM 5.5: INSTAATSTELLEDE GROEI-INFRASTRUKTUUR EN INISIATIEWE (OOK BEKEND AS KATALITIESE INISIATIEWE)

9.4.1 Doel

Om 'n instaatstellende ekonomiese omgewing te ontwikkel en/of te stimuleer deur katalitiese ingrypings en infrastruktuur.

9.4.2 Subprogram 5.5: Uitkomste, Uitsette, Prestasie-aanwysers en Teikens

			Jaarlikse Teikens						
Verhoogde Randwaarde van belegging	Katalitiese infrastruktuur-projekte ondersteun	5.3 Getal katalitiese infrastruktuur - projekte ondersteun	4	4	6	5	5	6	6

9.4.3 Subprogram 5.5: Aanwysers, Jaarlikse en Kwartaallikse Teikens

	Jaarlikse			
5.3 Getal katalitiese infrastruktuur-projekte ondersteun	5	-	-	5

9.4.4 Verduideliking van beplande prestasie oor die mediumtermyn-tydperk

Infrastruktuur is van deurslaggewende belang om belegging en BBp groei te stimuleer deur die skepping van 'n instaatstellende sake-omgewing/ Katalitiese infrastruktuur (infrastruktuur vir besigheid) dien as 'n fasiliteerder en instaatsteller vir die mobiliteit van arbeid, kapitaal en ander produksie-insette, waardeur produktiwiteit verhoog word en koste verlaag word. Die verhoog inligtingsvloei, ontsluit nuwe geleenthede, spesifiek vir werkskeppingsdoeleindes; verhoog mededingendheid en verminder assimetriese en ander markgebreke of mislukkings. Voorbeelde van katalitiese inisiatiewe sluit in ekonomiese en nywerheidsone, spilpunte en toerisme-aantreklikhede.

Uit die oogpunt van 'n mededingende voordeel-raamwerk vir nywerhede en nasies, word infrastruktuur beskou as 'n grondliggende komponent van die "faktortoestande" en is dit onontbeerlik vir die bevordering van groeperings en die waardeketting vir sektore. Dit maak voorsiening vir doeltreffende hulpbrontoewysing en ekonomiese groei van skaal. Getuigenis toon dat 'n toename van 10% in infrastruktuurbates BNP per capita met 0.7 – 1% laat styg. Die sleutel tot die verhoging van produktiwiteit is groei in vaste kapitaalbesittings (bates en kapitaal soos eiendom, aanlegte en toerusting) beskikbaar per capita, Die ontwikkeling van infrastruktuur verhoog mededingendheid en produk-diversifikasie. Dit gee 'n hupstoot aan uitvoere en die skep van plaaslik-ondersteunende indiensneming.

Vir die doel van infrastruktuur wil die Program dus die ontwikkeling van die ekonomiese ontwikkeling-infrastruktuur ondersteun wat belegging kan lok en so die Wes-Kaapse ekonomie laat groei en werk skep. Die doelwit is belyd met die Provinsiale Strategiese Plan se vereiste om bykomstige belegging na die streek te lok in terme van VIP 2: Groei en Werksgeleenthede ('n instaatstellende ekonomie wat werk skep en deur aanvraag gelei word en deur die privaatsektor gedryf word). Die doelwit stem ook ooreen met die NOP se langtermyn-visie tot by 2030 vir die versnelling van BNP-groei sodat werkloosheid en ongelykheid verminder kan word. Hierdie doelwit is verder in ooreenstemming met die NOP se Mediumtermyn-Strategiese Raamwerk Prioriteit 2: Ekonomiese Transformasie en Werkskepping; Subuitkoms: Verbetering van gehalte en skaal van belegging om groei en werkskepping te ondersteun.

Saldanhaai-nywerheidsontwikkelingsone (SBNOS)

Die ontwikkeling van die Saldanhaai-nywerheidsontwikkelingsone sal voortgaan as 'n hoofaandrywer van die Olie & Gas en Mariene Ingenieurswese-sektore, met die eerste elemente van die pasgemaakte infrastruktuur van die Olie & Gas en Mariene Ingenieurswese-spilpunt in plek in Saldanhaai. In die 2021/2022 boekjaar sal operasionele aktiwiteite beduidend verhoog word en infrastruktuurbelegging sal voortgaan. Die NOS speel 'n katalitiese rol om die nywerheidspotensiaal van die Weskus, en Saldanha in die besonder, te ontsluit.

Met die sektorspesifieke waardeproposisie van hawe- en infrastruktuur en 'n geskikte model vir GVSD (vrye hawe status) het die SBNOS die wetgewende instrumente ingespan om die geteikende nywerheidsaktiwiteite te lok. Die einddoel is om ekonomiese groei en volhoubare werkskepping te stimuleer deur die broodnodige herindustrialisering van die plaaslike ekonomie. Die Strategiese Plan vir die vyf jaar van 2020/21 tot 2024/25 sal fokus op kommersiële volhoubaarheid, wat gebalanseer moet word met die noodsaaklikheid van groter

inklusiwiteit, wat in ooreenstemming is met die Nywerheids-ekostelsel wat beskryf word in die land se konsep SES Strategiese Raamwerk 2020-2030.

Met die eerste beleggers wat reeds nuwe fabriek- en kantoorruimte begin betrek en 'n gesonde beleggingspylyn, is die kommersiële doelwitte op dreef. Terselfdertyd het Covid-19 en vertragings in infrastruktuurlewering beduidende druk geplaas op die tydlyn na kommersiële volhoubaarheid. Die grondslag van inklusiwiteitsinisiatiewe, soos die ontwikkeling van plaaslike mense en besighede, is gevestig sedert 2014. Die jongste infrastruktuur wat voltooi is spog met hoë plaaslike inhoud, suksesvolle ontwikkeling van nuwe maatskappye en 'n robuuste en goed-funksionerende stelsel van plaaslike verkryging. Verdere ontwikkeling van plaaslike talent en besighede sal moet tred hou met die groei van die beleggersbasis se sake-aktiwiteite.

Die Weskus-nywerheidsplan ervaar ook die eerste ware beleggings in nuwe infrastruktuur (VPG terminale, uitbreiding van logistiek-infrastruktuur, en nuwe olie- en gasfasiliteite wat in werking kom). Die Hele Gemeenskapbenadering (WOSA) het institusionele infrastruktuur geskep wat nou ekonomiese inisiatiewe in die streek koördineer, insluitend Ondernemingsontwikkeling, belegging (werwing en behoud), instaatstellende infrastruktuur en ander maatskaplike dienste. Dit sluit noue samewerking met groot korporatiewe beleggers sowel as KMMO's in belangrike produktiewe sektore in, wat alles nou geïntegreer is met die werk van die relevante DEOT eenhede, insluitend Sektorale Ondersteuning, Rompslompvermindering, Ondernemingsontwikkeling en Vaardighede. Hierbenewens begin betrokkenheid by die Gesamentlike Distriksbenadering in die Weskus, sowel as die Covid-19 respons-spanne (veral die distrik **se LED** groepering), die nywerheidsontwikkelingspogings regoor munisipaliteite in die streek te fasiliteer.

Atlantis Spesiale Ekonomiese Sone (ASES)

In die 2020/21 boekjaar was daar verdere vordering in die proses van inwerkingstelling van die Atlantis SES-entiteit, in ooreenstemming met die Wet op SES, Wet 16 of 2014. Die entiteit is gefokus op die aandryf van die groentegnologie-gefokusde ASES wat beoog om beduidende belegging en werkskepping oor die volgende vyf jaar te kataliseer, en kern-personeel is gewerf, direksieverteenwoordiging is uitgebrei soos per die SES Wet, en die grond waarop die ASES ontwikkel word is aangekoop van die Stad Kaapstad.

Die 2021/22 boekjaar sal voortgaan om te fokus op die inwerkingstelling van die ASES, met 'n verwagte suksesvolle onttrekking uit die SES-infrastruktuurfonds wat konstruksiewerk moontlik sal maak teen die einde van 2021/2022. Die ASES-maatskappy sal ook voortgaan om die suksesvolle beleggingswerwingsveldtog wat reeds begin het te implementeer om die 5-jaar uitkomsteeiken van waarde van beleggings gefasiliteer te behaal. Laastens sal die ASES ook voortgaan om die vaardigheds-, ondernemings- en gemeenskapsontwikkelings- programme tesame met en vir die besighede en gemeenskap van Atlantis te implementeer.

Sektorale Infrastruktuur-ondersteuning

Na beduidende navorsing wat in die 2020/21 boekjaar gedoen is, het die Oseaan-ekonomie en uitvoernywerhede die behoefte geïdentifiseer vir die optimalisering of ontwikkeling van infrastruktuur wat handel kan ondersteun. Die 2021/22 boekjaar sal dus fokus op die voortgesette ondersteuning van logistiek-infrastruktuur optimalisering, Biovac uitbreiding en Dorpsgebied-infrastruktuur ontwikkeling.

Ontwerp en Innoveringprojekte

In 'n Covid-geaffekteerde wêreld, is innovering 'n deurslaggewende bestanddeel vir ekonomiese veerkragtigheid. Die Ontwerp en Innoveringsinisiatief het in die verlede daarna gestreef om innovering in die WKR te koördineer, bevorder en stimuleer met die doel om dienslewering te verbeter, doeltreffendhede te skep en te verseker dat die WKR as 'n innoverende regering beskou word – 'n onontbeerlike faktor in 'n mededingende ekonomie wat in staat is om belegging te lok. In die lig van die VIP 5-Innoveringsprioriteit, sal DEOT in 2021/22 daarop fokus om ondersteuning aan die Departement van die Premier en die VIP 5 te verskaf, wat poog om 'n innoverende Regering te vestig. Die DEOT Ideesbestuursinstrument en Innoveringsraamwerk ennavorsing sal tot hierdie inisiatief bydra.

Die tweede aspek van hierdie inisiatief fokus op die stimulering van kommersialisering van innovering en aanvaarding daarvan deur besighede en organisasies in die Wes-Kaap, sal uitgebrei word in die 2021/22 boekjaar. Die Eenheid sal weer vennootskappe sluit met hoofbelangbbendes om 'n Wes-Kaapse Ontwerp- en Innoveringsfonds (OIF) te implementeer wat vooraf- en beginnermaatskappye kan ondersteun sodat hulle belegging na hulle intellektuele eiendom kan aanlok. Die Eenheid sal ook saamwerk met die privaatsektor en akademiese instellings om 'n gesamentlike benadering vir die Wes-Kaap te ontwikkel wat beter koördinering en hefboming van sterkpunte moontlik sal maak om die kommersialiseringsvooruitsigte van die Wes-Kaapse innoveerders te verbeter.

9.4.5 Subprogram 5.5: Hoofrisiko's

Verhoogde Randwaarde van belegging	Ekonomiese potensiaal vir werkskepping en BNP groei word nie verweselik nie as gevolg aan gebrek aan belegging in infrastruktuur	Doen voorspraak by Nasionale Regering om beleggersonvriendelike benaderings te wysig (GVSD).

	Beleggingsklimaat bly steeds konserwatief of verswak as gevolg van kontroversiële Nasionale beleidsbesluite.	Bevorder Wes-Kaap as 'n voorkeur beleggingsbestemming op die vasteland van Afrika.
--	--	--

9.5 SUBPROGRAM 5.6: BREËBAND VIR DIE EKONOMIE (OFTEWEL DIGITALE EKONOMIE)

9.5.1 Doel

Om die gebruik, gereedheid vir en toeganklikheid van digitale tegnologie deur burgers en besighede te ondersteun en te stimuleer.

9.5.2 Subprogram 5.6: Uitkomst, Uitsette, Prestasie-aanwysers en Teikens

			Jaarlikse Teikens						
Verhoogde Randwaarde van beleggings	Digitale ekonomie-projekte ondersteun	5.4 Getal digitale ekonomie-projekte ondersteun	9	8	7	7	5	5	5

9.5.3 Sub-program 5.6: Aanwyser, Jaarlikse en Kwartaallikse Teikens

	Jaarlikse				

5.4 Getal digitale ekonomie- projekte ondersteun	5	-	-	-	5
--	---	---	---	---	---

9.5.4 Verduideliking van beplande prestasie oor die mediumtermyn-tydperk

Gegewe die feit dat Covid-19 feitlik elke faset van die lewe en die ekonomie geaffekteer het – globaal, nasionaal en plaaslik - kan dit beskryf word as die digitale versneller van die dekade, aangesien meeste besighede en organisasies gedwing was om hulle digitale transformasie-agendas te versnel. Duisende besighede en miljoene burgers in die Wes-Kaap moes vinnig nuwe maniere vind om hulle werksaamhede voort te sit, en dit het ook beteken dat 'n beduidende komponent van die arbeidsmag van die huis af begin werk het. Hierdie oorgang is heelwaarskynlik onomkeerbaar aangesien die vorige inhibeerders tot innovering verwyder is, en digitale praktyke nou die lewensbloed van baie organisasies is. Die behoefte om ondernemings vinnig te digitaliseer en die arbeidsmag te heroriënteer om weg van die werksplek af te werk het beide uitdagings en geleenthede meegebring.

Digitale tegnologieë kan 'n belangrike en massiewe ekonomiese stimulus verskaf, nie net aan die Provinsie se bestaande sektore nie maar ook in die groei van nuwe opkomende nywerhede. Nasionale regulasies het egter nie tred gehou met die snelveranderende omgewing wat vereis word vir die ontwikkeling van hierdie ontkiemende nywerhede nie. In die 2021/22 boekjaar, sal die Program verskeie beleidsbenaderings ontwikkel om die hoofinhouders wat die groei van tegnologie-geleenthede strem, te hanteer, wat strek van munisipale praktyke, visa, hommeltuig regulasies en digitale vaardigheidsontwikkeling. Sistemiese hindernisse wat geïdentifiseer en gekategoriseer word en stelselmatig aangespreek word en ons sal relevante vennote stimuleer om aanvoerkantkwessies aan te spreek. Toegang tot geskoolde personeel met relevante digitale vaardighede bly steeds die mees beduidende beperking vir tegnologie-maatskappye. Die kloof tussen die aanvraag na en beskikbaarheid van ervare personeel met die nodige vaardighede bly steeds 'n remskoen vir besighede. Dit was waar voor die pandemie en is nou nog meer pertinent, gegewe die gebruik van digitale tegnologieë in besighede. Programme om skoliere se belangstelling te prikkel in loopbane in IKT, die opleiding van naskoolse jeug te versnel en plasingprogramme sal versnel word in vennootskap met die privaatsektor en die DEOT se Hoofdirekoraat vir Vaardigheidsontwikkeling en Innovering. Dit moet op skaal gedoen word en vereis innovering in die benadering om 'n veerkragtige en beskikbare arbeidsmag te verskaf, wat geskool is in digitale konsepte en toepaslik toegerus is vir die uitdagings.

Die bevordering van digitale vaardighede sal voortgaan deur ons ondersteuning van die I-CAN Elsiesrivier en die Khayelitsha Bandwidth Barn. Hierdie sentrums verskaf waardevolle toegang vir die gemeenskappe wat hulle bedien, en dit strek verder. Ons sal voortgaan om saam te werk met die privaatsektor in verskeie inisiatiewe om die waargenome vaardigheidsgaping in die digitale ruimte aan te spreek. Prioriteit sal gegee word aan die opleiding van vroue, jeugdige en burgers met gestremdhede.

Die Digitale Ekonomie eenheid beoog om voort te bou op die winste van die vorige jare om sodoende die optimale instaatstellende omgewing te skep vir die skep en behoud van werksgeleenthede. Die visie is steeds om die Wes-Kaap te vestig as die mees-gekonnekteerde, mees tegnologie-knap en hoogste funksionerende digitale ekonomie in Suid-Afrika. Die voordele van die digitale tegnologie filter deur die ekonomie. Vir besighede bevorder die internet die insluiting van firmas in die globale ekonomie deur handel uit te brei, die produktiwiteit van kapitaal te verhoog en mededinging in die mark te intensifiseer, wat weer innovering aanmoedig. Dit verskaf geleenthede vir huishoudings deur nuwe tipes werksgeleenthede te skep, die arbeidsmag se vaardighede te vernuwe of op te skerp, menslike kapitaal te hefboom en verbruikersurplus te produseer. Dit stel burgers in staat om toegang tot openbare dienste te verkry, verstewig die regering se vermoëns en dien as 'n platform vir burgers om kollektiewe aksie-probleme aan te spreek.

Moeite sal gedoen word met digitale en tegnologie ondersteuning en inkubasie. Lewensvatbare netwerke van beginnermaatskappye en florerende tegnologie-ekostelsels word gesien as uiters belangrike faktore vir die sukses van beginnermaatskappye. Die Wes-Kaap sal voortbou op die status quo en 'n kultuur van GVSD bevorder om 'n bevorderlike omgewing te skep vir plaaslike belegging en BDB van digitaal- en tegnologie-verwante besighede. Die ontwikkeling van die ekostelsel van versnellers en inkubators, waagkapitaalwoekeraars en engelbeleggers sal die werk van die skerpste breine lok en bevorder. Hierdie omgewing sal talent van elders in die land, die streek die vasteland en internasionaal, lok en absorbeer, en daar sal bemerkingsboodskappe uitgestuur word om dit te bewerkstellig.

Digitale entrepreneurskap sal bevorder word beide binne die IKT sektor en besighede in die algemeen. In reaksie op die Covid-19 pandemie, het die Digitale Ekonomie-subprogram op 'n verskeidenheid van maniere gereageer op die behoeftes van burgers en besighede, insluitend deur die #GoDigitalWK veldtog, wat insluit webinare, tegniese artikels en praktiese bystand deur middel van die "Tegno Vrywilliger" inisiatief. Hierdie multimedia benadering

het KMMO's bewapen met praktiese werktuie, wenke en inligting om hulle besighede aanlyn te skuif of uit te brei en hulle aangemoedig om digitale tegnologie te gebruik om hulle operasionle doeltreffendheid en mededingendheid te verbeter. Daar sal voortgebou word op die momentum en lesse wat uit hierdie tyd na vore gekom het. Dit sal insluit programme om uitvoer-relevansie en vermoëns te verhoog, plus internasionale statuur van die plaaslike maatskappye deur die Kaapstad: Afrika se Tegnologie-Hoofstad benadering ten opsigte van globale posisionering. Beste praktyk en innovering in die gebruik van tegnologie sal bevorder word aangesien digitale en tegnologie ondersteuning steeds 'n hooftema bly, beide in die plaaslike nie-tegnologie of vertikale nywerhede, d.w.s tegnologie sal transversaal aangewend word regoor alle sektore om produktiwiteit en mededingendheid te dryf. Nywerheidsgefokusde tegno-produktiwiteit-skakelings met sektore sal beplan en uitgevoer word om dit te behaal.

Die subprogram sal voortgaan om die aanvaarding van digitale tegnologieë binne DEOT te dryf om sodoende produktiwiteite en innovering in die werkplek te bevorder, wat sal lei tot verbeterde dienslewingsdoeltreffendhede en -doelmatigheid. Dit sal gedoen word deur die bevordering van die vier "pynpunte" projekte, wat verband hou met dokument-outomatisering, kommunikasie, bestuur van belanghebbendes en projekverslaggewing. Interne opleiding sal onderneem word om die verspreiding van beste praktyke in die gebruik van sagteware en stelsels te fasiliteer.

9.5.5 Subprogram 5.6: Hoofrisiko's

Uitkoms	Hoofrisiko	Risiko-vermindering
Verhoogde Randwaarde van belegging	Makro-vlak politieke risiko's en nasionale vlak beleidsonsekerheid.	Verseker ooreenstemming met die WKR doelwit om te verseker dat GVSD in die Wes-Kaap aanhou om te verbeter
	Lae vlak van vaardighede benodig om digitale ekonomie doelwitte in die Wes-Kaap te ondersteun. Dit affekteer nie slegs buitelandse beleggingspotensiaal nie maar ook die hoë risiko van werksverliese as gevolg van outomatisering.	Gefokusde programme gekoppel aan vaardigheds- en talentontwikkeling in die Wes-Kaap om werkers se vaardighede op te skerp, hulle nuwe vaardighede te leer en op te lei om digitaal bekwaam te wees.
	Gebrek aan toegang tot mid-vlak IKT vaardighede strem die WK tegno-sektor, wat werkseleenthede beperk en belegging en uitvoere negatief affekteer.	Ontwikkel die tersiêre opvoedingsektor vir IKT met innoveringsmodelle en benaderings.

9.6 SUB-PROGRAM 5.7: GROEN EKONOMIE

9.6.1 Doel

Om die ontwikkeling van die “groen” ekonomie en verwante nywerhede te stimuleer en om verbeterde hulpbron-doeltreffendheid en -volhoubaarheid te fasiliteer om die mededingendheid en veerkragtigheid van die hele ekonomie te verbeter.

9.6.2 Sub-program 5.7: Uitkomst, Uitsette, Prestasie-aanwysers en Teikens

			Jaarlikse Teikens						
Hulpbron veerkragtigheid van die ekonomie verbeter	Groen Ekonomieprojekte ondersteun	5.5 Getal Groen Ekonomieprojekte ondersteun	6	6	6	6	6	6	6

9.6.3 Sub-program 5.7: Aanwysers, Jaarlikse en Kwartaallikse Teikens

	Jaarlikse				
5.5 Getal Groen Ekonomieprojekte ondersteun	6	-	-	-	6

9.6.4 Verduideliking van beplande prestasie oor die mediumtermyn-tydperk

Ekonomiese risiko, veerkragtigheid en klimaatsverandering

Die ekonomiese impak van water- en kragonsekerhede sowel as globale klimaatsverandering responsopredes (b.v. koolstofbelastinge en handelsbeperkings) illustreer hoekom hulpbronneveerkragtigheid 'n voorvereiste is vir besigheidsmededingendheid, vertroue, belegging, groei, werksbehoud en werkskepping. Hierbenewens maak die uitbreiding van die Groen Ekonomie -ektor (d.i. daardie besighede wat groen tegnologieë, produkte en dienste verskaf) plaaslike vervaardiging en werkskeppingsgeleenthede moontlik.

Die Wereld Forum 2021 Globale Risiko's Verslag dui aan dat vier van die top vyf globale risiko's in volgorde van waarskynlikheid klimaatverwant is, met aansteeklike siektes wat die enigste uitsondering is. Hierbenewens is drie van die top vyf globale risiko's in terms van impak, klimaatverwant. Beide krag- en waterveerkragtigheid is onontbeerlike hulpmiddels in die stryd teen globale klimaatsveranderingsrisiko's.

Alhoewel die Wes-Kaapse damme (behalwe die Gouritz Rivier-Opvanggebied wat die Karoo bedien) relatief vol is na die 2020 reën, bly watersekeriteit 'n uitdaging vir die provinsie as gevolg van klimaatsveranderingsprojeksies in die Wes-Kaap, insluitend laer reënval, hoër temperature en hoër windspoede, infrastruktuur wat agteruitgaan, en verhoogde wateraanvraag weens bevolkings- en ekonomiese groei. Die 2017/18 droogte het aangetoon hoe vinnig 'n erge droogte kan ontstaan en die skaal van die ekonomiese impak wat veroorsaak word deur die waterkrisis was omvattend. Baie besighede verstaan die feit dat die Wes-Kaapse waterkrisis geëindig het as gevolg van die aanvang van die reëns. Alhoewel besighede 'n mate van waterveerkragtigheid aangekweek het deur hulle watergebruik te verbeter en die implementering van hulle eie wateraanvullingstelsels, vereis baie van die sistemiese verandering wat nodig is om die Wes-Kaap se waterstelsels te versterk, watersektorbesighede te versterk en besighede te beskerm teen toekomstige watertekorte, nog verdere werk. As deel van die Werksgeleentheidetema van die Wes-Kaapse Herstelplan wat fokus op verhoging van belegging en uitvoere, moet die waterveerkragtigheid van die Wes-Kaap verbeter word om mededingendheid van besighede te verbeter en sektorvertroue in stand te hou. Baie van die ekonomiese sektore wat geteiken is vir groei in die Wes-kaap is waterintensief. Hierbenewens is die toestand van biodiversiteit en ekosistels, binnelandse water en oseane en kuste almal besig om te versleg. Hierdie stelsels en die produkte en dienste wat hulle verskaf vorm die grondslag van ekonomiese water- en klimaatsveranderingveerkragtigheid en verdere ekonomiese aktiwiteit.

Suid-Afrika is tans nommer 106 uit 115 lande in die Wêreld Ekonomiese Forum (WEF) se energie-oorgangsindeks (d.i. wegbeweging van 'n fossielbrandstof-gebaseerde na 'n hernubare energie-gebaseerde stelsel (ETI2020)). Energiesekeriteit en omgewingsvolhoubaarheid is beduidende areas van bekommernis, en steenkool is steeds die hoofbron van die kragopwekkingstelsel in Suid-Afrika, aangesien dit 84% van Suid-Afrika se elektrisiteit voorsien. Benewens finansiële en operasionele kwessies, het die ouderdom van Eskom se steenkoolvloot asook die instandhoudingsregime wat konsekwente en betroubare voorsiening moet verseker, aangetoon dat slegs omtrent 60% van die krag wat opgewek word deur Eskom se 44GW steenkoolvloot betroubaar gelewer kan word. Dit het gelei tot voortgesette beurtkrag, wat jaar op jaar versleg (kumulatiewe beurtkrag teen Augustus 2020 was 23% erger as in 2019, alhoewel reële BNP 9% laer was op dieselfde tydstip in 2019) en wat beraam word die land se ekonomie R500 miljoen per stadium per dag kos en die Wes-Kaapse ekonomie R75 miljoen per stadium per dag. Die koste van onbediende krag, as gevolg van beurtkrag teen September 2020, word geskat op R160 miljard vir die land en R20 miljard vir die Wes-Kaap. Die impak van beurtkrag op alreeds sukkelende munisipale inkomste, veral na Covid-19, is 'n bedreiging vir die volhoubaarheid van munisipaliteite en dienslewering.

1. Die Wêreld Ekonomiese Forum (WEF) se Energieoorskakelingsindeks (ETI) stel 'n jaarlikse standaard op waarteen lande gemeet word ten opsigte van grondliggende elemente vir energie-oorskakeling, asook die prestasie van hulle kragstelsel ten opsigte van ekonomiese groei en ontwikkeling, energiesekuriteit en -toegang, en omgewingsvolhoubaarheid. Hierdie getuienisgebaseerde raamwerk is 'n aanduiding van gereedheid om oor te skakel na sekure, volhoubare, bekostigbare en inklusiewe kragstelsels.

Suid-Afrika se ondertekening van die Parys Akkoord (2015) vereis vermindering in vrystellings in ooreenstemming met klimaatsveranderingverbintenisse (gedeeltelike gedryf deur die land se koolstofbelasting). Dit, tesame met toenemende internasionale tendense na koolstofgrens-aanpassingsmeganismes, vereis dat die land sy koolstofvoetspoor verklein om mededingendheid te verbeter en uitvoere te vergroot en op 'n doeltreffende wyse die risiko van klimaatsverandering te verminder. Die Geïntegreerde Hulpbronplan (GHP 2019)(gepromulgeer in Oktober 2019) wat lei tot verdere Bod-geleentheid vir Hernubare Energie Onafhanklike Kragverskaffer Verkryging (REIPPPP), en wysigings aan elektrisiteitsregulasies ten opsigte van nuwe opwekkingskapasiteit om munisipale kragopwekking moontlik te maak (gepubliseer in die Staatskoerant Oktober 2020), tesame met vooruitgang in die ontbondeling van Eskom, is positiewe aanduidings van 'n gedemokratiseerde, laekoolstof en gedesentraliseerde krag- en energiesektor. Die hernubare en alternatiewe energie-opsies wat beskikbaar gemaak is deur die GOP (2019) sal dit moontlik maak dat beduidende hernubare en laekoolstof elektrisiteitsopwekking met die netwerk gekonnekteer kan word in 'n veel korter tydspanne as wat nuwe steenkoolaanlegte kan doen, en sal broodnodige vermindering in kweekhuisgasvrystellings meebring wat met elektrisiteitsgebruik in die provinsie en die land geassosieer word. Belegging in hernubare energie bied ook geleentheid vir beide die ekonomiese herstel van Suid-Afrika en die Wes-Kaap deur ontwikkeling van nuwe energie-infrastruktuur, werkskepping, verbeterde sake-mededingendheid en verhoogde sake-vertroue, terwyl dit ook die oorgang na 'n hernubare-energie toekoms versnel.

Die aandrywers van beide die pandemierisiko en klimaatsveranderingrisiko is dieselfde: ekologiese ontwigting en onvolhoubare produksie en verbruik deur die samelewing. 'n Inklusiewe groen ekonomie is in staat om hierdie risiko's aan te spreek en te verminder terwyl dit ook aanpassings by die huidige impakte van hierdie risiko's moontlik maak deur die bou van 'n meer veerkragtige, volhoubare gemeenskap en ekonomie. 'n Groen Ekonomie, wat gegrond is in die beginsels van volhoubare ontwikkeling, sal daarbenewens ook ekologiese ontwigting verminder of selfs omkeer, en volhoubare produksie en verbruik verseker. Dit is die rede hoekom daar globale openbare oproepe gemaak word vir 'n Groen en Volhoubare Covid-19 herstel, deur regerings regoor die wêreld, (insluitende die Suid-Afrikaanse regering) die Verenigde Nasies, burgerlike samelewingsorganisasies, ontwikkelingsorganisasies en die algemene publiek.

Beide waterkwessies en klimaatsverandering verskyn steeds op die Provinsiale risikoregister en ekonomiese waterveerkragtigheid en kragsekuriteit bly steeds DEOT strategiese risiko's.

Die doel van die groen ekonomie is om die hulpbronveerkragtigheid van besighede te verhoog deur verbeterde water- en kragdoeltreffendheid en alternatiewe bronwerwing van volhoubare hulpbronne; en om die verskaffing van groen ekonomie-goedere, dienste en tegnologieë wat plaaslik vervaardig is moontlik te maak en te bevorder ten einde bogenoemde doelwit te ondersteun. Dit sal 'n hulpbronveerkragtige ekonomie skep, ondersteun deur en in staat om ondersteuning te verleen aan 'n florende en toeganklike groen tegnologieë-, produkte- en dienste-sektor – 'n internasionale groen ekonomie-spilpunt.

2. Die koste van Onbediende Energie (COUE) strek tussen R6.77/kWu (vir huishoudings), R23 tot R50/kWu (direk, tot R87.50/kWu vir totale ekonomiese koste.
3. Inter-regerings Wetenskapsbeleid Platform oor Biodiversiteit en Ekostelsels, 2020. IPBES Werkswinkel oor Biodiversiteit en Pandemies - Uitvoerende Opsomming. Verkry toegang hier: <https://ipbes.net/sites/default/files/2020-10/IPBES%20Pandemics%20Workshop%20Report%20Executive%20Summary%20Final.pdf>
4. Wêreld-Natuurfonds, 2020. Die verlies van die Natuur en Opkoms van Pandemies: Beskerming van die Gesondheid van Mens en Planeet. Verkry toegang hier: https://wwfeu.awsassets.panda.org/downloads/the_loss_of_nature_and_rise_of_pandemics___protecting_human_and_planetary_health.pdf

Die Randwaarde van belegging in groen tegnologieë, dienste en produkte gefasiliteer verskaf 'n duidelike aanduiding van die “inspan van nuwe groen ekonomie-geleenthede in” deel van die uitkoms wat vroeër beskryf is. Neem kennis dat dit slegs die nuwe of uitgebreide groen ekonomie-besighede sal opvang maar nie noodwendig die Randbelegging deur hoofstroom-besighede in die verbetering van hulle hulpbronveerkragtigheid nie.

Benadering tot die verbetering van hulpbronveerkragtigheid (met 'n fokus op krag- en water-ekonomiese veerkragtigheid)

Die bedoelde uitkomst van die krag- en waterveerkragtigheidswerk in die konteks van die Werksgeleenthede tema van die Wes-Kaapse Herstelplan is: verbeterde krag- en waterveerkragtigheid, groei in markgeleenthede vir krag- en watersektor-besighede; uitgebreide marktoegang vir uitvoerbesighede (laer koolstof- en water voetspore); laer inset-, vervoer- en gehoorgewingskoste; minder regs-koste t.o.v. nie-gehoorgewing; verbeterde klimaatsverandering-aanpassingskapasiteit; vermindering van klimaatsverandering en verskaffing van plaaslike aanvraag vir aanvoerkant-besighede. Dit sal alles lei tot 'n toename in die mededingendheid van krag- en watersektor-besighede deur spilpuntvoordele; belegging in krag- en watertegnologieë, dienste en produkte; groter sake-mededingendheid; verhoogde sake-vertroue en die skepping en instandhouding van werksgeleenthede. Die ruimtelike en sektorale prioritering van munisipale en besigheidsondersteuning met die oog op verbetering van krag- en waterveerkragtigheid word onderneem met gebruikmaking van die munisipale krag-veerkragtigheidsinisiatief, die groen ekonomie-ekostelsel-ondersteuningsprojek, die ekonomiese waterbalans-werk, die watersektor-veerkragtigheidsprojekte en die finansiële meganismes en modelle vir die verbetering van ekonomiese waterveerkragtigheid.

Groen Ekonomie-beleid en strategiese belyning

Die Groen Ekonomie stem ooreen met die topprioriteitgebied van die Suid-Afrikaanse Ekonomiese Heropbou en Herstelplan (Oktober 2020): Versekering van Kragsekuriteit, veral verhoogde betroubaarheid van voorsiening, instaatstelling van opwekking vir eie gebruik, skeiding en ontbondeling van Eskom en implementering van die GOP om diversifisering van hulpbronne te verseker, en die Vloeibare Natuurlike Gas invoerraamwerk en argitektuur; die Infrastruktuur Prioriteitsgebiede, veral grootmaatwater-infrastruktuur en kragsektorhervormings; die prioriteitsegebied van die Groen Ekonomie, veral die verhoogde gebruik van finansiële meganismes en groen klimaat-fondse om koolstofvoetspore te verminder en 'n billike oorgang te befonds; en die prioriteitsgebied van Voedselsekuriteit, veral die landbou en agri-prosesseringssektor klimaatsverandering-aanpassing. Die werk stem ook ooreen met 'n aantal NOP prioriteite (en uitkomst): ekonomiese transformasie en werkskepping, en, meer spesifiek, skepping van meer ordentlike werksgeleenthede, inklusiewe ekonomiese groei en herindustrialisasie van die ekonomie en opkoms van globaal-mededingende sektore; elektrisiteit, water, spoorweë en hawens en klimaatsverandering, insluitend funksionele, betroubare en doeltreffende ekonomiese infrastruktuursektore (voorsiening van krag- en watersekuriteit); en 'n beter Afrika en 'n beter wêreld, met spesifieke verwysing na verminderde kwesbaarheid van hoofsektore vir klimaatsverandering; vermindering van totale kweekhuysgasvrystelling in Suid-Afrika; opleiding en innovering (b.v. fotovoltaiiese bekwaamheidsopleiding). Die aandryf van benaderings tot verbetering van krag- en waterveerkragtigheid in die Wes-Kaap sal die Provinsie se bydrae tot die nasionale agenda verseker.

Die hoof-strategiese ingrypings wat onderneem sal word om die hulpbron-veerkragtigheidsuitdagings hierbo aan te spreek sluit in:

- 1) Koördinering van strategie en belanghebbendes om die besigheids- en belanghebbende-ekostelsel te versterk.
- 2) Direkte ondersteuning aan besighede en munisipaliteite.
- 3) Ontsluiting van sistemiese hindernisse.
- 4) Kennisbestuur en kommunikasie.

Die Munisipale Krag-veerkragtigheidsinisiatief is die vlagskip-program waardeur die Departement se kragwerkzaamhede onderneem word.

Koördinering van strategie en belanghebbendes om die besigheids- en belanghebbende-ekostelsel te versterk

Die Groen Ekonomie is 'n hoogs transversale gebied met implementering wat diagonaal strek oor alle fokusgebiede van die Werksgeleentheids-tema van die Wes-Kaapse Herstelplan, meeste WKR departemente en verskeie eksterne belanghebbendes. Benewens die feit dat dit 'n fokusarea van die Wes-Kaapse Herstelplan is, is hulpbronveerkragtigheid relevant tot en sal geïntegreer moet word met alle fokusgebiede onder die Werksgeleentheids-tema van die Wes-Kaapse Herstelplan, d.i. uitbreiding van werksgeleentheids- en vaardighede vir werklose mense; 'n hupstoot vir privaatsektorbelegging en -uitvoere (sektore); ondersteuning van KMMO's en die informele sektor; versnelling van GVSD en verhoging van openbare sektor-infrastruktuur. Hierbenewens, sal hierdie werk ook gedoen moet word regoor alle munisipaliteite en op 'n wyse wat sake- en beleggingsvertroue 'n hupstoot sal gee.

Die hulpbronveerkragtigheids-temas vereis ook integrasie regoor verskeie WKR departemente, soos Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning (wat die leiding gee ten opsigte van die afvalekonomie en die biodiversiteitsekonomie lei, asook wateropvangskwessies, waterlisensieëring, ekologiese infrastruktuur, kusbestuur, klimaatsverandering-aanpassing, volhoubaarheid, klimaatsverandering en hulpbronverwante kommunikasie, kwessies te make met vrystelling/lae koolstof, omgewingsimpak studies (OIS'e) en klimaatsveranderingsvermindering), Landbou (wat die leiding gee oor die Slim Agri-Implementeringsprogram en oor massa-infrastruktuurprojekte om besproeiingswater te ontsluit), Vervoer en Openbare Werke (DVOW) (wat die Vervoer-klimaatsverandering-sektorplan lei asook die implementering van krag- en waterveerkragtigheidsmaatreëls in WKR fasiliteite – tesame met die Wes-Kaapse Onderwysdepartement (WKOD) en die Departement van Gesondheid (DVG), Menslike Nedersettings (wat voortgesette werk doen om die krag- en waterdoeltreffendheid van wonings te verbeter), Plaaslike Regering (die sleutel tot die instandhouding en ontwikkeling van hulpbrongebruik en -eienaarskap en hersiening van munisipale inkomstemodelle om hulpbronveerkragtigheid te oorweeg) en die Provinsiale Tesourie (PT) (wat die hersiening ondersteun van munisipale inkomstemodelle, gegewe die veranderende aard van hulpbron-gebruik en -eienaarskap), onder andere. Aspekte soos alternatiewe/groen boumateriale en tegnologieë word ondersoek deur die DMD, DVOW, DVG, en WKOD, ondersteun deur DEOT. Die sleutel tot hierdie komponent sluit in skakeling met navorsingsinstansies, Groen Ekonomie-nywerhede, die openbare sektor en die publiek om innovering, die deel van kennis, tegnologie demonstrasies, toetsing en sertifisering, kommersialisering en vaardigheidontwikkeling en samewerking te bevorder.

Die DEOT projekte wat op energie fokus sluit in:

- Deur die Munisipale Energieveerkragtigheids-inisiatief en die projekte wat daarmee verband hou, sal die strategiese benadering gelei word om energieveerkragtigheid in die Wes-Kaap in die medium- tot langtermyn te verseker – met ondersteuning aan die implementering van hernubare energie-projekte wat die toeganklikheid, beskostigbaarheid, sekuriteit en lae-koolstof aard van energie verbeter. Hierdie werk beoog ook om kragbelanghebbendes in die Wes-Kaap te bestuur om sodoende a) voorspraak vir strategiese energie posisies te dryf, en b) kort-, medium- en langtermyn optrede te implementeer wat die energie-veerkragtigheid van die Wes-Kaap verhoog.

Die projekte wat op water fokus, sal die volgende beklemtoon:

- Strategiese koördinasie van ekonomiese waterveerkragtigheid: Verskaffing van strategiese rigting en ondersteuning van ekonomiese waterveerkragtigheidsprogramme en projekte.
- Bou van vennootskappe en samewerking: Bystand met verstewiging van verhoudings tussen munisipaliteite en plaaslike besighede, insluitend instaatstelling van oop besprekings oor die aard en omvang van water- verwante risiko's vir die plaaslike ekonomie en ekonomiese groei en die identifisering van sake-uitdagings wat oplossing vereis.

108 |

Direkte ondersteuning aan besighede (en munisipaliteite)

Direkte ondersteuning aan besighede is nodig om hulle in staat te stel om hulpbronveerkragtigheidsmaatreëls te implementeer – beide in terme van 'n begrip vir die besigheidsmotivering vir hierdie veranderinge sowel as om hulle te help om die mees toepaslike tegnologieë of oplossings en finansiële of kontraktuele modelle te evalueer. Die ondersteuning wat verskaf word moet agnosties van aard wees, d.i., nie ten gunste van enige spesifieke tegnologie, produk of diens nie. Direkte steun word ook aan hierdie besighede verskaf wat groen tegnologieë, produkte en dienste verskaf, om hulle te help met konsepontwikkeling, navorsing en ontwikkeling, identifisering van markte en toegang tot finansies of finansiële modelle.

Direkte ondersteuning aan munisipaliteite en WKR departemente sal geskied deur interaksie om die aard en omvang van die hulpbronrisiko's vir plaaslike ekonomieë te verstaan en ekonomiese groei en samewerking in vennootskap om krag- en waterveerkragtigheid in hulle funksionele gebiede te verbeter. Teen hierdie agtergrond sal die subprogram die belyning en koördinerende van hulpbronveerkragtigheid ondersteun.

Die projekte wat fokus op energie, sal die volgende beklemtoon:

- Direkte ondersteuning aan munisipaliteite onder die oorkoepelende Munisipale Energieveerkragtigheids-inisiatief, om (1) hulle gereedheid te evalueer (finansiële, hulpbronkapasiteit, netwerk-kapasiteit, strategiese) om te implementeer (d.i. eie opwekking), verkryging van nuts-skaalkrag, verspreide opwekking, kleinskaal ingebedde opwekking (SSEG) en energieopbergingsstelsels; en/of moontlikheid van handel in energie, (2) verskaffing van projekontwikkelingsdienste aan munisipaliteite om die implementering en/of verkryging van die bogenoemde energie-opwekking/bergingsfasiliteite soos per hulle gereedheid te implementeer, (3) bystand met vul van munisipale gereedheids-gapings, en (4) ontwikkeling van 'n padkaart van energieprojekte vir alle munisipaliteite .

- Direkte nywerheidsondersteuning (aanvraagkant): Proaktiewe opsporing van bronne en direkte reaksie op navrae van besighede wat tegniese of regulatoriese ondersteuning benodig; koppeling van besighede met energiediensmaatskappy om energiedoeltreffendheid te dryf, ondersteun van hersiening van munisipale SSEG invoertariewe ter bevordering van eienaarskapsaanvaarding van eie opwekking; en samewerking van munisipaliteite en Eskom om die potensiële ekonomiese impakte van beurtkrag te verminder.
- Direkte besigheidsondersteuning (verskaffingskant): Verskaffing van tegniese of regulatoriese ondersteuning; koppeling van energie-ontwikkelaars met marktoegang-geleenthede; toegang tot finansiering en bygewerkte mark-, produk-, koste- en ander inligting.

Wat betref die projekte wat op water fokus, sal die volgende beklemtoon word:

- Direkte nywerheidsondersteuning (aanvraag- en verskaffingskant): Proaktiewe opsporing van en direkte reaksie op navrae van besighede wat tegniese, regulatoriese, finansiële, koördinerende, fasilitering, inligting en vennootskapsmeding-ondersteuning benodig; en koppeling van besighede met waterdiensmaatskappye om waterdoeltreffendheid en alternatiewe watervoorrade vir besighede te dryf om sodoende hulle waterveerkragtigheid te verbeter en om die aanvraag vir watersektor-verwante besighede te stimuleer.

Ontsluiting van sistemiese struikelblokke

Ontsluiting van sistemiese hindernisse in die bevordering van hulpbronveerkragtigheid en gelyktydige bevordering van ekonomiese veerkragtigheid, behels samewerking met munisipaliteite, WKR departemente, nasionale regering, nywerheid en veelvuldige ander belanghebbendes.

Die DEOT projekte wat op energie fokus, sluit in:

- Energiebelegging en innoveringsteun: om energiesektorbelegging en innovering na die Wes-Kaap te lok, veral na die Atlantis Spesiale Ekonomiese Sone (ASES).

- Verligting van koolstofhandelsversperrings: Om die blootstelling van die Wes-Kaapse uitvoere aan potensiële en dreigende koolstofhandelsversperrings te verstaan en om belyning te verseker met die Munisipale Energie Veerkragtigheidsinisiatief met vermindering van hierdie blootstelling.
- Energieverwante wetgewing en strategiese beplanning: Die ontwikkeling, ondersteuning, of verskaffing van insette of steunwerwing vir regulasies, wetgewing en beplanning wat energieveerkragtigheid bevorder (beide alleenstaande en geïntegreer) op nasionale, provinsiale en plaaslike vlakke.

Die projekte wat op water fokus, sal die volgende beklemtoon:

- Waterinnoveringsnetwerk: Kontak met en smee van vennootskappe met navorsingsinstansies, besighede, tegnologieverskaffers, konsulate, NRO's en regeringsdepartemente (alles nasionaal en internasionaal) om geleenthede vir leer, belegging en belyning met projekte te fasiliteer wat die ontwikkeling, groei, en toeganklikheid van die watersektor in die provinsie bevorder, veral in die Atlantis SES.
- Integrasie van ekonomiese waterveerkragtigheid met munisipaliteite: Ondersteuning van DLG met droogteverwante beleid en prosesse in die bou van waterveerkragtigheid in plaaslike regerings en plaaslike ekonomieë.

Kennisbestuur en kommunikasie (om markaanvraag te bou vir groen tegno-goedere en dienste, besigheids-hulpbronveerkragtigheid te versterk en besigheids- en beleggersvertroue te verhoog.

Die sleutel tot die verwesenliking van hulpbronveerkragtigheid is 'n rigtingverandering in hoe die ekonomie en ander hulpbrongebruikers krag en water gebruik en van watter bronne hulle dit kry. Die vereiste rigtingverandering sal deur veelvuldige kanale aangedryf moet word, maar die deurslaggewende gemene deler is doeltreffende kommunikasie van inligting, insluitende gevallestudies, prysvasstelling, beleid, sektortendense, maatstawwe en tegnologie, produk- en diensopsies, onder andere. Die verskaffing van marktentense en geleenthede asook regulatoriese en beleidsinligting, onder andere, sal die ontwikkeling en groei van die plaaslike Groen Ekonomie besighede ondersteun. Laastens sal gereelde en deursigte kommunikasie oor die stand van hulpbronne en oor suksesse in die versterking van hulpbronveerkragtigheid van die provinsiale ekonomie, besigheids- en beleggervertroue 'n hupstoot gee.

Die projekte wat op krag en water fokus, sal op die volgende konsentreer:

- Kennisplatforms en kommunikasie: Vestiging, instandhouding en publisering van platforms vir die uitruil van inligting (soos die 110% Groen webtuiste) om krag- en waterveerkragtigheid en alternatiewe energie en waterbronne aan te dryf, wat gemik is op die bou van langtermyn krag- en waterveerkragtigheid.
- Verskaffing van inligting oor krag- en waterbeleid en regulasies en bewusmaking van opsies en suksesse deur kommunikasieveldtogte en kennisplatforms.
- Instaatstelling van gedragsverandering om krag en water meer doeltreffend te gebruik.
- Die deel en uitruil van inligting en suksesverhale oor Groen Ekonomie-verwante beleggingsmoontlikhede in die Wes-Kaap, veral in die Atlantis SES.

9.6.5 Sub-program 5.7: Hoofrisiko's

Verbetering van die ekonomie se hulpbronveerkragtigheid	Nieteenstaande die feit dat die waterkrisis in die Sentrale Karoo steeds bestaan (met 'n beduidende impak op die landbousektor en munisipaliteite in die gebied) het die waterveerkragtigheidskwessie vir baie 'n minder dringende kwessie geword. Met die laaste waterkrisis wat baie vinnig toegeslaan het, klimaatsveranderingprojeksies wat duidelik aandui wat die toekomstige impak op die WK en geskatte bevolkings- en ekonomiese groei aantoon, is die die fokusverskuiwing weg van die dringendheid van waterveerkragtigheid iets wat 'n risiko inhou vir die ekonomie - in terme van toekomstige watervoorsieningsekuriteit en water-prysvasstelling wat besigheidsbelegging en -vertroue in die kort-termyn, en sakewinsgewendheid en mededingendheid in die kort-, medium- en langtermyn sal affekteer.	Ondersteun besighede in hulle waterveerkragtigheidswerk om die veerkragtigheid van die ekonomie ten opsigte van toekomstige watertekorte te verbeter. Ondersteun die watersektor om plaaslike produksie en markinligting moontlik te maak en om tegnologieë, produkte en dienste te verskaf wat verbeterde besigheid-waterveerkragtigheid en verbeterde munisipale watervoorsieing en bestuur sal ondersteun.

		<p>Ondersteun getuienisgebaseerde navorsing wat die provinsie in staat stel om 'n beter waterveerkragtigheids-balans te handhaaf tussen landbou en stedelike behoeftes, ekonomiese en huishoudelike behoeftes en tussen munisipaliteite.</p> <p>Werk met munisipaliteite, WKR en Nasionale Regering om die impak te verstaan en verreken van gedentraliseerde watervoorsieningstelsels en verbeterde ekonomiese waterveerkragtigheid op hulle belastinginkomste.</p>
	<p>Onvermoë van munisipaliteite om, ten spyte van die onlangse kragverwante landskapsveranderings, die nuwe kraggeleenthede op te neem en aan te dryf.</p>	<p>Verkry regulatoriese duidelikheid, waar relevant en nodig, van Departement van Minerale Hulpbronne en Energie (DMHE)</p> <p>Ondersteun munisipaliteite deur uitruil van inligting en adviesdienste, vennootskapsooreenkomste, waar relevant, om inkoop en verbintenis te verseker, gesamentlike befondsing om tegniese gapings aan te spreek (insluitend verkryging van eksterne befondsing waar moontlik) en koördinerings- en ondersteunings- om munisipaliteite by te staan in hulle benadering en verkryging van energiegeleenthede soos moontlik gemaak deur die veranderende regulasies.</p>

9.7

PROGRAMHULPBRONOORWEGINGS

Begrotingstoewysing aan Program en Subprogram

Sub-program	Geouditeer			Hoofbegroting	Gewysigde begroting	Hersiene skatting	Mediumtermyn-skatting		
1. Beleid en Beplanning	2360	1327	5676	7595	2 901	2 901	3 669	3 720	3 759
2. Navorsing en Ontwikkeling	9042	6465	9630	8788	7 583	7 583	6 154	5 834	5 858
3. Kennisbestuur	10136	10924	11325	11949	13 949	13 949	13 901	13 445	14 034
4. Monitering en Evaluering									
5. Bestuur									
6. Instaatstelling van groei en Infrastruktuur Inisiatiewe	56283	63660	118508	85535	80 850	80 850	91 142	87 902	48 354
7. Breeband vir die Ekonomie	21414	15575	18836	17762	17 102	17 102	9 070	9 013	8 486
8. Groen Ekonomie en Energie	30115	36293	17832	40238	24 210	24 210	47 736	37 964	14 534
Totale betalings en skattings	129 350	134 244	181807	171 867	146 595	146 595	171 672	157 878	95 025
Ekonomiese klassifikasie									
Lopende betalings	56234	57882	57999	80 627	57 084	57 084	71 931	61 875	38 059

Vergoeding van werknemers	25120	27019	33752	39 786	27 779	27 779	29 421	29 924	29 608
Goedere en dienste	31114	30863	24 247	40 841	29 305	29 305	42 510	31 951	8 451
Oordragte en subsidies	73072	76339	123697	91240	89501	89501	99 741	96 003	56 966
Provinsies en munisipaliteite									
Departementele agentskappe en rekening	50135	63995	110974	78 004	74177	74177	84 441	81159	41 533
Universiteite en Tegnikon									
Buitelandse regerings en internasionale organisasies									
Openbare korporasies en private ondernemings									
Instansies nie vir winsbejag	22936	12374	12675	13236	15236	15236	15 300	14 844	15 433
Huishoudings	1	10	48	-	88	88			
Betalings vir kapitale bates	34	22	91	-	10	10	-	-	-

Vervolg op volgende bladsy

					Hersiene skatting				
Geboue en ander vaste strukture									
Masjinerie en toerusting	34	22	32	-	-	-			
Sagteware en ander ontasbare bates	-	-	59		10	10			
Betalings vir finansiële bates	10	1	20						
Totale ekonomiese klassifikasie	129 350	134 244	181 807	171 867	146 595	146 595	171 672	157 878	95 025

Verduideliking van die bydrae van hulpbronne tot die behaal van uitsette

Die aktiwiteite wat hierbo in besonderhede beskryf word sal behaal word deur die kollektiewe pogings van die Program se span. Die span het 'n uiteenlopende stel vaardighede wat toepaslike is vir die bestuur en implementering van projekte in die ondersteuning vandie ekonomie. Hoofvaardighede sluit in projekbeplanning, bestuur van belanghebbendes, projekverslagdoening, finansiële bestuur menslebestuur bestuur van kontrakte en kommunikasie.

Die span funksioneer goed saam as 'n span en het 'n bewese rekord in entrepreneurs- en kommersiële denke sowel as innovering en dienslewering. Alle lede is goed gekwalifiseer - meeste tot by nagraadse vlak - en put uit diverse agtergronde in die openbare en privaatsektore, wat beteken dat hulle 'n afgeronde span is.

9.8 OPENBARE ENTITEITE

			Huidige Jaarlikse begroting
Saldanhaabaai NOS	Olie, gas en mariene dienste Nywerheids-ontwikkelingsone bestuur	Fasilitering van belegging vir olie, gas en mariene bedrywe	40 054
Atlantis Spesiale Ekonomiese Sone (In 2019/20 gestig)	Bestuur van Groen Tegnologie- Spesiale Ekonomiese Sone	Beleggingsfasilitering vir Groen Tegnologie-bedryf	44 387

PROGRAM 6:
**TOERISME, KUNS EN
VERMAAK**

10. PROGRAM 6: TOERISME, KUNS EN VERMAAK

10.1 DOEL

Om die implementering van 'n geïntegreerde toerismestrategie te fasiliteer wat sal lei tot volgehoue en toenemende groei en werkskepping in die toerismebedryf.

10.2 SUB-PROGRAM 6.1: TOERISMEBEPLANNING

10.2.1 Doel

Om die strategiese agenda te ontwikkel en te koördineer.

10.2.2 Sub-program 6.1: Uitkomste, Uitsette, Prestasie-aanwysers en Teikens

			Jaarlikse Teikens			

Verhoogde uitvoere	Toerismesektor ontwikkelings-inisiatief geïmplementeer	6.1 Getal toerismesektor inisiatiefverslae ontwikkel	Nuwe aanwyser	Nuwe aanwyser	Nuwe aanwyser	2	2	2	2
--------------------	--	--	---------------	---------------	---------------	---	---	---	---

10.2.3 Sub-program 6.1: Aanwyser, Jaarlikse en Kwartaallikse Teikens

		Jaarlikse			
6.1 Getal toerismesektor-inisiatiefverslae ontwikkel		2	-	1	1

10.2.4 Verduideliking van beplande prestasie oor die mediumtermyn-tydpek

Die toerismesektor-ondersteuningsinisiatiewe stem ooreen met die VIP 2 prioriteit (Groeï en Werksgeleenthede) se fokusgebied in terme van die verhoging van uitvoere en belegging sowel as die DEOT se vyf-jaar strategie. Alhoewel die Program oor alle PSP-fokusgebiede sal werk, sal meer aandag gegee word aan die lok van belegging met die toerisme-waardekettings langs asook aan ondersteuning van die sektor om 'n toename in toerisme-aankomste (internasionaal en plaaslik) in die Wes-Kaap te verwesenlik. Die Konsep Wes-Kaapse Toerismebloodruk 2030-aksieplanne stem ooreen met die prioriteite van die Nasionale Toerismesektor-strategie, Toerisme-spelwysigers en die NOP. Die strategie sal behaal word in samewerking met Wesgro, BBO en die onderskeie provinsiale belanghebbendes in die toerisme ekostelsel.

Die tweede fase van die finalisering van die Wes-Kaapse Toerisme Strategie het reeds begin in reaksie op Covid-19 en die impak wat dit op die sektor gehad het. Dit sal in 2021 gefinaliseer word in ooreenstemming met die Nasionale Toerisme Herstelplan asook die Wes-Kaapse Herstelplan. Die Konsep Wes-Kaapse Toerismebloodruk 2030 vestig die grondslag vir die ontwikkeling wat nodig is om 'n floreende toerismebestemming te ontwikkel en in stand te hou. Toerise is 'n groot bydraer tot die ekonomie en indiensneming in die Wes-Kaap. Die groei van die Wes-Kaapse ekonomie regoor alle sektore moet gefokus wees op die herstel, instandhouding en skepping van werksgeleenthede, verhoging van besigheidsverkope asook om die oorkoepelende ontwikkelingsmandate te vervul wat KMMO-ontwikkeling en transformasie van die toerismebedryf sal verseker. Dit is in ooreenstemming met die Wes-Kaapse Herstelplan wat toerisme identifiseer as 'n kwesbare sektor wat ondersteuning sal kry.

Een van die uitkomst van die Konsep Wes-Kaapse Toerismebloudruk 2030 sal wees om te fokus op die verbetering van die toerismeproduk- en diensaanbod van die WesKaap deur bestemmingsbemarking en produkontwikkeling ten einde meer en herhalings-besoekers te verseker asook 'n toename in toerismebesteding.

In die lig van Covid-19 en die rampspoedige impak daarvan op die toerismebedryf, word daar van die Departement verwag om 'n leidende rol te speel in die aandryf van ekonomiese herstel in die bedryf. Die ontwrigtings regoor die toerismewaardeketting wat deur die pandemie veroorsaak is het 'n diepgaande studie genoodsaak van die impak van Covid-19 op die toerismebedryf asook toekomsbeplanning vir herstel. Die uitkomst van hierdie studie/oorsig sal DEOT help om ingrypings te herprioritiseer wat in die Konsep Bloudruk geïdentifiseer is, wat sodoende die grondslag sal lê vir 'n kort- en mediumtermyn herstelplan wat in ooreenstemming is met die Nasionale Toerisme Herstelplan en die Wes-Kaapse Herstelplan wat in 2020/21 ontwikkel is.

Voortspruitende uit die Konsep Toerismebloudruk 2030 asook die werk gedoen om die bedryf se herstel te ondersteun, is verskeie geteikende navorsings- en beplanningsprojekte geïdentifiseer. Hulle is gemik op:

- Instaatstelling van beter belyning tussen openbare en privaatsektor infrastruktuurbeplanning en -belegging op 'n wyse wat toerisme ondersteun en toeganklikheid verbeter.
- Skepping van 'n meer samehangende institusionele meganisme vir die aandryf van bedryfsamewerking op provinsiale vlak en verstewiging van bestaande vennootskappe.
- Ondersteuning van distrikte met toerismebeplanning en infrastruktuurbelegging.

10.2.5 Sub-program 6.1: Hoofrisiko's

Verhoogde uitvoere	1. Die impak van Covid-19 op die toerisme-aanvraag in die Wes-Kaap. 2. Die impak van Covid-19 op die toerisme-aanbod in die Wes-Kaap.	Strategiese riglyne wat deur die Wes-Kaapse Toerismebloudruk 2030 verskaf word. Die implementering van die ekonomiese herstelstrategie om die sektor na Covid-19 te ondersteun.

10.3 SUB-PROGRAM 6.2: TOERISMEGROEI EN -ONTWIKKELING

10.3.1 Doel

Om die groei en ontwikkeling van die toerismebedryf te fasiliteer.

Om die gehalte van die besoekerservaring by die bestemming te verbeter d.m.v. die verskaffing van gehalte toerisme-ondersteuningsdienste.

10.3.2 Subprogram 6.2: Uitkomst, Uitsette, Prestasie-aanwysers en Teikens

Uitkoms	Uitsette	Uitset-aanwysers	Geouditeerde/ Werklike Prestasie			Geskatte Prestasie	MTBR-tydperk		
Verhoogde uitvoere	Toerisme - nismarke ondersteun	6.2 Getal toerisme-nisbemarkings-inisiatiefverslae ontwikkel	2	2	2	4	4	4	4

Vervolg op volgende bladsy

Uitkoms	Uitsette	Uitset-aanwysers	Geouditeerde/ Werklike Prestasie			Geskatte Prestasie	MTBR-tydperk		
Verhoogde uitvoere	Toerisme-produkte ontwikkel	6.3 Getal Vorderingsverslae oor die implementering van die toerismeproduk ontwikkelings-programme	Nuwe aanwyser	Nuwe aanwyser	Nuwe aanwyser	2	2	2	2

10.3.3 Subprogram 6.2: Aanwysers, Jaarlikse en Kwartaallikse Teikens

Uitset-aanwysers	Teikens				
	K1	K2	K3	K4	
6.2 Getal toerisme-nisbemarkings-inisiatiefverslae ontwikkel	4	1	1	1	1
6.3 Getal Vorderingsverslae oor die implementering van die toerismeproduk-ontwikkelingsprogram	2	-	1	-	1

10.3.4 Verduideliking van beplande prestasie oor die mediumtermyn-tydperk

DEOT sal 'n leierskapsrol speel in die toerisme-ekostelsel ten einde beplanning van Nasionale vlak regdeur die NDT se Toerismesektor-strategie sowel as die SAT 5-in-5, die Nasionale Toerisme Herstelplan, die Wes-Kaapse Herstelplan asook die Konsep Toerismebloudruk 2030, wat prioriteitsbestemmingsbemarking en bestuursfokusgebiede identifiseer, in ooreenstemming te bring. Ondersteuning van kwesbare sektore soos toerisme, in die nasleep van Covid-19, kan bydra om 'n instaatstellende omgewing te skep vir werkskepping en die voortsetting van die implementering van projekte wat deur die Toerisme Produktontwikkelingsfonds (in 2020 gestig) wat direk baat sal vind by die toerismebedryf en bydra tot die onmiddellike ingrypings terwyl dit ook die grondslag vestig vir 'n meer gediversifiseerde en veerkrachtige streeksproduk-aanbod.

Die toerisme-eenheid sal ook fokus op toerisme distriks-ondersteuningsinisiatiewe wat beoog om ondersteuning te verskaf aan verskeie distrikte in die Wes-Kaap deur ondersteuning van infrastruktuur, bemarking en produktontwikkeling.

Die strategiese programme sal op die volgende funksies fokus:

1. Produktontwikkeling	1. Toergids
2. Navorsing	2. Aanwysingsborde
3. OV & Bemarking	3. Veiligheid
4. Ondernemingsontwikkeling	3. Navorsing
5. Toerismeproduktontwikkeling-vaardighede en -opleiding	5. Beleidsontwikkeling en -belyning
6. Geleenthede	6. Toerisme-infrastruktuur
7. Belegging en Aansporings	7. Diensstandaarde & Ondersteuning
8. Transformasie & SEB	8. Bestemmingsbestuur
9. Bestuur van Belanghebbendes (Provinsiaal, Streeks- en Plaaslik)	9. Diensverbeteringsvaardighede en -opleiding
	10. Toerismeproduk-gehalteversekering
	11. Bestuur van Belanghebbendes (Nasionaal)

Die sewe strategiese mikpunte is steeds:

- **Strategiese Mikpunt 1:** Mededingende Identiteit
- **Strategiese Mikpunt 2:** Saketoerisme
- **Strategiese Mikpunt 3:** Bewusmaking van toeganklikheid
- **Strategiese Mikpunt 4:** Besoekerservaring-bemaking
- **Strategiese Mikpunt 5:** Krisiskommunikasieveldtog/Reputasiebestuursveldtogte
- **Strategiese Mikpunt 6:** Bestemmingsbestuur
- **Strategiese Mikpunt 7:** Bestemmingsproduk-ontwikkeling

10.3.5 Sub-program 6.2: Hoofrisiko's

Verhoogde uitvoere	<p>Gebrek aan diverse, of onderontwikkelde, produkaanbiedinge vir die Wes-Kaap kan lei na minder toeriste wat die bestemming aantreklik vind en dus 'n negatiewe impak op besteding hê.</p> <p>Gebrek aan streeks- en plaaslike institusionele kapasiteit om herstel in aanbod en aanvraag aan te dryf.</p> <p>Die effek van die inperking op die toerismebedryf en sy waardeketting was uiters nadelig in terme van werksverliese en sommige produkte moes sluit as gevolg van finansiële probleme aangesien hulle vir maande lank geen of baie min inkomste gehad het. Daar is nog baie onsekerheid oor wat die nuwe normaal gaan wees en wanneer toerisme werklik sal terugkeer.</p>	<p>Die Konsep Wes-Kaapse Toerismebloudruk 2030 het 'n diepgaande oudit van alle toerismeprodukte en -dienste in die provinsie behels, wat geleenhede, leemtes en uitdagings vir groter toerismebesteding beklemtoon het. Die Toerismeproduk-Ontwikkelingsfonds ondersteun streke om leemtes aan te spreek en geleenthede te verwezenlik.</p> <p>Aanvaarding van 'n distriksgebaseerde model vir versterking van institusionele kapasiteit.</p> <p>Handhawing van 'n prominente profiel deur bestemmingsbemaking (Wesgro DMO) en produkontwikkeling om aanvraag te versnel en werksgeleenthede te skep.</p>

10.4.1 Doel

Om voorsiening te maak vir die doeltreffende registrasie en regulering van toergidse.

Om die reputasie van die bestemming te beskerm deur verbeterde besoekerveiligheid en geïntegreerde bestemmingsbestuur.

10.4.2 Subprogram 6.3: Uitkomste, Uitsette, Prestasie-aanwysers en Teikens

			Jaarlikse Teikens						
			Geouditeerde/ Werklike			Geskatte Prestasie	MTBR-tydperk		
Verhoogde uitvoere	Toergidse ontwikkel	6.4 Getal toergidse ontwikkel	59	21	159	50	30	30	30
	Toergidse geregistreer	6.5 Getal individue geregistreer (toergidse)	1 595	1 703	1 544	1 200	400	500	750
	Individue/ Toerismeverwante besighede geïnspekteer of gemoniteer	6.6 Getal individue/toerismeverwante besighede geïnspekteer of gemoniteer (toergidse)	116	179	192	130	70	70	70

Uitkoms	Uitsette	Uitset-aanwysers	Geouditeerde/ Werklike Prestasie			Geskatte Prestasie	MTEF Period		
Verbeterde persepsie van toerismeveiligheid	Toerisme-instellings/individue ondersteun deur die toerismeveiligheidseenheid	6.7 Getal toerisme-instellings/ individue ondersteun	281	328	389	300	200	300	300
	Oorsig oor die stigting van die Toerismeveiligheidswetstoe-passings-eenheid in vennootskap met Stad Kaapstad	6.8 Getal oorsigverslae oor die stigting van die Toerismeveiligheidswetstoe-passingseenheid	Nuwe aanwyser	Nuwe aanwyser	Nuwe aanwyser	4	4	4	4
	Toerismeveiligheidstrategie geïmplementeer	6.9 Getal Toerismeveiligheidstrategie-implementerings-verslae	Nuwe aanwyser	Nuwe aanwyser	Nuwe aanwyser	4	2	2	2

	Toerismeveiligheidspersepsie-opnames uitgevoer	6.10 Getal Toerismeveiligheid-persepsie-opnames uitgevoer	Nuwe aanwyser	Nuwe aanwyser	Nuwe aanwyser	1	1	1	1

10.4.3 Subprogram 6.3: Aanwysers, Jaarlikse en Kwartaallikse Teikens

	Jaarlikse				
6.4 Getal toergidse ontwikkel	30	-	-	30	-
6.5 Getal individue geregistreer (toergidse)	400	100	100	100	100
6.6 Getal individue/toerismeverwante besighede geïnspekteer of gemoniteer (toergidse)	70	10	10	30	20
6.7 Getal toerisme-instellings/individue ondersteun	200	50	50	50	50
6.8 Getal oorsigverslae oor die stigting van die Toerismeveiligheidswetstoepassingseenheid	4	1	1	1	1
6.9 Getal Toerismeveiligheidsstrategie-implementeringsverslae	2	-	1	-	1
6.10 Getal Toerismeveiligheidspersepsie-opnames uitgevoer	1	-	-	-	1

10.4.4 Verduideliking van beplande prestasie oor die mediumtermyn-tydperk

Toergidsregulering en transformasie

In terme van toerismeregulering, word die toergidssektor in Suid-Afrika beheer deur die Wet op Nasionale Toerisme, Wet 3 van 2014, en die Regulasies op Toergidse. Soos uiteengesit in die Wet en Regulasies, is die Nasionale Registrateur en die Provinsiale Registrateurs van Toergidse verantwoordelik vir die registrasie, regulering en ontwikkeling van toergidse. Dit is derhalwe 'n uiters belangrike diens wat deur DEOT verskaf word.

Daar is op die oomblik net meer as 5,000 geregistreerde toergidse in die provinsie, wat insluit terrein-, kultuur-, natuur- en avontuurgidse. Die ondersteuning van bedryfsherstel en werksbehoud het dus direk te make met VIP 2: Groei en Werksgeleenthede.

Meeste toergidse doen besigheid as vryskut-gidse. Die bedryf is ook grootliks afhanklik van internasionale toeriste en is dus seisoenaal van aard. Dit het die bedryf baie kwesbaar gemaak vir omgewingskokke, soos duidelik geblyk het tydens die Covid-19 krisis. As vryskutwerkers, het toergidse nie die kriteria van meeste van die regering se verligtingskemas bevredig nie en kon nie van die WVF eis nie. Tweedens, gebruik binnelandse markte gewoonlik nie toergidse nie, deels as gevolg van kostefaktore, en toergidse is sodoende afgesny van hulle primêre kliente. Dit het daartoe gelei dat die getal toergidse wat hulle gidslisensies hernu het beduidend gedaal het in 2020/21.

Binne hierdie konteks is die prioriteitsfokus vir DEOT oor die mediumtermyn die volgende:

- **Gemak van sake doen:** Uitrol van 'n digitale platform vir die registrasie en bestuur van toergidse in die provinsie. 'n Nuwe aanlyn registrasiesistelsel is in September 2020 bekendgestel. Alhoewel die stelsel nou aktief is, moet historiese rekords en data gedigitaliseer en skoongemaak word en vorentoe in stand gehou word. Dit sal die omkeertye verkort, diensleweringdoeltreffendhede verbeter en monitering en evaluering verfyn.
- **Ondersteun die herstel van die bedryf en behoud van werksgeleenthede:** DEOT sal dit bereik deur a) groter belyning tussen die toergidsbedryf en die Konsep-Toerismebloudruk 2030 deur geteikende vaardighede en produkontwikkelingsinisiatiewe. Die doel is om toergidse te help om hulle vaardighede en aanbiedings meer in ooreenstemming te bring met 'n meer gediversifiseerde en aantreklike streeksaanbod gemik op hoë-opbrengs markte. Dit sal sal ook behels b) verhoging van die profiel van die bedryf in binnelandse markte ten einde veerkragtigheid te bou deur middel van gediversifiseerde markte en produkaanbiedinge. Laastens sal DEOT groter professionalisme in die bedryf aanmoedig deur die aktiwiteite van professionele verenigings te ondersteun.
- **Veiligheid:** Beskerming van die veiligheid van toeriste deur a) beklemtoning van die belangrikheid daarvan om geregistreerde toergidse te gebruik en b) die hokslaan van onwettige gidsbedrywighede. In die korttermyn sal dit ook behels c) ondersteuning van die bedryf met die implementering van strenger gesondheids- en veiligheidsprotokolle, veral in die lig van Covid-19.

Synde 'n regulatoriese liggaam, is dit noodsaaklik om te verseker dat die toergidsbedryf op 'n volgehoue grondslag in die behoeftes van toeriste voorsien. Dit is ewe belangrik om toergidse toe te rus met die nodige kennis en vaardighede om die diens wat hulle verskaf te verbeter en om die uitdagings in die sektor doetreffend aan te spreek.

Toerismeveiligheid

Strategiese Doel

Die Toerismeveiligheidseenheid se mandaat is om die VIP 1: Veilige en Hegte Gemeenskappe sowel as VIP 2: Groei en Werksgeleenthede, te vervul. Die Wes-Kaapse Toerismebloudruk 2030, asook die Departement se vyf-

jaarstrategie, het toerisme geïdentifiseer as een van die hoofsektore wat vir die Wes-Kaap die grootste potensiele opbrengs op sy belegging bied in terme van ekonomiese groei en werkskepping. Die Werksgeleentehede tema van die Wes-Kaapse Herstelplan het op soortgelyke wyse die potensiaal van toerisme om ekonomiese herstel te ondersteun geïdentifiseer. 'n Toerismeveiligheidsstrategie is ontwikkel om belangrike programme te identifiseer wat vereis word vir die verbetering van toerismeveiligheid, die persepsie van die bestemming sowel as die ondersteuning wat aan toeriste gebied word wat die slagoffers was van enige veiligheids- of sekuriteitsinsidente. Die veiligheid van besoekers is 'n hoofprioriteit om die aantreklikheid en handelsmerk van die bestemming te verbeter asook om te verseker dat besoekers nie die negatiewe impak ervaar van veiligheids- en sekuriteitsinsidente terwyl hulle die Wes-Kaap besoek vir sake- of ontspanningsaktiwiteite nie.

In respons op Covid-19, is die eenheid ook verantwoordelik daarvoor dat die bedryf gereed is om toeriste veilig te ontvang in ooreenstemming met globale en nasionale bedryfsprotokolle. Laastens, soos deur die Premier genoem in sy Stand van die Provinsie toespraak, sal hierdie werk ook 'n wyer bemoënis met bestemmingsreputasiebestuur insluit om as teenoëter te dien vir negatiewe sentiment ten opsigte van die land, gegewe die ongunstige dekking van die Covid-19 variant.

Agtergrond

Die ontwikkeling van Toerisme is noodsaaklik aangesien dit direkte en indirekte groei en ontwikkeling in die ekonomie stimuleer. Toerismeveiligheid ondersteun die NOP-doelwitte, die DEOT se vyfjaar-strategie asook beide VIP 1 (Veilige en Hegte Gemeenskappe) en VIP 2: (Groeï en Werksgeleentehede) deur te verseker dat die bestemming veilig is en vry van misdaad – laasgenoemde is 'n groot afskrikmiddel wat betref toeriste wat Suid-Afrika as 'n bestemming kies. Dit sal lei tot die groei en ontwikkeling van die sektor indien toeriste, beide plaaslik en internasionaal, verseker kan word van sekuriteit en 'n veilige ervaring. Toerismeveiligheid sal lei na 'n toename in die toeristegetalte wat die Provinsie besoek en sal ook indirek bydra tot die Departement se doelwitte van vermindering van werkloosheid deur die instaatstelling van ekonomiese groei en die vertolking van 'n leierskapsrol vir 'n deurslaggewende sektore binne die Wes-Kaapse ekonomie.

Volgens UNWTO is “veiligheid en sekuriteit van deurslaggewende belang om gehalte-toerisme te kan aanbied. Meer as enige ander ekonomiese aktiwiteit, berus die sukses of mislukking van 'n toerisbestemming daarop of 'n veilige en sekure omgewing aan besoekers gebied kan word” (Toerismeveiligheid en -sekuriteit: Praktiese Maatreëls vir Bestemmings” deur UNWTO).

Om 'n toegewyde toerismeveiligheidsstrategie te hê, bied die voordeel dat hierdie belangrike deel van die Wes-Kaap se ekonomie die prioriteit en gefokusde aandag kry wat dit verdien. Die doelwitte van die Toerismeveiligheidsstrategie is:

1. Vermindering in misdaad wat toeriste in die Wes-Kaap affekteer.
2. Verbetering van die handelsnaam-beeld van Kaapstad en die Wes-Kaap vanuit 'n veiligheids/sekuriteits/misdaadsperspektief gesien.
3. Ontwikkeling van 'n multibelanghebbende- en samewerkingsoplossing wat openbare sektor- en privaatsektor rolspelers bymekaarbring.

4. Bou van 'n gevoel van vertrouwe in die rol van die regering om 'n verskil te maak aan kernkwessies wat ons ekonomie en gemeenskap raak.
5. Skep van 'n besteparktyk-model vir misdaadvermindering wat ook elders geïmplementeer kan word om misdaad vir alle Suid-Afrikaners te verminder.
6. Verbetering in die vlak van veiligheid- en sekuriteitsgereedheid in die toerismebedryf – besienswaardighede en toerismebesighede (soos toeroperateurs, terreine, gidse).

Die hefboome van die Toerismestrategie is:

Hefboom 1 – Toerismeveiligheidsforum

Hefboom 2 – Wetstoepassingstaakmag

Hefboom 3 – Toerismeveiligheidsrespons

Hefboom 4 – Toerismeveiligheids-en sekuriteits -tegnologiese platform

Hefboom 5 – Toerismeveiligheid-kommunikasie-strategie

Hefboom 6 – Toerismeveiligheids-ingrypings en -vennootskappe

In respons op Covid-19, word die Toerismeveiligheidsstrategie bygewerk om 'n veel breër perspektief oor besoekergesondheid en -veiligheid te behels.

Met hierdie doel voor oë is verskeie bestemmingsgereedheidsprojekte in 2020 geïmplementeer wat voortgesit sal word in 2021/22 in repons op die globale pandemie. Laastens, was daar 'n vermindering in die getal toeriste wat bygestaan is deur die Toerismeveiligheidseenheid, wat die gevolg is van die dramatiese daling in die getal internasionale besoekers in die provinsie. Die nuwe teikens vir die res van die MTBR-typdperk sal rekening hou met die feit dat internasionale reise eers na verwagting teen 2023/24 ten volle sal herstel.

10.4.5 Sub-program 6.3: Hoofrisiko's HOOF

Verhoogde uitvoere	Reputasierisiko vir die Wes-kaap as 'n toerismebestemming as gevolg van onwettige gidse.	Verhoog inspeksie om onwettige toergidsbedrywighede te monitor. Deurlopende ontwikkeling van toergidse.
	Reputasierisiko vir die Wes-Kaap as 'n toeristebestemming as gevolg van verkeerde inligting verskaf deur onwettige en onopgeleide toergidse.	Opleiding en ontwikkeling van toergidse en meer inspeksies van onwettige Toergidsaktiwiteite by toeristebrandpunte.
	Reputasierisiko vir die Wes-Kaap as 'n toeristebestemming weens die persepsie van toename in misdaad en toerismeveiligheidsverwante insidente.	Die bywerking en implementering van die toerismeveiligheidsstrategie vir die Wes-Kaap.
Verbeterde toerismeveiligheidspersepsie	Gebrek aan behoorlike, doeltreffende wetstoepassing het 'n afbrekende effek op die gemeenskappe wat bedien word en die verhouding met die toerismebedryf wat nie net deur die persepsie van 'n onveilige toerismebestemming geaffekteer word nie, maar ook deur veiligheidsinsidente waarby toeriste betrokke is.	Toepaslik opgeleide en ervare wetstoepassingsbeamptes en Toerismeveiligheidseenheid-personeel moet in diens geneem word. Die Toerismeveiligheidseenheid moet dus doeltreffend gekapasiteer word om 'n doeltreffende diens te lewer.

10.5 SUB-PROGRAM 6.4: TOERISMEBESTEMMINGSBEMARKING

10.5.1 Doel

Om hulpbronne te verskaf aan die openbare entiteit vir die bevordering van toerisme, handel en belegging om sy mandaat te kan uitvoer, soos gedefinieer in die Wet op die Agentskap vir die Bevordering van Belegging en Handel in die Wes-Kaap, 1996 (Wet 3 van 1996).

10.5.2 Subprogram 6.4: Uitkomst, Uitsette, Prestasie-aanwysers en Teikens

Jaarlikse Teikens									
Verhoogde uitvoere	Oorsig oor Wesgro se Toerisme-besemmings-bemarkings-funksie	6.11 Getal Toerisme-besemmings-bemarkings-oorsigverslae	Nuwe aanwyser	Nuwe aanwyser	Nuwe aanwyser	2	2	2	2

10.5.3 Sub-program 6.4: Aanwysers, Jaarlikse en Kwartaalike Teikens

Uitset-aanwysers	Jaarlikse Teikens	K1	K2	K3	K4
6.11 Getal Toerisembesemmingsbemarkings-oorsigverslae	2	-	1	-	1

10.5.4 Verduideliking van beplande prestasie oor die mediumtermyn-tydperk

Toerisembesemmingsbemarking sal bydra tot die Wes-Kaapse Toerisembloudruk 2030 deur die ontwikkeling, bestuur en implementering van handels-en verbruikersbemarkingsinisiatiewe gemik op prioriteitmarkte en marksegmente. Hierdie inisiatiewe sal bydra tot die verhoogde bewusmaking, aantreklikheid en toeganklikheid van die bestemming.

Implementering is 'n transversale benadering met die Departement, streeks- en plaaslike toerismekantore en die privaatsektor om aksies te lewer wat ontwerp is om die bewustheid, aantreklikheid en toeganklikheid van die bestemming te verbeter. Een van die uitdagings van die eenheid is beperkte befondsing om op 'n globale vlak mee te ding met betrekking tot bemarkingsveldtogte.

In respons op Covid-19, sal internasionale, streeks- en binnelandse bemarking geprioritiseer word ten einde die plaaslike streeks- en internasionale aanvraag weer aan te wakker. In die kort termyn sal die onmiddellike fokus val op binnelandse markte, gegewe die dralende bekommerinis met betrekking tot internasionale reise. Een van die hoofprioriteite in respons op ekonomiese herstel, veral in die toerismebedryf, sal wees om lugkonnektiwiteit te herbou met belangrike bronmarkte vir beide streeks- en internasionale reise. Hierdie werk sal aangedryf word deur die Air Access span en gestun word deur die Departement met steuinwerwingspogings om reisbeletsels op te skort en toegang te verhoog deur visahervormings ens. Op soortgelyke wyse sal 'n nuwe inisiatief naamlik, Cruise Cape Town, geloods word om Kaapstad en die Wes-Kaap te posisioneer as 'n mededingende bootvaartspilpunt deur verbetering van toegang tot vaartrederye. Ten spyte van Covid-19 het die bootvaart bedryf 'n indrukwekkende groei beleef in onlangse jare en toekomstige besprekings lyk belowend.

Laastens sal voorspraakpogings tussen die Departement, Wesgro en belangrike privaatsektorvennote voortgaan ten einde die nasionale visaregime te verbeter, byvoorbeeld, deur die bekendstelling van 'n afstandswerkswisa. Beleidsverandering is deurslaggewend om te verseker dat verandering aangebring word wat toeganklikheid van die bestemming verbeter, veral in die nasleep van Covid-19.

Wetgewende mandaat

Wesgro ('n skedule-3 openbare entiteit) se strategiese magte, soos bepaal in die Wet op die Agentskap vir die Bevordering van Belegging en Handel in die Wes-Kaap, 1996 (Wet 3 van 1996) soos gewysig, sluit in:

- Om toerisme-, handels- en beleggingsbemarkingsbystand en gespesialiseerde raad, inligting en riglyne te verskaf aan enige besigheid, maatskappy of vereniging van mense wat dit aanvra van die Agentskap of die Agentskap sou kon help om sy doelwitte te bereik.
- Om op te tree as die toerisme- handels- en beleggingsbevorderingsagent namens die Provinsie en om gekoördineerde bestemmingsbemarkingsaktiwiteite vir die Wes-Kaap te fasiliteer.
- Om 'n Provinsiale toerisme-, handels- en bemarkingstrategie te ontwikkel, te implementeer en te bevorder en om enige projek te implementeer wat groei in die Wes-Kaapse ekonomie kan realiseer.

Strategiese mandaat

Die WKR se strategiese mandaat bepaal dat Wesgro:

- Toerismebestemmingsbemarkings en -bevordering vir Kaapstad en die Wes-Kaap sal onderneem.

- Verseker dat prioriteitsfokus verleen word aan die inisiatiewe wat deur die Wes-Kaapse Toerismebloudruk 2030 geïdentifiseer is.

In die lig van fiskale beperkings, sal dit nodig wees om bemarking op meer 'n geteikende wyse te onderneem. Om hierdie rede, sal Wesgro gefokusde markpenetrasie strategieë onderneem om marksegmente te identifiseer en te prioritiseer. Dit sal ook die prioritisering van binnelandse marksegmente insluit – hoofsaaklik in Gauteng en die Wes-Kaap – in ooreenstemming met die Konsep-Toerismebloudruk 2030.

Die Konsep-Toerismebloudruk 2030 identifiseer kern-toerismegesprekaandrywers vir elkeen van die distrikte. Hierbenewens is geleenthede geïdentifiseer vir die bevordering van distriksmededingendheid deur die beklemtoning van die ikoniese status van die ses streke. Wesgro sal 'n leidende rol speel in die uitbreiding van gebiede van distriksmededingendheid asook die verskuiwing van fokus van toeristegesprekke, veral in hoë-opbrengs nismarkte.

Die hoofdiensleweringprioriteite is die volgende:

- Verhoog bewustheid van Kaapstad en die Wes-Kaap in belangrike internasionale, streeks- en binnelandse markte.
- Verbeter toeganklikheid van Kaapstad en die streke deur 'n fokus op lugrederye se behoud van lugroetes en maksimalisering van bootvaarttoerisme.
- Verhoog die aantreklikheid van die streke deur mededingende produkaanbiedinge om binnelandse en internasionale besoekers na die Wes-Kaap te lok.

10.5.5 Subprogram 6.4: Hoofrisiko's

Uitkoms	Hoofrisiko's	Risiko-vermindering
Verhoogde uitvoere	Afname in bestemmingsbewustheid iin hoofbronmarkte, sowel plaaslik as internasionaal, wat lei tot 'n daling in besoeke en getalle.	Ontwikkeling van 'n bemarkingstrategie gekoppel aan hoofbronmarkte.

10.6

PROGRAMHULPBRONORWEGINGS

Begrotingtoewysing aan Program en Subprogramme

1. Toerismebeplanning									
2. Toerismegroei en ontwikkeling	12 722	12 963	13,222	33,300	20 482	18,809	21 229		
3. Toerismesektor-transformasie				2	2	2			
4. Toerismebestemmings-bemarking	40 675	46 376	44 926	62,312	57,098	57,098	58,398	58,398	
5. Kommersiële Kunste en Vermaak				-	-	-			

Totale betalings en skattings	53 397	59 339	58,148	95,614	77 582	77 582	77,207	79 627
Ekonomiese klassifikasie								
Lopende betalings	11 179	12 902	12 902	14,717	9,959	9,959	8,329	8 456
Vergoeding van werknemers	7 148	8 774	8,554	12,363	7,603	7,603	7,819	7,906
Goedere en dienste	4 031	4 128	4,348	2,354	2,356	2,356	510	550
Oordragte en Subsidies aan	42 194	46 417	45,237	80,897	67 623	67 623	68,878	71 171
Provinsies en munisipaliteite	1500		100	13,585	5,610	5,610	5,480	6,000
Departementele agentskappe en rekeninge	40 675	46 376	44,926	62,312	57,098	57,098	58,398	58,398
Universiteite en Tegnikon								

Vervolg op volgende bladsy

Buitelandse regerings en internasionale organisasies									
Openbare korporasies en privaat ondernemings				5,000	4,433	4,433	5 000	6 773	5 000
Instansies sonder winsbejag					390	390			
Huishoudings	19	41	211		92	92			
Betalings vir kapitale bates	20	13							
Geboue en ander vaste strukture									
Masjinerie en toerusting	20	13							
Sagteware en ander ontasbare bates									
Betalings vir finansiële bates	4	7	9						
Totale ekonomiese klassifikasie	53 397	59 339	58,148	95,614	77 582	77 582	77,207	79 627	82 517

Verduideliking van die bydrae van hulpbronne tot die behaal van uitsette

Die aktiwiteite wat hierbo beskryf word sal behaal word deur die gesamentlike pogings van al die eenhede in Program 6. Die span het 'n uiteenlopende stel vaardighede wat geskik is vir die bestuur en implementering van projekte wat die ekonomie ondersteun. Hoofvaardighede sluit in projekbeplanning, bestuur van belanghebbendes, projekverslagdoening, finansiële bestuur, mensebestuur, kontrakbestuur en kommunikasie.

Die strategiese skuif na die uitrol van die Konsep-Wes-Kaapse Toerismebloudruk 2030 sal vereis dat hulpbronne dienoreenkomstig toegewys word aan Program 6 om uitvoering te gee aan beide Bestemmingsbestuur en Bestemmingsbemarking- en Produktontwikkeling-doelwitte om 'n groei in die besoeker-ekonomie te verseker. Die huidige hulpbronbeperkings het 'n negatiewe uitwerking op die sukses van toerismeherstelplanne vir die bedryf en ons vermoë om te reageer. Vanuit 'n COE perspektief het die begrotingsbeperkings ook 'n ernstige impak op die programme in terme van lewering van strategiese prioriteite soos geïdentifiseer in die Toerismebloudruk.

Die toerismespan het doeltreffendhede geïmplementeer, soos die bekendstelling van 'n aanlyn toergidsregistrasieportaal om ons diens te verbeter en doeltreffendhede in ons sakeprosesse te verhoog. Die spanne het aangepas om die dienste, soos bestemmingsgereedheid, te verskaf wat benodig word in die veranderende omgewing na Covid-19 en om aan die nuwe behoeftes van die sektor te voldoen wat deurslaggewend sal wees vir die herstel van die bedryf in die jaar vorentoe.

10.7 OPENBARE ENTITEITE

Naam van openbare			
Wesgro	Bestemmingsbemarking	Toerismebemarkingsinisiatiewe ondersteun	58 398 (2021/22)

PROGRAM 7:

**VAARDIGHEIDS-
ONTWIKKELING
EN INNOVERING**

11. PROGRAM 7: VAARDIGHEIDSONTWIKKELING EN INNOVERING

11.1 DOEL

Om die verskaffing van Menslike Kapitaal en Innoweringsvaardighede te fasiliteer om in die ekonomiese Menslike Hulpbronne-ontwikkelingsbehoefes van die Wes-Kaap te kan voorsien.

Ter ondersteuning van die ontwikkeling van Menslike Kapitaal en die provinsiale werksmag, sal die program gender-gelykheid en mense met gestremdhede ondersteun. Die Program sal ook ooreenstem met en steun gee aan die provinsiale prioriteite soos Werksgeleenthede, Veiligheid en Welsyn van die burgers van die Provinsie.

11.2 SUBPROGRAM 7.1: PROVINSIALE VAARDIGHEDE EN VENNOOTSKAP

11.2.1 Doel

Om vennootskappe en samewerking met belanghebbendes te koördineer op 'n Nasionale, provinsiale en plaaslike vlak om sistemiese veranderinge aan te dryf met die doel om die aanbod van relevante vaardighede wat ooreenstem met die huidige en toekomstige vraag na vaardighede in die Provinsie se prioriteit-groeisektore te verhoog.

11.2.2 Subprogram 7.1: Uitkomst, Uitsette, Prestasie-aanwysers en Teikens

Jaarlikse Teikens									
Verbeterde indiensneembaarheid van begunstigdes wat ondersteunis	Vaardigheids-intelligensiever-slag geproduseer	Getal Vaardigheids-intelligensiever-slae geproduseer 7.1	Nuwe aanwyser	Nuwer aanwyser	Nuwe aanwyser	4	Aanwyser gestaak	Aanwyser gestaak	Aanwyser gestaak

Verbeterde indiensneembaarheid van begunstigdes wat ondersteunis	Vennootskappe versterk	7.2 Getal vennootskappe versterk	Nuwe aanwyser	Nuwe aanwyser	Nuwe aanwyser	Nuwe aanwyser	4	4	4

11.2.3 Subprogram 7.1: Aanwysers, Jaarlikse en Kwartaallikse Teikens

Hooftelemente	Jaarlikse Teikens	K1	K2	K3	K4
7.1 Getal Vaardigheidsintelligensieverslae geproduseer	Aanwyser gestaak	-	-	-	-
7.2 Getal vennootskappe versterk	4	1	1	1	1

11.2.4 Verduideliking van beplande prestasie oor die mediumtermyn-tydperk

Die Subprogram sal steeds fokus op vaardigheidsbeplanning, maar sal egter die produksie van vaardigheidsintelligensieverslae staak as gevolg van die herprioritering van die Program se strategiese fokus om vaardigheidsontwikkelingsingrypings en werksplasingsgeleenthede te vergroot. Ons sal die vaardigheidsintelligensie gebruik wat verkry is uit die vaardigheidsintelligensieverslae ontwikkel in die 2020/21 boekjaar om vorm te gee aan ons strategiese fokus en om vennootskappe te versterk waar dit gekoppel is met verhoogde toegang tot vaardigheidsingrypings- en werksplasingsinisiatiewe.

Hoof-beleidsontwikkelingsveranderings wat kan ontstaan as gevolg van die impak van die pandemie op vaardigheidsbeplanning en die lewering van onderwys, opleiding en vaardigheidsontwikkeling in die land sal 'n impak hê op die gehalte van die aanbod en die belyning met bedryfsbehoefte in die provinsie. Dit sal vereis dat die Program, deur middel van ons vaardigheidsingrypings en Subprogram: Provinsiale Vaardigheidsvennootskap, vennootskappe en samewerking met belanghebbendes sal koördineer, op nasionale, provinsiale en plaaslike vlak om sistemiese veranderings aan te dryf met die doel om die aanbod van relevante vaardighede wat ooreenstem met die huidige en toekomstige aanvraag na vaardighede deur prioriteits-groei-sektore in die provinsie te verhoog.

Die Covid-19 pandemie het die onvermoë van die arbeidsmark en vaardigheidsekosistels om te reageer op die bedryfsvaardigheidstekorte vererger, wat 'n negatiewe impak het op belegging, sakevertroue-mededingendheid, ekonomiese groei en werkskepping. Afgesien van die ekonomiese impak van die Covid-19 pandemie, is daar steeds 'n toename in werkloosheid onder die jeug weens die feit dat nuwer toetreders tot die arbeidsmark nie die verwagte vermoëns demonstreer wat verwag word om 'n rol te kan speel in 'n ekonomie wat vaardigheidstekorte ervaar nie.

Ten spyte van hierdie uitdagings, het die Konsep Toerismebloudruk 2030 ook geleenthede gebied vir die Onderwys en Opleiding-sektor. Die daaropvolgende ontwinging van die ekonomie het ook 'n impak gehad op sektore, werksgeleenthede, die aard van werk en lewering van vaardigheidsontwikkeling in die onderwys en opleiding- ruimte regoor die hele vaardigheidsverskaffing-pyplyn en die werkplek. Dit is nou, meer as ooit, gebiedend noodsaaklik om die onmiddellike vaardigheidsgapings aan te spreek en om die arbeidsmag voor te berei vir die toekoms van werk.

Vaardighede vir die Bedryf 4.0 en die wêreld van werk, wat erkenning gee aan die behoefte om navordering te doen oor die impak van die digitale revolusie op Suid-Afrika se arbeidsmag, meld dat die huidige vaardigheidsgapings aangespreek moet word, dat skoolverlaters toegerus moet word met werksgereed-digitale vaardighede. Programme word vereis om diegene wat deur digitale tegnologie verplaas is nuwe vaardighede te leer, asook om voortgesette vaardighedsopskerping in die werkplek te verskaf, insluitend in die regering self, waar die oorgang tot digitale regering sodanige vaardighedsopgradering verg.

Vaardigheidsgapings in die plaaslike mark is een van die grootste struikelblokke waarmee baie bedrywe stoei ten opsigte van die aanvaarding van toepaslike tegnologie. Vir beide die regering en besighede is daar 'n beduidende geleentheid in verstewiging van veel-belanghebbende samewerking om korporatiewe vaardighedsvernuwing en vaardighedsverbetering van werknemers te bevorder.

Dit word toenemend uitdagend, met erge fiskale beperkings regoor die openbare sektor, om die fondse te verskaf vir die hele waardeketting vir die vaardighedsontwikkeling-verskaffingspyplyn. Dit sal meer vennootskappe tot indiensneming benodig deur die gehalte en die fokus van ons akademiese instellings te beïnvloed, terwyl daar ook met ander regerings-, bedryfs-, en gemeenskapsvennote saamgewerk word en finansieel bygedra word tot die artikulasie van die jeug wat sal lei tot groter indiensneembaarheid.

Om bogenoemde uitdagings en geleenthede om die vaardigheidsekosistels te versterk aan te spreek, moet vaardighedsontwikkeling nie gesien word, of verskaf word, in isolasie nie: dit verg gesamentlike oplossings tussen vennote om leer in die werkplek te ondersteun (internskappe, vakleerlingskappe, leerderskappe en ander vorms van leer in die werkplek). Dit is 'n manier om ordentlike werk te bevorder, produktiwiteit te verbeter, indiensneminggroei te stimuleer en bevordering van ekonomiese en maatskaplike ontwikkeling.

Die Provinsiale Vaardigheids- en Vennootskaps-subprogram sal 'n bydrae lewer tot die verbetering van die vaardigheidsekosisteme deur vennootskappe te versterk, lewering deur samewerking met hoofregerings- en privaatsektorbelanghebbendes en skaredeelname ten opsigte van finansiële en nie-finansiële hulpbronne ter ondersteuning van 'n sterker provinsiale arbeidsmag.

Departement van Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme – Jaarlikse Prestasieplan vir 2021/22

Die versterking van vennootskappe sal verweselik word deur die aandryf van skakelingsplatforms en samewerking wat skaredeelname van rolspelers regoor die vaardigheidsekosisteme sal aanwend om gesamentlike beplanning en wedersydse probleemoplossing te bevorder om die belyning te verbeter tussen aanvraag en aanbod van tegniese- en beroepsvaardighede om aan die vaardigheidsbehoefte van geprioritiseerde ekonomiese groeigebiede in die Wes-Kaap te voldoen.

Dit sal gedoen word deur die aandryf van vennootskappe as 'n manier om “hulpbronne te mobiliseer en die grootste moontlike impak te maak” op indiensneming vir mense sonder werk deur versnelling van vaardigheidsverskaffing en werkplasinginisiatiewe.

Ons sal 'n “vennootskappe vir indiensneming” model aandryf om 'n positiewe bydrae te maak tot die verhoogde toegang tot internskappe en vaardigheidsprogramme en toegang tot vaardigheidsgeleenthede wat gefokus is op digitale en verwante vaardighede wat regoor verskeie sektore benodig word.

Die Program sal vennootskappe versterk met die drie (3) vlakke van die regering, insluitend die Nasionale Departement van Hoër Onderwys en Opleiding (DHOO), SETA's, Akademia, (basiese onderwys en naskoolse onderwys, Instellings vir Hoër Onderwys, TVET en gemeenskapskolleges), privaatsektor en ander hoofrolspelers om die vaardigheidsekosisteme te verbeter om roetes na indiensneming te bevorder en arbeidsmaguitdagings aan te spreek wat ekonomiese groei en produktiwiteit in die provinsie sal ondersteun.

Dit sal ook van ons vereis om voorspraak te maak vir sistemiese verandering regoor die vaardigheidsaanbodpylyn om kort-, medium- en langtermyn doelwitte aan te spreek om te verseker dat verskaffing belyning is met huidige en toekomstige vaardigheidsaanvraag van die groeisektore in die provinsie.

Ons werksaamhede is gemik op die voorsiening van vaardighede wat ooreenstem met die vaardigheidsaanvraag en bedryfsvereistes van hoof-groeisektore in die provinsie deur:

- Sentrering van ons werksaamhede regoor Programme binne die Departement en ook met mede-regeringsdepartemente, bedryfs- en streeksrolspelers om kardinale vaardighede te identifiseer wat vereis word regoor sektore en om gesamentlik vennote te ondersteun en buigsame opleidingsmodelle te ontwerp om die vaardigheidsgapings en sistemiese veranderings aan te spreek om groeisektore te ondersteun.
- Die aanvoer van betrokkenheidsplatforms vir belanghebbendes wat hoofsamewerkings tussen basiese onderwys, naskoolse opleiding en privaatsektor aandryf om te verseker dat die aanbod ooreenstem met die

bedryfsvereistes, die aanbod van digitale en ander kardinale vaardighede bevorder om te verseker dat aanbod in voeling is met toekomstige vaardigheidsaanvraag;

- Versterking van samewerking met ander Wes-Kaapse Regeringsdepartemente om vaardigheidswerksaamhede te integreer en programme te ondersteun wat werksplek-ervaring in die openbare dienste bevorder om die indiensneembaarheid van jeugdiges te verhoog; en
- Aanspreek van versperrings en vermindering van duplisering van werksaamhede deur vennote in die vaardigheidsekostelsel.

11.2.5 Subprogram 7.1: Hoofrisiko's

Uitkoms	Hoofrisiko	Risikovermindering
Verbeterde indiensneembaarheid van begunstigdes wat ondersteun word	Nie-verbintenis van Nasionale, provinsiale en streeksbelanghebbendes om plaaslike vaardigheidsuitdagings aan te spreek.	<ul style="list-style-type: none"> • Samewerking met provinsiale en streeksvennote om werksgeleenthede en/of opleidingsgeleenthede aan te bied met uitgang van die vaardigheidsingrypings wat deur die Departement ondersteun word. • Aangaan van formele ooreenkomste met tersaaklike nasionale, provinsiale en plaaslike belanghebbendes om finansiële en nie-finansiële ondersteuning te bevestig. • Ontwikkel 'n provinsiale vaardigheidsekostelsel-databank wat huidige en toekomstige aanvraag en aanbod uitstippel.

11.3 SUBPROGRAM 7.2: VAARDIGHEIDSPROGRAMME EN PROJEKTE

11.3.1 Doel

Om toegang tot werksgeleenthede vir werklose jongmense en jeugdiges wat nie genoegsame werk het nie, te fasiliteer /ondersteun.

11.3.2 Sub-program 7.2: Uitkomste, Uitsette, Prestasie-aanwysers en Teikens

Jaarlikse Teikens				

Verbeterde indiensneem- baarheid van begunstigdes ondersteun	Begunstigdes ondersteun deur vaardigheids- ingrypings	7.3 Getal begunstigdes ondersteun deur vaardigheids- ingrypings	Nuwe aanwyser	Nuwe aanwyser	Nuwe aanwyser	1 500	1 400	2 500	4 000

11.3.3 Subprogram 7.2: Aanwysers, Jaarlikse en Kwartaallikse Teikens

	Jaarlikse				K4
					K4
7.3 Getal begunstigdes ondersteun deur vaardigheidsingrypings	1 400	300	500	400	200

11.3.4 Verduideliking van beplande prestasie oor die mediumtermyn-tydperk

Die Covid-19 pandemie het beduidende uitdagings vir die onderwys- en opleidingsektore. Die pandemie het die ekonomie ontstig wat betref die sektore, werksgeleenthede, die aard van werk, indiensneming, en die lewering van vaardigheidsontwikkeling in die onderwys- en opleiding-omgewing regoor die hele vaardigheidsaanbodpylyn wat 'n impak het op basiese onderwys, naskoolse onderwys en die werkplek.

4IR vaardighede bied uitdagings asook geleenthede wat ons moet aangryp and aanspreek met die vaardigheidspylyn langs, van Vroeë Kind-ontwikkeling (VKO) vlak sowel as opgradering van die vaardighede van die huidige arbeidsmag om te verseker dat hulle die vaardighede het wat in die toekoms in die werksplek vereis sal word.

Die toename in jeug-werkloosheid demonstreer voorts dat nuwe toetreders tot die arbeidsmark nie die vereiste vermoëns vertoon wat hulle in staat sal stel om hulle plekke te kan volstaan in 'n ekonomie wat vaardigheidstekorte ervaar nie.

Werkloosheid onder jongmense beteken dat hulle 'n agterstand ontwikkel ten opsigte van geleenthede om hulle vaardighede uit te brei en opgeneem te word in die ekonomie. Dit is vererger deur die onvermoë van jongmense, selfs wanneer hulle 'n werk het, om die toepaslike vlak van interpersoonlike interaksie te vertoon om in te pas en hulle werk te behou. Hierdie onvermoë is deels te wyte aan die feit dat hulle "sosiaal onvoldoende voorbereide jongmense" is, en deels as gevolg van werkloosheid oor verskeie generasies heen en 'n gebrek aan deurslaggewende ouerlike kondisionering. Tesame met lae onderwysprestasie en hoë sekondere skooluitvalkoerse, bestaan daar 'n aanhoudend hoë werkloosheidskoers in die land en in die Wes-Kaap.

Die Subprogram is direk daarop gemik om toegang tot vaardigheidsgeleenthede, internskappe en vaardigheidsprogramme te verbeter, wat sal lei tot werkskepping en verhoogde indiënsneming van mense sonder werk deur versnelling van die vaardigheidsaanbod en werkplasinginisiatiewe.

Die Subprogram sal die leiding neem met die uitrol van die Streeksvaardighedefonds wat beoog om die vaardigheidsekostelsel te verbeter deur die strekwydte en skaal van vaardigheidsingrypings te ondersteun en te vergroot. Hierdie ingryping sal gemik wees op die aanbod van relevante vaardighede vir die huidige en toekomstige aanvraag van prioriteitesektore in die Wes-Kaap. Die fonds sal 'n streeksvoetspoor hê wat ontstaan uit ons gevestigde streeksbetrokkendheidsstrukture, aangedryf deur die Subprogram-vennootskap: Provinsiale Vaardighede.

Die Subprogram fokus op die aandryf van die programmatiese korttermyn-ingrypings wat ten doel het om die Program se uitkomste en vyfjaarteiken te fasiliteer deur die implementering van opleidings- en werkplasingseleenthede wat alle vaardigheidsingrypings insluit, d.i. geakkrediteerde en niegeakkrediteerde opleiding, werkplasinge, internskappe, vakleerlingskappe en leerlingskappe wat daartoe sal lei dat mense beter toegerus is om in diens geneem te word in ooreenstemming met die huidige en toekomstige vaardigheidsaanvraag van die bedryf om jeugindiënsneming en ekonomiese produktiwiteit te verhoog.

Vaardigheidsingrypings sal gefokus word op toetreding tot hoëvlakvaardighede wat belyn is met die sektorale en katalitiese vaardigheidsvereistes in ooreenstemming met ruimtelike- en streeksbehoefte, en sal ook fokus op dwarssnijdende vaardigheidsingrypings om die gehalte van die aanbod en akademiese vlakke van jongmense wat nie in Indiënsneming, Onderwys en Opleiding (NIOO) verkeer nie, te verbeter sodat hulle toegang kan verkry tot relevante opvoedkundige kwalifikasies en werkplekondervinding.

Die Fonds sal dus die bevordering van mense in die Provinsie aandryf om die vereiste grondslagonderwys en vaardighede te bekom wat nodig is om aktief deel te neem aan, en by te dra tot, die ekonomie van die Wes-Kaap, veral wat betref verskeie dwarssnijdende vaardighede soos digitale vaardighede en tegniese en beroepsvaardighede wat jongmense vir die arbeidsmark van die toekoms voorberei. Hierdie ingrypings kan gemik word op matrikulante en gegradueerdes wat nuwe relevante vaardighede kan aanleer asook as om toegang te verleen tot ambagsopleiding en werkplekgebaseerde geleenthede vir jeugdige NIOO's. Hoofaktiwiteite waarop die Program sal fokus sluit in die staatsbestuur van die Fonds, die soeke na vennote en mede-befondsing wat sal bydra tot die bekendstelling van die Fonds.

Dit sluit ook in die bestuur van die fondsaktiwiteite, projekoorsig vir alle suksesvolle befondste vaardigheidsinisiatiewe en nuwe samewerking met die Subprogram: Vaardigheidsaansporings om vennote insluitende die bedryf te vind vir die bekendstelling en ondersteuning van die projek. Projekoorsig in terme van doeltreffende Monitering en Evaluering (M & E) sal in plek gestel moet word om te verseker dat die uitkomste van die Fonds behaal word in terme van die uitkomsmaatstawwe.

Die DEOT het 'n vennootskap aangegaan met die Chrysalis Akademie en die Departement van Gemeenskapsveiligheid om saam by te dra tot die VIP's vir Groei en Werkseleenthede, en Veilige en Hegte Gemeenskappe om die ontwikkeling van 'n mededingende arbeidsmag te fasiliteer.

'n Aanvraaggeleide model sal ontwikkel word in samewerking met die "Youth-at-risk Gegradueerde Werkplasingprogram" sodat 80% van gegradueerdes (oor vyf jaar) opgeneem sal word in indiensneming, werkplasing en/of verdere opvoedingsgeleenthede.

11.3.5 Subprogram 7.2: Hoofrisiko's

Verbeterde indiensneembaarheid van begunstigdes ondersteun	Vakkeuse nie toepaslik nie en gebrek aan grondslagvaardighede	Beroepsbewustheid, vakkeuse om toegang tot tegniese en beroepsvaardighede te verbeter
	Gebrek aan bedrywe om werkplasing van jongmense te ondersteun	Streeksbenadering tot vaardigheidsingrypings
	Covid-19 mag impak hê op firmas se opname van interns	Verhoog die aantal firmas en sektore binne die oorhoofse strategie van die departement.
	Afname in begrotings	Meer intensiewe pogings om befondsing te hefboom ter ondersteuning van vaardigheidsontwikkelingsinisiatiewe

11.4 SUBPROGRAM 7.3: VAARDIGHEIDSAANPORINGS

11.4.1 Doel

Om befondingsgeleenthede met die vaardigheidspyplyn langs te hefboom.

11.4.2 Subprogram 7.3: Uitkomst, Uitsette, Prestasie-aanwysers en Teikens

			Jaarlikse Teikens						
Verbeterde indiensneembaarheid van begunstigdes ondersteun	Fondse gehefboom	7.4 Waarde van fondse gehefboom	Nuwe	Nuwe	Nuwe	R50m	R40m	R50m	R50m

--	--	--	--	--	--	--	--	--	--

11.4.3 Subprogram 7.3: Aanwyser, Jaarlikse en Kwartaallikse Teikens Teikens Indicators

	Jaarlikse				
7.4 Value of funds leveraged	R40m	-	-	-	R40m

11.4.4 Verduideliking van beplande prestasie oor die mediumtermyn-tydperk

Die doel van die Subprogram: Vaardigheidsaansporings is om fondse te lok en toegang daartoe te verkry om die werkseleentheid- en vaardigheidseksposisies in die ekonomiese prioriteitsektore in die Provinsie te ondersteun. Die hoofgebiede van lewering vir die Subprogram: Vaardigheidsaansporings is:

- Die vestiging en koördinerende van verhoudings vir vaardigheidsbefondsing;
- Die hefboom van vaardigheidsfondse.

Die Subprogram: Vaardigheidsaansporings sal ook die vaardigheidsprogram se beoogde Streeksvaardighedefonds (SVF) ondersteun deur die verkryging van befondsing uit die privaatsektor, provinsiale, nasionale en internasionale befondse.

Vaardigheidsaansporings skakel met die NOP se hoofleweringsdoelwit vir Prioriteit 2 (vinniger en inklusiewer ekonomiese groei). Hoof-NOP gebiede in Vaardigheidsaansporings sal onder andere skakel met:

- Belastingaansporings en aansporings aan werkgewers om die insetkoste van die huur van jong toetreders tot die arbeidsmark te verminder;

- Toegang tot studiegeleenthede;
- Lewering van vakmanne; en
- Koördinerings en samewerking met die sakewêreld, die akademiese wêreld en die Regering om voorstelle te ontwikkel om werkloosheid onder die jeug te verminder.

Die doel van die Nasionale Jeugbeleid (NJB) 2020 is om jeuginisiatiewe te konsolideer wat die vermoëns van jongmense om die ekonomie en die samelewing te omvorm verbeter. Vaardigheidsaansporings streef in die lang termyn daarna, deur gehefboomde fondse vir vaardigheidsingrypings, om jongmense se kapasiteit te bou om beheer te neem oor hulle eie welsyn deur hulle bates op te bou en hulle potensiaal te verwesenslik.

Samewerking en mede-befondsing rondom vaardigheidsaansporings ondersteun DEOT se Herstelwit om "n instaatstellende omgewing te skep vir werkskepping, hoofsaaklik deur ondersteuning van die privaatsektor en markte, om sodoende welsyn en veiligheid te verbeter". Die befondsingsvoorstelle sal gemik wees op die vermeerdering van werksgeleenthede en vaardighede, hoofsaaklik vir mense sonder werk.

Vaardigheidsaansporings sal belyning fasiliteer, wanneer fondse gehefboom word, met die Departement se "onmiddellike ingryping" strategiese doelwit om werkgeleenthede en vaardighede vir mense sonder werk te vermeerder. Samewerking vir die transformasie in terme van gender en gestremdheid van jeugdiges in verskeie vaardigheidsprogramme sal geïnisieer word.

Die vaardigheidsbefondsings-ekostelsel het verminderde fondse as gevolg van die impak van die Covid-19 pandemie en die afplating van die ekonomie. Voor Covid-19, was die Vaardigheidsheffing insameling vir die 2020/21 boekjaar 'n geskatte R19.4 miljard. Die geskatte verlies vir die stelsel as gevolg van die vier-maande lange Vaardigheidsheffing-vakansie was R6.4 miljard. Die implikasies van Covid-19 vir befonders en maatskappye vir DEOT om ondersteunende vennootskappe met hulle aan te gaan, is gesetel in die Vaardigheidsaansporings se pogings om waardetoevoegende mede-befondsde modelle vir samewerking te skep.

Hierbenewens sal meer intensiewe pogings aangewend word om vennote met die vaardigheidswaardeketting langs te identifiseer as mede-befonders van deurslaggewende streeks- vaardigheidsprogramme. Dit sal insluit die fasilitering van innoverende mikro-onderneming-ingrypings, wat gedeeltelik op besigheidseleenthede kan kapitaliseer as gevolg van die pandemie.

11.4.5 Sub-program 7.3: Hoofrisiko's

Uitkomst		

<p>Verbeterde indiensneembaarheid van begunstigdes ondersteun</p>	<p>Somtyds stadige opname deur bedryf/befondsers om befonding vir vaardigheidsinisiatiewe en werksplasing vir jongmense te ondersteun as gevolg van swak ekonomiese klimaat of wanpassing in hulle befondingsportefeulje.</p> <p>Die inkrimp van befondingsbronne as gevolg van die oorhoofse ekonomiese afplating en die effek van Covid-19 pandemie op werksverliese.</p>	<p>Databenadering om met bedryf in gesprek te tree oor vaardighede.</p> <p>Fokus op verhandelbare sektore en sektore wat vereis dat skaars en kardinale vaardigheids-gaping oorbrug moet word.</p> <p>Streeksbenadering tot vaardigheidsingrypings.</p> <p>Mede-ontwikkel vaardigheidsingrypings met bedryf en opleidingsinstansies.</p>
---	---	--

11.4.6 Programhulpbronorwegings

Begrotingstoewysing vir programme en Subprogramme

					Gewysigde begroting	Hersiene				
1. Provinsiale Vaardighede en Vennootskap	17 322	33 258	14 918	7 882	6 980	6 980	4 940	4 931	5 046	
2. Vaardigheids-programme en Projekte	42 381	35 124	47 875	71 782	69 381	69 381	61 769	67 220	67 427	
3. Vaardigheids-aansporing	1 470	1 740	2 262	4 481	3 558	3 558	3 654	3 728	3 779	
Totale Betalings	61 173	70 122	65 055	84 145	79 919	79 919	70 363	75 879	76 252	
Ekonomiese klassifikasie										
Lopende betalings	50 236	56 746	42 123	22 849	14 043	14 043	18 923	22 930	19 666	
Vergoeding van werknemers	14 078	15 113	14 969	14 930	10 475	10 475	12 553	11 825	11 769	
Goedere endienste	36 158	41 633	27 154	7 919	3 568	3 568	6 370	11 105	7 897	
Rente en huur van grond										
Oordrag en subsidies aan	10 269	12 952	22 873	61 282	65 482	65 482	51 440	52 949	56 586	
Provinsies en munisipaliteite			164	500	500	500				

Sagteware en ander ontasbare bates	649	409	59		380	380			
Betalings vir finansiële bates	14								
Totale ekonomiese klassifikasie	61 173	70 122	65 055	84 145	79 919	79 919	70 363	75 879	76 252

Verduideliking van die bydraes van hulpbronne tot die behaal van uitsette

Vaardigheidsontwikkeling is verhoog tot 'n VIP-prioriteit en derhalwe is programmatiese uitsette en uitkomste verwant aan vaardigheidsontwikkeling beduidend uitgebrei oor die vorige vyfjaar-strategiese plan. Begrotingsinkortings teenoor die vorige boekjaar het egter 'n marginale afname veroorsaak in begunstigdes wat ondersteun is en befondsing van gehefboomde uitsette. Die toename in die diepte, breedte en gesofistikeerdheid van vaardigheidsuitsette en uitkomste vereis meer personeel om hoër teikens te kan behaal. Binne die konteks van die fiskale beperkings waarmee die Regering as geheel te kampe het, sal die Program kreatiewe maniere ondersoek om sy menslike hulpbron-vermoëns aan te vul. Dit sluit in, maar is nie beperk nie, tot outomatiseringstelsels, herevaluering van die toepaslikheid van die huidige organogram van die Hoofdirekoraat en kreatiewe ondersoek na uitkontrakteringsmodelle wat na ekonomiese doeltreffendheid sal lei.

Begrotingsbeperkings sal 'n ernstige impak hê op die mate waartoe die program die vyfjaar-teikens kan behaal. Die program sal sy pogings verhoog om meer deelnemers te vind vir hefbooming van fondse maar dit is onwaarskynlik dat gehefboomde fondse die tekort in bewilligde fondse sal vul wat nodig is om die vaardigheidsgaping in ons arbeidsmag of jeugwerkloosheid genoegsaam aan te spreek nie. Dit is voorts ook waarskynlik dat die afname in bewilligde fondse 'n negatiewe impak sal hê op die mate waartoe die program hefboomfondse kan verkry.

12. BYGEWERKTE HOOFRISIKO'S EN RISIKOVERMINDERINGS UIT DIE STRATEGIESE PLAN

Verhoogde Randwaarde van belegging	Ekonomiese potensiaal vir werkskepping en BNP-groei word nie verwezenlik nie weens gebrek aan beleggers in infrastruktuur Beleggingsklimaat bly steeds konserwatief of word ongunstiger weens ekonomiese onsekerheid en kontroversiële Nasionale beleidsbesluite.	Doen voorspraak by Naionale Regering om beleggersonvriendelike beleidsbenaderings te wysig (GVSD) Bevorder Wes-Kaap as 'n beleggingsbestemming van keuse op die vasteland van Afrika.
Verhoogde uitvoere	Wanbelyning van prioriteite onder belanghebbendes, regeringsdepartemente, entiteite en bedrywe.	Monitering en evaluering, oorsig oor entiteite en bestuur van belanghebbendes
	Ontoereikende professionele kapasiteit in terme van sektorale ontwikkeling.	Vermeerder projekbestuur-ondersteuningskapasiteit in die program.
	Stelselverlies aan aanbod as gevolg van Covid-19 mag aanleiding gee tot 'n verslegtende persepsie van 'n gebrek aan diverse aanbiedinge en onderontwikkelde produkaanbiedinge vir die Wes-Kaap, wat daartoe kan	Oudit van alle toerismeprodukte en dienste voltooi vir die hele provinsie, wat geleenthede, leemtes en uitdagings vir verhoogde toerisme identifiseer. Implementering van 'n toerismeherstelplan.

	<p>lei dat minder toeriste die bestemming aantreklik vind wat 'n negatiewe impak op besteding kan hê.</p>	
<p>Verbeterde Toerisme-veiligheid</p>	<p>Daar is toenemende veiligheidsbekommernisse aangaande aanvalle by strande, berge, parke en ander toeristebrandpunte. Tesame met verhoogde bekommernisse oor persoonlike gesondheid en welsyn mag dit toerismegroei ondermyn.</p>	<p>Die Departement sal fokus op die verbetering van toeristeveiligheid met die daarstelling en inwerkingstelling van 'n Toerismeveiligheidseenheid om veiligheid te verbeter en maatreëls in te stel om die persepsie van veiligheidsrisiko's in die Kaapstad-SBD en ander toerismebrandpunte te verbeter.</p> <p>Verskeie ingrypings met betrekking tot toerismeveiligheid en besoekers se persepsies sal ook geïmplementeer word om die persepsie van die bestemming globaal gesproke te verbeter. Die Departement sal voortgaan om die bedryf te ondersteun in die implementering van Covid-19 gesondheids- en veiligheidsprotokolle</p>
<p>Verhoogde indiensneembaarheid van begunstigdes ondersteun</p>	<p>Hoë uitvalkoers van begunstigdes lei tot minder jongmense en volwassenes wat hulle indiensneembaarheid verhoog.</p>	<p>Werk saam met maatskappye wat werksgeleenthede en/of opleidingsgeleenthede by uitgang van die werkervaringskomponent aanbied om werksbehoud te verhoog.</p> <p>Projekbestuurders moet maatskappye en begunstigdes se prestasie moniteer.</p> <p>Mentorskap deur Gasheermaatskappy in die werksplek.</p> <p>Verbeterde passing van jeugtalent en vaardighede by die bedryfsaanvraag na vaardighede.</p>

*Vervolg op volgende
bladsy*

Verbeterde GVSD	<p>Gebrek aan verbintenis en/of deelname deur Provinsiale en Nasionale Staatsdepartemente (en hulle agentskappe, openbare entiteite en reguleerders) en/of munisipaliteite, om of rompslompvermindering of bevordering van GVSD te aanvaar as'n voorvereiste vir ekonomiese groei en werkskepping of om implementeringsplanne in werking te stel om sakefrontdienste en die sake/regulatoriese omgewing binne hulle onderskeie gebiede van jurisdiksie te verbeter.</p>	<p>Verkry formele verbintenis d.m.v. betydse en voortgesette raadpleging met leierskap en departemente en munisipaliteite.</p> <p>Gereelde kommunikasie met departemente en munisipaliteite om hulle op hoogte te hou van ontwikkelings.</p> <p>Gee betyds kennis van beoogde implementering en moontlike veranderings.</p>
Hulpbronveerkragtigheid van die ekonomie verbeter	<p>Ten spyte van die waterkrisis wat steeds in die Sentraal-Karoo bestaan (met 'n beduidende impak op die landbousektor en munisipaliteite in die gebied) het die waterveerkragtigheidsuitdaging vir baie mense 'n minder dringende kwessie geword. Met die laaste waterkrisis wat baie vinnig toegeslaan het en klimaatsveranderingprojeksies wat die toekomstige impak op die Wes-Kaap duidelik aandui en beraamde bevolkings- en ekonomiese groei, hou die verminderde dringendheid van waterveerkragtigheid 'n risiko in vir die ekonomie - in terme van toekomstige watervoorsieningsekerheid en waterprysvastelling wat sakebelegging en sakevertroue in die kortermyn sal affekteer en sakewinsgewendheid en -mededingendheid in die kort-, medium- en langtermyn.</p>	<p>Ondersteun besighede in hulle waterveerkragtigheidswerk om die veerkragtigheid van die ekonomie ten opsigte van toekomstige watertekorte te verbeter.</p> <p>Ondersteun die watersektor met die oog op instaatstelling van plaaslike produksie en markinligting en verskaffing van tegnologieë, produkte en dienste wat verbeterde waterveerkragtigheid en verbeterde munisipale watervoorsiening en bestuur sal ondersteun.</p>

		<p>Ondersteun getuienisgebaseerde navorsing wat die provinsie in staat stel om wat waterveerkragtigheid betref 'n beter balans te kan handhaaf tussen landbou en stedelike behoeftes, ekonomiese en residensiële behoeftes en tussen munisipaliteite.</p> <p>Werk saam met munisipaliteite, WKR en Nasionale Regering om ten einde beter begrip te bewerkstellig ten opsigte van die impak van gedentraliseerde watervoorsieningstelsels en verbeterde waterveerkragtigheid op hulle belastinginkomste.</p>
